# DIE MOOISTE VERHALE IN DIE WÊRELD

*Oorvertel deur*
ANNE DE VRIES
*en*
ALIDA GELDENHUYS

# DIE MOOISTE

# VERHALE IN DIE

# WÊRELD

*Oorvertel deur*

ANNE DE VRIES

*en*

ALIDA GELDENHUYS

2



Wanneer ons saans klaar gespeel het, gaan ons bed toe. Maar voordat ons gaan slaap, vertel Pappie of Mammie (of miskien Oupa of Ouma) eers vir ons mooi stories. Die mooiste van al dié stories is die van die Here Jesus.



Toe Jan van Riebeeck baie, baie jare gelede met 'n klein seilskippie na ons land gekom het, was hier nog geen ander witmense nie. Hy het begin om die wilde wêreld mak te maak sodat ons almal nou veilig hier kan woon.


Wat dink julle was die belangrikste ding wat hy in die skippie saam met hom gebring het? Geld? Klere? 'n Geweer? Allerhande kos?

Nee! Die beste en belangrikste ding wat Jan van Riebeeck saam met hom uit Holland in die seilskippie gebring het, was die Bybel. Dit het hom en baie ander van ons voorvaders gehelp om die mooi en die goeie dinge in die lewe te soek. En as almal in ons land vandag luister na wat die Here ons deur die Bybel leer, sal ons 'n gelukkige en

'n goeie volk wees.



President Paul Kruger, ons groot volksleier, het toe hy 'n jong seuntjie was, graag geluister na die mooi verhale wat in hierdie boek vertel word. Toe hy groter geword het, het hy self die verhale in die Bybel gelees. En toe hy eindelik 'n groot man en president was, het hy nog altyd elke dag die Bybel gelees en die Here aanbid. Daarom was hy so 'n dapper en goeie man.



Wat is mooier as kleurryke blomme met die helder doudruppels daarop?

Ek weet! Die mooiste van alles is 'n kindjie wie se hartjie skoon en rein is soos die blomme in ons tuin.

6

## VOORWOORD VIR OUERS EN ONDERWYSERS

SOOS U dadelik sal merk, is hierdie boek met uitgesoekte verhale uit die Ou- en die Nuwe Testament, heeltemal iets anders as gewone kinderbybels.

In die eerste plek is daarna gestrewe om die verhale op so 'n wyse te vertel dat selfs kinders van vier jaar dit kan verstaan, maar dat terselfdertyd die verhale ook vir ouer kinders en selfs vir volwassenes boeiend en leersaam moet wees.

In die tweede plek is die boek so saamgestel dat dit vir oud en jonk 'n duidelike en oortuigende antwoord op die groot lewensvrae gee — die ondubbelsinnige Christelike antwoord. Dit is dus 'n boek met 'n boodskap en wel in so 'n vorm dat dit vir oud en jonk diep sal raak.

In die derde plek is gepoog om die verhale sowel as die belangrikste geestelike waarhede deur middel van 'n groot verskeidenheid illustrasies aanskoulik voor te stel. Daar is doelbewus van die gewone gebruik om illustrasies van slegs een kunstenaar te gebruik afgesien. Van 'n ryke verskeidenheid skilderye en tekeninge van verskillende kunstenaars is gebruik gemaak. Geen enkele kunstenaar kan, wat Bybelse temas betref, ooit almal bevredig nie. Daarom het ons van afdrukke van klassieke skilderye van die afgelope drie eeue gebruik gemaak sowel as van hedendaagse tekeninge. Ons glo dat deur hierdie metode kinders en volwassenes wat die boek lees, teen eensydige indrukke gevrywaar sal word. Waar die een kunstenaar byvoorbeeld sy onderwerp te sentimenteel benader, beklemtoon 'n ander weer die manliker en kragtiger elemente.

Die mooi kleurplate van nie-Bybelse temas is, met die passende woorde, ingevoeg met die doel om die jong lesers te help om die praktiese waarde en betekenis van die boek te laat besef. Ons glo dat dit veel sal bydra om kinders te leer dat wat hulle in dié boek lees nie maar net mooi stories is nie, maar dat godsdiens die mees praktiese, die mooiste en die sterkste ding op aarde is.

In hierdie boek is daar na gestrewe om deur middel van die prente, byskrifte en verhale die groot en grondliggende feite en beginsels van die Christelike geloof helder en boeiend tot die kinders (van vier jaar en ouer) te laat spreek.

Dit is ons bede en vertroue dat hierdie boek veel vreugde in duisende huise sal bring.

DIE UITGEWERS.



**Inhoudsopgawe**

**VOORWOORD VIR OUERS EN ONDERWYSERS........................................................ 7**

**Die Ou Testament ........................................................................................................... 9**

1. WAAR ALLES VANDAAN KOM .......................................................................... 10

2. DIE EERSTE MENSE ..................................................................................... 12

3. DIE EERSTE TWEE BROERS ........................................................................... 15

4. WATER OOR DIE WÊRELD ........................................................................................ 18

5. 'N BAIE LANG PAD ................................................................................................ 21

6. DRIE MANNE IN WIT KLERE ..................................................................................... 24

7. VERDWAAL IN DIE WOESTYN .................................................................................. 27

8. VIR WIE WAS HY DIE LIEFSTE? ............................................................................. 30

9. DIE TWEE BROERS ............................................................................................... 33

10. DIE WYE WÊRELD IN .......................................................................................... 38

11. JAKOB KOM TERUG ............................................................................................ 40

12. DIE SEUNS WAT VIR HUL VADER GEJOK HET ................................................... 42

13. 'N GOEIE MAN GAAN TRONK TOE ..................................................................... 46

14. 'N GOEIE MAN WORD BELOON ............................................................................ 49

15. DIE BROERS GAAN NA EGIPTE .......................................................................... 50

16. JAKOB TREK WEER
........................................................................................ 54

17. MOSES
...........................................................................................
............... 55

18. MOSES WORD 'N
PRINS..............................................................................
60

19. MOSES WORD SKAAPWAGTER
.................................................................... 62

20. MOSES BY DIE SLEGTE KONING
.................................................................. 63

21. DWARSDEUR DIE SEE
.................................................................................... 69

22. DEUR DIE WOESTYN
....................................................................................... 72

23. DIE GOUE KALF
...........................................................................................
. 76

24. BYNA IN DIE MOOI LAND
.................................................................................. 78

25. OP REIS DEUR DIE WOESTYN
.................................................................... 80

26. MOSES GAAN NA DIE HEMEL
...................................................................... 83

27. RAGAB
...........................................................................................

............... 84

28. JÉRIGO ........................................................................................................ 87

29. GIDEON ..................................................................................................... 89

30. RUT ............................................................................................................. 92

31. SAMUEL ...................................................................................................... 96

32. DAWID ........................................................................................................ 102

33. DAWID GAAN NA DIE KONING ........................................................................ 105

34. DAWID EN REUS GÓLIAT ............................................................................... 106

35. DAWID MOET VLUG ....................................................................................... 109

36. ONS MOET ONS VYANDE LIEFHE .................................................................. 111

37. DIE SPIES EN DIE KRUIK ................................................................................ 113

38. DAWID WORD KONING
...................................................................................... 116

39. DIE OPSTANDIGE SEUN, ABSALOM
................................................................... 117

40. KONING SALOMO
........................................................................................
120

41. ELIA EN DIE SLEGTE KONING AGAB
................................................................. 123

42. ELIA BY DIE VROU IN DIE VER LAND
................................................................. 125

43. ELIA EN DIE SLEGTE PRIESTERS
...................................................................... 127

44. RYK EN TOG ARM
........................................................................................
131

45. JONA
...........................................................................................
................ 134

46. DIE GOEIE KONING HISKIA
................................................................................ 137

47. IN DIE LAND BABEL
........................................................................................... 140


48. IN DIE VURIGE OOND
........................................................................................ 142

49. DANIËL IN DIE LEEUKUIL
................................................................................... 144

50. EN TOE HET DIE SALIGMAKER GEKOM
........................................................... 147



**Die Ou Testament**





***1. WAAR ALLES VANDAAN KOM***

Kom luister nou mooi, kleinspan. Ek wil julle graag vertel wie

ons groot wereld en alles wat daarop is, gemaak het.

Weet julle miskien waar julle kos vandaan kom? Daardie

lekker toebroodjies wat julle vanoggend nog geëet het?

Ja, julle mammie het die toebroodjies gemaak. Maar die

brood het sy by die bakker gekoop. Miskien het sy dit self gebak. Brood word mos van meel gebak.

Die meel kom van die meulenaar af. Hy het koring gemaal om die meel te kry. Die koring het hy by die boere gekoop.

Die boer het die koring op sy lande geoes.

Maar *wie* het die koring daar laat groei?

Die Here.

En as die Here dit nie gedoen het nie, dan het die boer glad

nie koring gehad nie. Die meulenaar sou geen meel gehad

het nie. En die bakker kon dan nie brood gebak het nie. En

so sou julle mammie nie die heerlike toebroodjies vir julle kon gemaak het nie.

Verstaan julle nou dat julle toebroodjies eintlik van die Here

af kom? En al julle ander kossies ook.

Ook die skulpies van die

see leer ons hoe

Daarom sê ons elke dag met 'n dankbare hartjie: "Dankie, wonderlik die Here is.

liewe Jesus, vir ons lekker kos. Amen."

Ons huis kom ook van die Here af.

Ja, dis waar, die messelaar het dit gebou. Van stene en hout en baie ander dinge.

Maar die stene word van klei gemaak. Die klei kom uit die grond uit. En *wie* het die grond gemaak — die hele aarde, so ver soos jy kan sien?

Die Here.

Die hout word van 'n boom gesaag. Maar *wie* het die boom laat groei?

Die Here.





En as die Here dit alles nie gedoen het nie, sou julle geen huis gehad het nie.

So is dit dan met al die dinge. Alles kom van die Here af. Ja, alles kom van God af. Dit is die ander naam waarby ons die Here, ons Hemelse Vader, noem.

God het alles gemaak: Die aarde waarop ons woon; die hemel waar Hy self woon. En vir ons ook. Ja, God het *jou* ook gemaak!

Toe jy nog baie klein was, het jou mamma en pappa jou van God gekry. Sommer 'n ou klein babetjie was jy toe nog.

Maar God het gesorg dat jy, net soos 'n plantjie, ook groei. En kyk hoe groot is jy nou al!

Maar jy moet nog meer groei. Ook daarvoor sal die Here sorg.

Dis Hy wat vir jou 'n huis gee en elke dag genoeg om te eet en aan te trek. Ook vir jou speelgoed en jou maatjies moet jy vir Hom baie dankie sê. Hy sorg so goed vir ons.

Hy is ons Vader wat in die hemel woon.

En nou wil ek julle vertel *hoe* God alles gemaak het.

Lank, lank gelede het God die hemel en die aarde gemaak. In die hemel was alles mooi en lig en bly. Daar het God met al die engeltjies gewoon. Die engeltjies het tog so pragtig gesing.

Maar op die aarde het nog niemand gewoon nie. Daar was dit nie mooi nie. Dit was stil en koud en heeltemal donker. Sommer pikdonker. Ook was die hele aarde toe onder water.

Maar toe het God gedink: "Ek wil die aarde ook mooi maak."

Toe sê Hy: "Laat daar lig wees."

En dadelik het dit lig geword. Net omdat God so gesê het, het dit lig geword. Want wat God sê, gebeur altyd.

Maar toe die aand kom, het dit weer donker geword. Dit moet so wees. Saans word dit mos altyd donker.

God het gesê: "As dit lig is, dan is dit dag

en as dit donker is, dan is dit nag."

Toe was die eerste dag verby.

Op die tweede dag het God met sy werk

aangegaan.

Hy sê toe: "Laat daar 'n blou lug bokant

die aarde wees."

Weer was dit so. Wit wolkies het bo in die

blou lug rondgedryf. Hoe mooi het dit tog

gelyk!

Toe het dit weer aand geword. Die tweede

dag was ook verby.

Maar tot nog toe was die hele aarde met

Pikkewyne. Een van die baie soorte voëls wat

water bedek. Op die derde dag het God dit

die Here gemaak het.

anders gemaak. Hy het ’n stuk van die

aarde laat droog word. Die water het Hy op

een plek bymekaar laat kom.

God het gesê: "Die droë grond is aarde en die water is die see."

Op die droë grond het God allerhande dinge laat groei: gras en blomme en bome. Die blomme het so pragtig gelyk en lekker geruik. Die gras was soos 'n groen tapyt. En die 11

bome het saggies heen en weer beweeg as die windjie daardeur waai.

Hoe mooi was die aarde toe alreeds. En elke dag het dit nog mooier geword.

Op die vierde dag het God die son gemaak. Die warm sonstrale het die blommetjies nog beter laat groei. Die wêreld was nou vol vriendelike, warm lig. En die beste van alles was dat dit in die nag ook nie meer so pikdonker was nie.

God het gesê: "Nou moet die son altyd bedags skyn en die maan snags."

Alles het net so gebeur.

Toe het die vyfde dag gekom. En weet julle wat God op daardie dag gemaak het?

Die visse en die voëls.

Die visse het heerlik in die water rondgeswem. Die voëls het lieflike liedjies bo in die bome gesing. Dit was asof alles God wou laat hoor hoe bly hulle was. Die wêreld was nou nog mooier omdat daar *lewe* gekom het.

God het die voëltjies geleer hoe hulle hul nessies moes maak. Ook moes hulle eiertjies daarin lê en daarop broei sodat daar baie babavoëltjies kon kom. Op dié manier sou die voëltjies al hoe meer word.

So het die vyfde dag verby gegaan.

Op die sesde dag het God nog die mooiste van alles gemaak. Eers het Hy die diere gemaak: Die perde en die beeste, die skape en die konyntjies, die ou groot olifant en die klein, klein muisie. Ja, alles het God gemaak.

En toe . . .

Toe sê God: "Nou wil Ek die mens maak. En die mens moet heeltemal anders as die diere wees. Die mens moet My leer ken en My lief hê. Ek sal vir hom 'n Vader wees."

So het God dan die eerste mens gemaak. Hy het die mens ook 'n naam gegee. Adam was sy naam.

God het vir hom gesê: "Adam, jy mag die baas wees oor alles wat Ek gemaak het: oor die diere en die visse en die voëls en die blomme. Ja, oor die hele aarde. Alles moet vir *jou* gehoorsaam wees. Maar jy moet vir *My* gehoorsaam wees."

Dit het Adam goed verstaan. Adam was eintlik soos 'n koning: die *koning* van die aarde.

Maar Adam was ook 'n kneg: die kneg van God. Ja, maar hy was ook die kind van die Here wat Hom baie, baie lief gehad het.

Nou was die sesde dag ook verby. Op die sewende dag het God van al sy werke gerus.


Alles wat op die aarde v/as, het God mooi en goed gemaak. En vir alles, ja ook vir elke kindjie, sorg Hy nog elke dag. Daarom wil ons vir Hom bid en dankie sê vir alles.

## *2. DIE EERSTE MENSE*

Adam het in 'n pragtige tuin gewoon. Helder blommetjies het oral tussen die groen gras gegroei. Die voëltjies het vrolike liedjies in die bome gesing. Aan die bome het die heerlikste vrugte gehang: druiwe en appels en nog baie meer. Ook die diere was lief en goed vir Adam. Al die diere was so mak. Hulle het Adam nooit seergemaak nie.

Dit was die mooiste tuin wat nog ooit op die aarde was. Weet julle wat dié tuin se naam was? Die Paradys. En weet julle wie ook nog in daardie tuin was? Die Here.

Hy het die tuin spesiaal vir Adam gemaak om gelukkig daarin te woon. Hy het so goed vir Adam gesorg. Net soos 'n vader vir sy kind, so het God vir hom gesorg. Hy wou graag hê 12



dat Adam baie gelukkig moes wees.

Terwyl Adam dan so in die tuin rondstap, het God soms met hom gepraat. Adam het sy stem gehoor. Dit het hom baie gelukkig gemaak. Van al die mooi dinge was dit nog die beste dat God so naby hom was.

Die hele tuin het aan Adam behoort. Van al die

heerlike vrugte mag hy geëet het soveel hy wou. Daar

was net één boom waarvan hy nie mag geëet het nie.

Dié boom het in die middel van die tuin gestaan en sy

naam was: die boom van kennis van goed en kwaad.

God het gesê: "Van al die bome mag jy eet; net van

die ene nie. As jy daarvan eet, sal jy moet gestraf

word."

Adam het goed geluister. Hy het altyd by daardie

boom verbygegaan. Hy wou nie ongehoorsaam wees

en die Here hartseer maak nie.

Op 'n sekere dag het God al die diere na Adam laat

kom, sodat hy vir elkeen 'n naam kon gee. Soos hy

hulle noem, so sou hulle name wees.

Twee-twee het hulle aangekom, 'n mannetjie en 'n wyfie, in 'n baie lang ry. Twee yslike groot diere het hy olifante genoem. Twee voëltjies met rooi borsies moes weer rooiborsies genoem word. Ook was daar twee leeus, twee skape en baie ander diere wat by hom verby gestap en hulle name gekry het.

Maar toe al die diere weer weg is, was Adam nie meer heeltemal so gelukkig nie. Hy was so

'n klein bietjie verdrietig. Want al die diere was twee-twee. Elke mannetjie het 'n vroutjie gehad. Elke dier het 'n maatjie, maar hy, Adam, was stokalleen.

Maar die Here het geweet wat in Adam se hart omgaan. Adam hoef dit nie eens vir Hom te gesê het nie.

God sê toe: "Dit is nie goed dat die mens so alleen is nie."

Hy laat Adam toe vas aan die slaap raak. En toe Adam wakker word, was daar 'n vrou by hom. Die vrou het God vir hom gemaak. Eva was haar naam.

Kan julle dink hoe bly Adam toe was? Nou was hy tog nie meer alleen nie. Hand aan hand het hulle twee deur die mooi tuin gestap. Hy het vir haar alles gaan wys. Ook die één boom waarvan hulle nie mag eet nie, het hy vir haar gewys.

Hierdie eerste twee mense was baie gelukkig. Hulle het nooit pyn gehad nie. Ook het hulle nooit siek geword nie. Nooit was hulle bang of hartseer nie. God was altyd baie naby hulle.

Hulle was die twee gelukkigste mense wat ooit op die aarde geleef het.

Maar op 'n sekere dag het alles meteens anders geword. En dit was hulle eie skuld.

Eendag het Eva alleen in die tuin rondgeloop. Toe sy by die boom kom waarvan hulle nie mag eet nie, hoor sy skielik 'n stem.

Wie se stem was dit?

Dit was nie Adam nie. Ook was dit nie God nie. Dit was iemand anders . . .

Kyk, dit was 'n slang. Met sy klein, blink ogies het hy na Eva gekyk. En *toe* sê hy: "Luister 'n bietjie hier . . . Is dit waar dat julle glad nie van hierdie tuin se vrugte mag eet nie? Het God dit vir julle gesê?"

"Nee," sê Eva, "ons mag van *d* die bome eet. Net van hierdie een boom mag ons nie eet nie.

Want dan gaan ons dood. Dit is wat God gesê het."

13

Toe maak die slang asof hy baie slim is. Hy fluister saggies vir haar: "O nee, julle sal nie doodgaan nie ...! God het wel so gesê, maar dis nie waar nie. Ek weet dat julle dan nog baie gelukkiger sal word. Julle sal net so slim en wonderlik soos God Self word. Luister maar gerus na my. Ek weet baie beter as die Here. Proe maar so 'n bietjie aan die vrugte . . ."

Vir die eerste keer kyk Eva nou baie goed na daardie vrugte. Hulle blink so pragtig in die son. Hulle ruik ook so heerlik. Ai, hulle sal

darem seker baie lekker smaak!

En toe doen sy dit. Sy pluk van die vrugte en eet ook daarvan. Toe gaan sy na Adam en gee ook vir hom daarvan. En waarlik, Adam eet ook die vrugte. God het hulle dit so belet en tog het hulle al twee daarvan geëet. Dit was baie verkeerd en 'n groot sonde.

Sommer baie gou het hulle geweet dat die slang vir hulle leuens vertel het. In hulle harte het hulle dit gevoel. Van toe af was hulle nie meer gelukkig nie. Hulle het baie hartseer en bang geword. Ook het hulle skaam geword. Vir die eerste keer sien hulle raak dat hulle kaal rondloop. Toe hulle harte nog mooi en gelukkig was, het dit hulle nooit gehinder nie. Gou-gou het hulle groot blare gepluk en daarmee vir hulle klere gemaak.

Kort daarna hoor hulle die stem van die Here. Voorheen was hulle alte bly as God mét hulle kom praat. Maar nou . . . nou het hulle baie bang geword. So vinnig soos hulle kon, het hulle weggehardloop. Diep onder die digte bosse het hulle gaan wegkruip. Hulle het gehoop dat God hulle nie daar sou kry nie.

Maar God het hulle tog gekry. Sommer vlakby hulle het Adam God se stem gehoor: "Waar is jy?" Toe moes hulle maar uitkom. Baie skaam het hulle daar voor die Here gestaan.

"Het julle van die boom geëet?" vra God vir hulle.

En Adam fluister: "Ja, Here, maar die slang het gesê dat ek daarvan moet eet . . ." So het hulle probeer verskoning maak, maar diep in hulle harte het hulle geweet dat hulle altwee 'n baie lelike en verkeerde ding gedoen het.

In plaas daarvan dat hulle die Here gehoorsaam was, het hulle na die stem van die grootste vyand van God wat deur die slang gepraat het, geluister.

Die naam van dié slegte vyand is die Satan. Hy was nie lief vir die Here nie en het altyd geprobeer om al God se mooi werke lelik te maak. En hy het dit daar in die Paradys reggekry. Want noudat Adam en Eva ongehoorsaam geword het, mag hulle nie meer so naby God bly nie. Hulle moes weg uit die mooi tuin.

En tog . . .

God het sy kinders nog liefgehad, al was hulle ongehoorsaam. Daarom beloof Hy hulle dat alles weer eendag sou regkom.

Hy het gesê dat Eva kindertjies sou kry. En eendag sal daar 'n Kindjie gebore word, wat baie sterker as die Satan is. Hy sal die Satan straf en sorg dat hy nie meer kan kwaad doen nie.

Van watter Kindjie het God gepraat?

Die Here Jesus.

As Hy eers gekom het, sou Hy weer die wêreld mooi maak. Dan mag die mense ook weer baie naby God woon — op 'n plek' wat nog heerliker as die Paradys is. In die hemel.

Ja, God het aangehou om sy kinders lief te hê, al was hulle stout en ongehoorsaam. Hy het nog altyd vir hulle gesorg. Van diervelle het Hy vir hulle rokke gemaak en dit vir hulle aangetrek. Toe kon hulle nie so koud kry nie.

Daarna het Hy hulle uit die Paradys weggestuur. Vir hulle ongehoorsaamheid moes hulle gestraf word. Hulle mag nooit weer teruggekom het nie. 'n Engel het voor die hek waggehou.

Arme Adam en Eva! Nou moes hulle swaarkry. Tog was dit hulle eie skuld, maar die gedagte aan die Kindjie wat weer die wêreld gelukkig sou kom maak, het hulle getroos.



### *3. DIE EERSTE TWEE BROERS*

Die arme Adam en Eva . . . Nou mag hulle nie meer in die paradys woon nie. Eers was hulle lewe so gelukkig. Nou moes hulle baie keer swaarkry. Dit het hulle daarvan dat hulle so ongehoorsaam was.

Maar eendag het daar iets moois gebeur. Hulle het 'n kindjie van God gekry — 'n liewe, klein seuntjie.

Hoe bly was hulle tog! Eva was nou 'n moeder. Sy het haar kindjie Kain genoem.

'n Tydjie later is daar weer 'n kindjie gebore, nog 'n seuntjie. Sy naam was Abel. Toe het Adam en Eva twee kindertjies gehad.

Eva het nie 'n bedjie gehad om haar kindertjies in te laat slaap nie. Ook het sy nie kombersies gehad om hulle mee toe te maak nie. Hulle was so arm. Hulle het byna niks besit nie.

Tog het sy vir Kain en Abel baie goed versorg. Van strooi het sy vir hulle bedjies gemaak. En met 'n sagte dierevel het sy hulle toegemaak. Dit was ook lekker warm.

Altwee seuntjies het mooi groot geword. Hulle het leer loop en praat. Adam en Eva het hulle ook leer bid. Hulle het hulle kindertjies vertel van die Here en van die paradys en ook van die slegte satan, wat altyd probeer om die mense ongehoorsaam te laat wees.

Dan het hulle vir hulle seuntjies gevra: "Sal julle die Here liefhê en altyd vir Hom gehoorsaam wees?"

Kain en Abel het twee groot mans geword. Toe moes hulle ook werk, net soos hulle vader.

Kain het 'n boer geword. Hy het op die lande gewerk en die koring gesaai. Wanneer die koring ryp geword het, het hy dit afgesny, gemaal en brood daarmee gebak.

15

Abel het 'n skaapwagter geword. Met sy skapies het hy na die veld gegaan en lekker groen grassies vir hulle gesoek. Die skapies se melk was baie lekker. Soms het Abel ook 'n skapie geslag. Dan het hy lekker vleis geëet.

Kain het al hoe meer koring gesaai en geoes. Abel het al hoe meer skape gekry, want elke jaar is daar lammertjies gebore.

Maar wie het die koring vir Kain laat groei? En wie het Abel al die skape gegee?

Die Here.

Alles kom van God. Dit het Kain en Abel goed geweet. Adam het dit vir hulle geleer. Daarom moes hulle vir die Here daarvoor dankie sê. Hulle moes vir Hom 'n offer bring.

Weet julle hoe hulle dit gedoen het? Luister 'n bietjie.

Wanneer Abel vir die Here 'n offer wou bring, het hy sy mooiste skapie uitgesoek en gesê:

"Hierdie skapie gee ek vir die Here."

Dan het hy droë takke bymekaar gemaak wat goed sou brand. Dit het hy op 'n hoop gepak.

Hy het die skapie geslag en op die takke neergelê. Dan was die offer klaar.

Maar nou moes die offer verbrand word. Daarom het Abel kooltjies vuur onder die takke ingesteek. Die wind het die vuurtjie goed aangeblaas. Die takke het verbrand en die skapie het ook verbrand. Die rook het na die hemel opgegaan.

By *sy* offer het Abel dan neergekniel en baie eerbiedig gesê: "Liewe Here, ek het U so lief. U

sorg so goed vir my. Ek wil so graag iets vir U ook gee. Hierdie skapie het ek vir U gebring.

Ek wil U laat sien hoe bly en dankbaar ek is . . ."


Die Here het Abel gehoor. Hy hoor altyd as ons tot Hom bid. Ook het Hy gesien dat Abel Hom baie liefhet.

Die Here het Abel ook liefgehad. Hy het Abel se offer aangeneem. Daaroor was Abel baie bly en gelukkig.

Maar Kain was nie lief vir die Here nie. Hy het wel ook 'n offer vir die Here gebring. Ook hy het 'n hoop takke bymekaar gemaak. Op die takke het hy van die koring wat die Here op sy lande laat groei het, neergesit. Dit het hy verbrand.

Kain het ook daarby gebid. Maar hy het nie bedoel wat hy gesê het nie. Hy het sommer maar woorde gepraat. In sy hart het hy gedink: "Waarom moet ek nou eintlik vir die Here dankie sê? Ek het mos self daardie koring gesaai. Dis tog ek wat hard daarvoor gewerk het."





Soos lelike

ongediertes is

sonde in 'n

mens se hart.

Die Here het alles gesien. Hy het gesien wat Kain in sy hart dink. Hy het ook gesien dat Kain hom nie liefhet nie. Daarom wou Hy ook nie Kain se offer hê nie. As Kain offer, het dit nie God se hart bly en gelukkig gemaak nie. Dit het Kain gou agtergekom. Toe het hy baie kwaad geword. Kwaad vir God en ook kwaad vir Abel. Maar vir Abel was hy nog die kwaadste.

Hy was jaloers op Abel. Hy het in sy enigheid gedink: "God trek Abel voor. Hy maak Abel gelukkig en vir my nie . . ."

Kort-kort het hy daaraan gedink. Dan word hy net al hoe kwater. Hy kon snags nie meer slaap nie. So kwaad was hy dat hy ook nie meer wou eet nie. Dikwels het hy met Abel rusie gemaak. Hy wou Abel laat swaarkry.

Die Here het hom gewaarsku: "Kain, waarom is jy tog so kwaad? Moenie hierdie slegte dinge in jou hart toelaat nie. Jy moet My liefhê, Kain, dan sal jy ook bly en gelukkig word."

Maar Kain wou nie na God luister nie. Hy het gemaak net soos hy wou. Eendag toe hy en Abel alleen in die veld was, het hy weer met Abel rusie gemaak. Toe word hy so kwaad dat hy Abel vreeslik hard slaan. Ja, hy het hom morsdood geslaan.

Daar lê Abel toe, stil en bleek. Sy bloed het op die grond en die grasgeloop.

Toe het Kain geskrik! Hy het sommer vinnig van die plek af weggehardloop. Hy was bang, so bang dat hy gestraf sou word. Hy het maar net gehoop dat God dit nie gesien het nie . . .

Maar die Here het dit gesien. God sien altyd alles wat op die wêreld gebeur. Toe vra Hy vir Kain: "Waar is jou broer, Abel?"

Kain het gebewe, so bang was hy. Maar nog het hy in sy hart kwaad gebly. Hy was glad nie spyt dat hy Abel doodgeslaan het nie. Hy was maar net bang vir die straf.

Boonop was hy toe ook nog parmantig en jok hy vir die Here. Hy antwoord: "Ek weet nie waar Abel is nie. Ek het mos nie nodig om my broer op te pas nie."

Hieroor was God baie ontevrede met Kain. Toe sê Hy vir hom: "Omdat jy dit gedoen het, mag jy nie hier bly woon nie. Jy moet dadelik weg! Altyd verder en verder moet jy gaan en nêrens mag jy rustig bly woon nie."

17

So het dit ook gebeur. Kain het weggegaan, verder en verder weg van sy ouers se huis af.

Nooit kon hy vir Abel vergeet nie. Sy hele lewe lank was hy bang en ongelukkig.

Op so 'n manier het Adam en Eva op één dag altwee hulle seuns verloor. Daardie aand het nie een van die twee huis toe gekom nie. Toe het hulle gaan soek. Daar in die veld het hulle Abel gekry. Dit het gelyk of hy slaap. Maar hy het nooit weer wakker geword nie. Hy was dood. Adam en Eva het sy liggaam begrawe.

Hulle was baie hartseer. Maar die Here het hulle weer gelukkig gemaak. Hulle het gelukkig ook ander kinders gehad — dogters en seuns. Een van die seuns het baie soos Abel gelyk.

Sy naam was Set. Hy het die Here ook baie liefgehad.

Elke keer as Adam en Eva na hom kyk, het hulle aan Abel gedink. Dan sê hulle: "Ag, die arme Abel."

Maar dit was nie nodig om vir Abel jammer te kry nie. Abel was glad nie ongelukkig nie.

Wat Adam en Eva begrawe het, dit was nie Abel nie. Dit was sy dooie liggaam. Abel self was in die hemel, by God en by die engeltjies. Niemand het hom ooit daar ongelukkig gemaak nie. Dit was daar nog baie heerliker as in die paradys.

## *4. WATER OOR DIE WÊRELD*

Tik-tik-tik!

Klop-klop-klop! . . .

Êrens is daar 'n bouery aan die gang. Één ou man is hard besig. Sy naam is Noag. Daar is ook drie jong manne by. Hulle is sy seuns. Hulle name is Sem, Gam en Jafet. Ook hulle help fluks met die werk. Elke dag was hulle hard besig. Dik ou bome het hulle omgekap en daarvan pale en planke gesaag.

Kan julle raai wat hulle daarmee gemaak het? Miskien 'n huis?

Ja, dit het soos 'n huis gelyk, so groot was dit. Maar dit was eintlik 'n *ark,* dit is 'n baie groot skip. Die paar mense het baie lank aan die ark gewerk. Maar nou was die reuseskip byna klaar.

En wie sou dan daarin gaan ry? Die vier manne en hulle vrouens. Agt mense altesaam.

Sou daar dan nie meer mense opklim nie? Nee, niemand meer nie. O ja, daar was plek genoeg — seker vir duisend mense. Daar mag ook meer mense saamgegaan het, maar hulle wou nie. Kort-kort het van die mense na die groot skip kom kyk. As hulle so na die skip kyk, dan skud hulle net hulle koppe. Hulle het Noag gespot en hom uitgelag.


"Julle sal nooit met daardie skip kan ry nie," het hulle gesê. "Dit staan dan hier op die droë grond. Wie op aarde kan so 'n groot skip na die water stoot?"

"Die water sal *hier* kom," het Noag dan vir hulle vertel. "Die water sal oral, oor die hele wêreld kom. God het so gesê. Dit sal die straf wees

omdat die mense so sleg geword het en nie meer na Hom wil luister nie. Almal wat nie in die ark is nie, sal verdrink."

Maar toe lag die mense nog harder. Toe spot hulle ook met God.

18





"Moet asseblief nie so lag nie, mense," het Noag uitgeroep. "Luister liewer. Bid tog dat God julle jul sonde vergewe. Leer om Hom lief te hê. Dan mag julle ook in die ark kom."

Toe skreeu hulle: "Nee dankie, ons wil nie bid nie!

Ons wil God nie liefhê nie. Ons wil tog nie eens in

die ou ark klim nie."

So sleg was die mense in daardie dae. Nog slegter

as wat Kain was, want hy was tog nog bang vir die

straf toe hy verkeerd gedoen het. Maar *hulle* nie.

Hulle het gemaak asof daar geen God is nie en

asof hulle kan doen net wat hulle wil.

Die Here het hulle dikwels gewaarsku. Maar hulle

het niks omgegee nie. Hulle het met God gespot.

Maar die Here laat nie met Hom spot nie. Vir 'n

lang tyd was Hy geduldig met die slegte mense.

Maar nadat hulle glad nie wou luister nie, moes

God hulle straf.

En daarom moes Noag die ark bou. Hy het die

Here liefgehad. Hy sou nie gestraf word nie, ook

nie sy vrou en kinders nie.

God het presies gesê hoe die ark gemaak moes word. Daar moes 'n deur wees en 'n venster. Binne was dit vol klein kamertjies. Ook was daar 'n dak op die ark. Al die lasplekke moes baie goed met pik toegesmeer word, sodat daar nie 'n druppeltjie water kon inkom nie.

Elke dag het mens maar gehoor hoe daar met die hamers geslaan word.

Tik-tik-tik!

Klop-klop-klop!

Die mense het die geluid gehoor saans wanneer hulle moeg was van die heeldag se kwaaddoen. Dit het hulle ook soggens gehoor wanneer hulle wakker word.

Tik-tik-tik! Klop-klop-klop!

Luister tog, luister tog!

Maar hulle het nie geluister nie.

En toe op 'n sekere dag het die hamers se gekap stil geword: Die groot skip was klaar . . .

En kyk, daar kom toe tog baie wat graag in die ark wou gaan. Maar dit was nie mense nie.

Dat was *diere.*

Twee-twee het hulle gekom, een mannetjie en een wyfie. God het hulle gestuur. Almal —

groot en klein — het in die ark gegaan. Noag het vir elkeen van hulle 'n kamertjie gegee om in te woon. Hulle voer was alreeds daar neergesit.

Die slegte mense het al hierdie dinge gesien. En nog wou hulle nie luister nie. Toe was dit ook te laat.

Agt mense het in die ark gegaan. God het self die deur agter hulle toegemaak. So het die ark nog 'n week lank stilgestaan. Toe het die straf gekom.

Swaar wolke het aangedryf gekom en die hele lug swart gemaak. Die son het weggekruip.

Dit het so donker soos in die nag geword.

Toe het dit begin reën, so hard as wat dit nog nooit vantevore gereën het nie. Dit het gelyk asof strome water uit die lug geval het. So het dit vir dae aangehou.

Die ark het doodstil in die donker bly staan. Die reën het op die houtdak gekletter en langs die kante afgestroom. Dit het rondom die ark gespoel.

Al gou het dit gelyk asof die ark in 'n see staan. Die see het al hoe dieper geword. Eindelik het die ark nie meer stil gestaan nie. Dit het op die water begin dryf. Die wind het dit aangestoot.

Waarheen?

Noag het nie geweet nie. Die ander mense wat in die ark was, het ook nie geweet nie.

Maar God het geweet. Hy het die skip oor die groot see gestuur. En waarheen Hy dit gestuur het, was dit goed.

Nog steeds het dit gereën. Hoër en hoër het die water bokant die aarde opgestyg.

Eers het die water bo-oor die huise gegaan. Toe het dit oor die bome gegaan. En eindelik was selfs al die berge onder water.

Daarna het God die swart wolke weggejaag. Die reën het opgehou. Die son het weer begin skyn.

Van die aarde was daar niks te sien nie. Net waar mens kyk, het jy water, water, water gesien — 'n groot, diep see.

Maar toe was daar ook geen slegte mense meer oor nie. Almal het verdrink. Nou kon hulle nie meer spot nie.

Veilig op die waters het die ark rondgedryf.

En in die ark . . . was agt dankbare en gelukkige mense en 'n klomp diere. Hulle sou weer eendag op die aarde woon, Hulle hoef ook nie bang te gewees het nie, want God het vir hulle gesorg.

Vir 'n lang tyd het die ark so op die water bly ronddryf. Maar op 'n goeie dag het dit boems!

teen iets vasgestamp. Toe kon die skip nie meer verder dryf nie. Dit het vasgesit op die top van 'n berg. Daar moes dit wag totdat die

aarde weer droog geword het. Laer en laer het die water gesak. Die berge het al begin uitsteek.

Maar ag! dit het so lank geduur. Noag kon dit amper nie meer uithou nie. Eendag het hy na die kamertjie waar al die voëls was, gegaan. Hy het een van die swart kraaie geneem en dit 20

deur die venster na buite laat vlieg. Die kraai was bly. Hy het ver weggevlieg en nie weer teruggekom nie. Hy was 'n sterk voel. Hy kon al vir homself sorg. Hier en daar het hy iets wat op die water gedryf het, gekry om te eet.

Daarna het Noag 'n duif uit die ark uit laat vlieg. Die duif het die hele dag heen en weer oor die water gevlieg op soek na saadjies om te eet, maar kon nêrens iets kry nie. Toe dit aand word, het die duif moeg en verdrietig maar weer teruggevlieg na die ark toe, omdat hy nog nie op die aarde kon lewe nie. Noag het sy hand by die venster uitgesteek en die duif weer laat binnekom.

Noag het 'n week gewag. Toe het hy die duif weer 'n keer laat uitvlieg. En kyk, daardie aand het die duif terug gekom met 'n blaartjie in sy bekkie. Dit was net asof hy wou sê: "Nou sal dit nie meer lank duur nie, Noag. Die bome steek al bokant die water uit."

Dit was tog goeie nuus! En toe Noag na nog 'n week die duif weer laat uitvlieg, het hy nie weer teruggekom nie. Hy het genoeg kos gekry om te eet.

Eindelik het God vir Noag gesê: "Gaan nou uit die ark, Noag; jy met jou vrou en kinders en al die diere."

Met harte vol blydskap het hulle uitgegaan. Die gras het alweer begin groei en die blommetjies het hulle vrolike kleure begin wys. O, hoe lieflik was die aarde tog. Die voëltjies het begin nessies bou en hulle mooiste liedjies gesing. Die diere het vrolik deur die bosse rond gespring. Elkeen het 'n goeie plekkie gesoek waar hulle kon gaan woon.

Noag het vir die Here 'n offer gebring. Toe die rook so na die hemel toe optrek, het al agt mense neergekniel om die Here te dank dat Hy so goed vir hulle gesorg het.

Die Here het die offer gesien. Hy het ook gesien hoe bly en dankbaar die mense was. En Hy het beloof dat Hy nooit weer so 'n groot watervloed op die aarde sou bring nie — so 'n groot *sondvloed* waarin al die mense sal verdrink nie.

As daar weer reëns kom, hoef die mense nie bang te wees nie. En as hulle dan na die lug opkyk, sou hulle weer iets baie moois sien: 'n Boog met pragtige kleure — 'n reënboog. Elke keer as hulle die reënboog sien, moet hulle daaraan dink dat die Here beloof het om nooit weer 'n sondvloed oor die wêreld té laat kom nie.

## ***5. 'N BAIE LANG PAD***

Daar was eendag 'n man wat baie ver op reis moes gaan. Sy naam was Abraham en hy was

'n ryk man. Hy het baie skape en koeie en esels gehad. Kamele het hy ook gehad. Dit was groot diere, nog groter as beeste. Op hulle kon 'n mens lekker ry.

Toe moes Abraham op reis gaan. Al sy beeste, skape en donkies moes ook saamgaan. 'n Hele klomp knegte moes ook saamgaan, want hulle moes die diere oppas. Abraham se vrou het ook saamgegaan. Haar naam was Sara.

Abraham moes wegtrek. Die Here het vir hom gesê: "Abraham, jy moet na 'n ander land toe gaan, wat Ek vir jou sal aanwys. Gaan maar gerus; Ek sal vir jou sorg. Die mense wat vir jou goed is, vir hulle sal Ek ook goed wees. En die wat vir jou kwaad doen, sal Ek straf. In daardie land sal jou kinders woon en daar sal later ook die Verlosser gebore word."

Toe het Abraham bly geword en gesê: "Goed, Here, ek sal gaan." Want Abraham het die Here liefgehad. Hy het graag gedoen wat die Here gesê het. Maar dit was 'n lang en moeilike reis! . . .

Abraham het heel voor gery, op 'n groot kameel. Lot het langs hom gery. Lot was sy neef; hy moes vir Abraham "oom" sê. Lot wou ook graag saamgaan na die ver land toe.

Agter die twee mans het die vrouens gery: Sara en ook Lot se vrou. Dan die skape met hulle lammertjies, die koeie met hulle kalwertjies en al die ander diere met hulle kleintjies. Die 21

knegte wat hulle moes aanjaag, was ook daar. Dit was sommer 'n hele lang optog.

Hulle het maar stadig gegaan, want die ou klein lammertjies kon nie so vinnig loop nie. By hoë berge verby en deur digte bosse het hulle gegaan. Ook deur woestyne waar niks anders was nie as sand en nogmaals sand, het hulle getrek. Deur allerhande vreemde lande waar Abraham nog nooit vantevore was nie, het hulle gegaan.

Elke aand het hulle stilgehou. Dan het hulle 'n paar tente opgeslaan vir die mense om in te slaap. Die diere moes maar buite bly. Hulle het naby mekaar gaan lê om lekker warm te kry.

Maar al die knegte mag nie geslaap het nie. 'n Paar moes wakker bly om die diere op te pas.

Hulle het 'n vuurtjie aangesteek wat helder in die donker nag gebrand het. Dit het die lelike roofdiere afgeskrik, sodat hulle nie van die diere kon gaan vang nie.

En weet julle wie ook nie geslaap het nie? . . .

Die Here was ook wakker. Hy het uit die hemel na hulle gekyk en hulle opgepas. Daarom kon daar niks verkeerd gaan nie.

Elke oggend het hulle weer verder gereis. Dan sê die Here: "Dié kant toe, Abraham, in die rigting waar die son gisteraand ondergaan het."

En Abraham antwoord altyd: "Ek kom, Here." Nooit was hy bang op die lang reis nie. Hy sou nie verdwaal nie. Die Here self het vir hom die pad gewys.

Eindelik het Abraham by 'n groot rivier gekom: Hy met al sy mense en diere moes daardeur trek.

Daar was geen brug nie. Ook geen bootjie nie. Maar Abraham het gesoek totdat hy 'n plek gekry het waar die water nie so diep was nie. Daar is hulle almal toe deur. Al die mense en diere. Maar die lammertjies was te klein. Die knegte moes hulle dra.

En toe hulle aan die oorkant kom, toe was hulle in die land wat die Here beloof het. Dit was

'n baie mooi land. Duisende blomme het daar gegroei. Oral was daar lekker groen gras vir die skape. Die land se naam was Kanaän.

Die Here het gesê: "Abraham, hierdie land sal ek aan jou kinders gee."

Aan jou kinders? . . .

Maar Abraham het dan geen kinders gehad nie. Hy en Sara was al baie oud, maar hulle het nog nooit 'n kindjie van God gekry nie.

Tog het Abraham nie teëgepraat nie. Wat die Here ook al sê, dit het hy geglo.

Hy het by homself gedink: "God het so gesê en daarom is dit waar. Hoe dit sal gebeur, weet ek nie. Net die Here weet. Wat God beloof, word altyd waar. Dit glo ek."

En omdat hy geglo het, daarom was hy ook gelukkig. Hy het vir die Here 'n offer gebring om te wys hoe bly en dankbaar hy is. Daarna

het hy geduldig gewag totdat die Here vir hom en Sara 'n kindjie sou gee.

Abraham en Lot het lekker in daardie land gewoon. Daar was net een moeilikheid. Hulle kon nie baie lank bymekaar bly woon nie.

Want Abraham het baie diere gehad en Lot ook: skape en beeste en donkies en kamele.

Abraham en Lot se diere het al hoe meer geword. Elke jaar is daar meer lammertjies en kalwers en ander kleintjies gebore.

Op die ou end was die troppe vee só groot dat daar nie meer genoeg gras vir almal so bymekaar was nie. Toe het Lot se knegte met Abraham se knegte rusie gemaak.

"Gaan weg" het hulle gesê, "hierdie gras is vir ons diere!" . . .

"A nee a," het die ander dan gesê, "julle moet weggaan. Ons wil hier met ons diere bly."



Dit het al hoe erger geword. Elke dag was daar weer nuwe rusies.

Toe het Abraham gedink: "So kan dit darem nie aangaan nie. Dis nie vir die Here mooi as mense rusie maak nie."

Hy het sy neef Lot saamgeneem na 'n hoë heuwel. As 'n mens bo staan, kon jy die hele land sien.

Toe sê Abraham: "Lot, dit is nie goed dat ons knegte so rusie maak nie. Ons mag nie langer so bymekaar bly nie, Lot. Kies jy nou maar waar jy wil gaan woon. As jy na die regterkant toe gaan, sal ek na die linkerkant toe wegtrek. Maar gaan jy links, dan gaan ek regs."

Toe kyk Lot rond en hy sien 'n baie mooi plek, amper so mooi as wat die paradys was.

Lot se oë het eintlik geblink toe hy daardie mooi plekkie sien. Daar het soveel gras gegroei.

Daar kon hy groot troppe vee aanhou. Daar kon Lot ryk word, nog baie ryker as wat hy alreeds was! . . .

Ja, daar was ook 'n paar stede. Sodom en Gomorra was hulle name. En in daardie stede het baie slegte, goddelose mense gewoon. Maar Lot het niks omgegee nie. Solank hy maar net kan ryk word, sou hy wel by daardie goddelose mense gaan woon.

Toe het Lot daardie mooi plekkie gekies en hy het na die slegte stad Sodom getrek. Hy het die beste streek van die land gekies.

Maar die Here het gesê: "Luister, Abraham, moenie hartseer wees nie. Later sal ek tog die hele land aan jou kinders gee. Weet jy hoeveel kinders jy sal kry? Hoe groot jou volk sal wees wat later hier sal woon? Soveel stoffies as wat daar op die aarde is, só groot sal jou volk wees."

En toe die Here dit sê, het Abraham so bly geword asof hy regtig in 'n paradys gewoon het.

Maar nog het daar baie jare verby gegaan. En nog altyd was Abraham en Sara sonder 'n kindjie.

Dit was 'n lang wag . . .!

Sara het naderhand gesê: "Wag maar 'n bietjie. Ons kindjie sal ons nog kry. Die Here het tog self so gesê."

Maar partykeer het ook Abraham hartseer geword omdat dit so lank duur. Hy het baie aan die kindjie gedink — só baie dat hy soms nie kon slaap nie.

En toe eendag het die Here in die nag met Abraham gepraat. Hy het gesê: "Moenie hartseer wees nie, Abraham. Ek sorg vir jou."

"Ag, Here," het Abraham geantwoord, "ons het dan nog nie 'n kindjie nie . . ."

Toe het die Here Abraham na buite gestuur en vir hom gesê: "Kyk boontoe. Sien jy die sterre? Tel hulle bietjie as jy kan ..."

Maar dit kon Abraham nie doen nie. Daar was te veel.

23



Die Here sê toe: "Luister nou goed, Abraham. Soveel sterre as wat daar aan die hemel is, so baie kinders sal Ek aan jou gee. So 'n groot nasie sal dit wees wat in hierdie land woon. Ek sal vir die volk sorg. Hulle sal die volk van God wees."

Toe het Abraham weer baie gelukkig gevoel. Want hy het die Here geglo.

Nou het hy weer kans gesien om te wag.

En wanneer die dae van wag en wag lank lyk, dan kyk Abraham maar na die sterre en dan dink hy: "Eendag sal ons kindjie kom. God het dit beloof.

"Daardie kind sal groot word en ook kinders kry. Daar sal al hoe meer kinders kom. Soos die sterre aan die hemel, so 'n groot volk sal hulle wees . . .

"En eendag . . . eendag sal ook die groot Verlosser gebore word."

Na dié dag het Abraham nog die meeste verlang!

## *6. DRIE MANNE IN WIT KLERE*

Abraham en Lot het nie meer bymekaar gebly nie. Abraham het in 'n tent in die land Kanaän gewoon. Lot het in 'n huis in die stad Sodom gewoon.

En toe eendag het hulle altwee 'n boodskap van die Here gekry.

Abraham het 'n goeie boodskap gekry, maar Lot s'n was 'n boodskap waaroor hy baie hartseer moes voel.

Dit het op 'n warm dag gebeur. Die son het die aarde gebrand. Maar Abraham se tent was onder die bome. Daar was dit lekker koel.

Terwyl Abraham voor sy tent sit, kom daar drie manne in mooi wit klere aan. Abraham het hulle nie geken nie maar hy staan dadelik op en gaan na hulle toe. Ewe vriendelik sê hy vir hulle: "Kom rus tog 'n bietjie hier by my. Dan gee ek vir julle iets om te eet en te drink."

Hy laat hulle lekker in die koelte sit en rus. Toe gaan haal hy vir hulle water en brood en 'n lekker stuk vleis. Hy het goed vir sy gaste gesorg, al het hy ook nie geweet wie hulle was nie.

Dit het vir hom gelyk asof dit 'n belangrike meneer met sy twee knegte was.

Toe vra die man meteens vir hom: "Waar is jou vrou, Sara?"

Abraham antwoord: "In die tent, meneer."

Die man sê toe: "Oor 'n jaar sal ek weer kom, dan sal Sara 'n kindjie hê."

Abraham het baie bly geword, want nou het hy geweet wie dit was wat daar by hom sit. Dit was die Engel van die Here . . .! O, dit was wonderlik. Die Here self, met twee van sy engele het na hom gekom om die goeie nuus vir Abraham te vertel ...!

Maar Sara het nog nie geweet dat dit die Here was wat praat nie. Sy het alles gehoor wat Hy sê, want sy het by die deur gestaan en luister. Sy het lankal nie meer geglo dat sy nog n kindjie sou kry nie. Daarvoor was sy darem te oud. Toe lag sy stilletjies daaroor. Dink 'n bietjie, sy het gelag oor wat die Here gesê het . . .!

Maar dadelik het sy groot geskrik, want die Engel van die Here vra: "Waarom het Sara gelag? Is daar dan iets wat vir die Here te wonderlik is om te doen?"

Toe jok Sara. Sy was bang dat sy gestraf sou word. "Ek het nie gelag nie," sê sy.

Maar die Here weet alles.

"Jy moenie jok nie, Sara. Jy het gelag. Maar wat Ek gesê het, sal net so gebeur," sê Hy vir haar.

Daarna het die drie manne opgestaan om weer verder te gaan. Abraham het 'n entjie saam met hulle gestap.

Toe hulle op 'n hoë bult kom, sien hulle die stad Sodom in die verte. Die stad Gomorra was ook daar naby.

Die Here sê toe: "Abraham, Ek wil jou vertel wat Ek gaan doen, want jy is my vriend. In Sodom en Gomorra doen die mense sulke slegte dinge dat Ek hulle baie swaar gaan straf.

Ek gaan daardie slegte stede verwoes."

Toe skrik Abraham. Wil God daardie stede verwoes? Heeltemal vernietig? ... O ja, hulle het dit verdien. Maar Lot woon ook in Sodom en Lot het dit *nie* verdien nie. Lot het die Here liefgehad. Miskien is daar nog meer sulke mense soos Lot . . .

Toe gaan Abraham op sy knieë voor die Here lê en sê baie eerbiedig: "Maar Here, miskien woon daar in Sodom nog mense wat U liefhet. Miskien is daar nog vyftig ..."

Die Here antwoord: "As Ek vyftig mense in die stad vind wat My liefhet, sal Ek die stad nie straf nie."

Maar vyftig was tog baie! Sê nou net daar is 'n paar minder? . . .

Abraham vra: "En as daar dalk vyf-en-veertig is, Here?"

"Dan sal Ek die stad ook nie straf nie," antwoord God.

"Miskien is daar tog *veertig"* sê Abraham.

"Ook dan sal Ek die stad nie straf nie," was die Here se antwoord.

"En as daar maar *dertig* is, Here?" waag Abraham dit weer.

"Ook dan nie," klink God se stem.

"O Here," pleit Abraham, "moenie vir my kwaad word nie . . .! Miskien is daar nog *twintig* mense wat U liefhet . . ."

Toe sê die Here: "Ek sal die stad nie straf as daar twintig sulke mense te vinde is nie."

Nog meer durf Abraham byna nie vra nie. Maar hy het geweet hoe goed die Here is. Daarom waag hy dit nog één maal. Baie eerbiedig fluister hy: "En sê nou, Here, daar woon nog *tien* mense wat U liefhet . . ."

En hy hoor die Here sê: "As Ek in Sodom nog tien mense vind wat My liefhet, dan sal Ek die 25

stad nie straf nie, omdat hulle daar woon."

Toe Abraham opkyk, was hy alleen. Die Here was nie meer daar nie.

Maar baie ver daarvandaan was die twee engele al op pad na Sodom.

Abraham het stil en hartseer na sy tent terug gegaan. Die hele tyd dink hy maar aan Sodom.

Toe hy tuis kom, het sy hart weer bly geword. Want ook Sara het nou die mooi boodskap van die Here geglo. Nou sou hulle saam wag vir die beloofde kindjie.

Maar Lot het 'n *slegte* boodskap gekry. Die twee engele wat by Abraham ook was, het dit vir hom gebring.

Dit was al aand toe die engele by Sodom kom. Rondom Sodom was 'n muur. In die muur was 'n hek. Dit word 'n poort genoem. Mens moes daardeur gaan as jy in die stad wou kom.

By die poort het mense gesit. Lot was ook daar.

Hy het die twee manne met die wit klere sien aankom. Hy het nie geweet wie hulle was nie, maar het gedink: "Vir dié twee manne moet ek sorg. So nie sal die slegte mense van Sodom dalk vir hulle kwaad aandoen."

Hy het toe die twee manne saam met hom na sy huis geneem. Daar het hy vir hulle iets gegee om te eet en te drink en gesê: "Julle kan gerus maar vannag hier slaap, hoor."

Maar, o aarde, wat gaan daar buite aan? Daar was 'n vreeslike lawaai en geskreeu. Mense het teen die deur gehamer en geroep:

"Lot, waar is die vreemde manne? Maak die deur oop. Ons wil hulle hê. Ons sal 'n plan maak met vreemde mense wat so in ons stad rondloop!"

Dit was die mense van Sodom wat so geskreeu het. Hulle het 'n kring rondom die huis gemaak om die engele te vang.

Dit wou Lot nie toelaat nie. Hy het uitgegaan en met die slegte mense gepraat: "Moenie hierdie manne kwaad aandoen nie. Hulle het tog niks verkeerd gedoen nie ..."

Maar al sy pratery het glad niks gehelp nie. Hulle het net kwater geword. "Wil jy miskien oor ons baas speel?" het hulle kwaai gevra. "Kom hier dat ons jou in die hande kry! Van jou sal daar niks oorbly nie! ..."

Maar voordat hulle Lot kon gryp, het die engele hom gou na binne getrek en die deur toegesluit. En toe gebeur daar 'n wonder. Die engele het dit laat gebeur.

Die slegte mense van Sodom wou die deur stukkend breek. Maar hulle het gesoek en gesoek en kon die deur nie meer *sien* nie. Hulle het almal blind geword. Toe kon hulle niks meer doen nie en almal moes na hulle huise teruggaan.

Gelukkig! . . .

Daarna vertel die engele vir Lot waarom hulle gekom het: om al die slegte mense oor hulle vreeslike sondes te straf. Om hulle stad te verwoes sodat almal kan doodgaan.

O dit was darem 'n slegte boodskap . . .!

"Maar jy sal nie doodgaan nie, Lot," het die engele gesê. "Jy moet net gou weggaan — jy met jou vrou en twee dogters."

Arme Lot! Hy het so geskrik. Hy kon dit byna nie glo nie. Moes hy regtig weggaan? Wat dan van sy huis? Sal dit ook vernietig word? En

al sy skape en beeste en ander diere? Moes hy alles net so agterlaat? Hy het dan so hard daarvoor gewerk. Hy wou dan so graag ryk word.

Sal hy nou alles verloor? Sal hy nou weer *arm* wees? . . .

Lot het net stil gesit en gesug en gedink. Hy het dan so baie van sy huis en al sy goed gehou ... O nee, dis darem te swaar om weg te gaan.

Maar buite het dit al lig begin word. Die nag was verby. Die dag van straf het gekom! . . .





"Kom nou," sê die engele. "Maak nou gou, anders sterwe julle ook!"

Maar Lot bly maar sit. Dit was net asof hy hulle nie hoor nie. Toe gryp die engele hom aan sy hande en trek hom saam. En sy vrou en sy twee dogters ook. By die deur uit, deur die strate, tot buite die stad.

"Hardloop nou vinnig weg," sê hulle nog vir oulaas. "Moenie stilstaan nie en moenie omkyk nie, want dan sal julle ook sterwe!"

Toe hardloop die vier mense vinnig weg. Agter hulle hoor hulle 'n groot gedreun. Sodom se straf het gekom. Vuur het van die hemel gereën. So maklik soos 'n klomp blokkies het die huise aan brand geslaan. Ook al die slegte mense het doodgebrand. So het God hulle gestraf oor hulle sondes.

Maar God het vir Lot gered. Ook sy dogters is gered. Maar sy vrou . . .

Ag, die arme, *ongehoorsame* vrou van Lot! . . .

God wou haar ook red, maar sy wou nie. Sy het die Here nie lief gehad nie. Sy het maar net aan haar huis en haar geld gedink. Sy het gaan stilstaan en terug gekyk na die plek waar sy al haar mooi dinge agtergelaat het. Toe straf die Here ook vir haar. Sy het meteens in 'n soutpilaar verander.

Arme vrou van Lot!

Die volgende more het Abraham vroeg opgestaan en op 'n hoë heuwel gaan staan om na Sodom te kyk. Maar Sodom was nie meer daar nie. Net 'n dik rookwolk het oor daardie deel van die land gehang.

Toe het Abraham geweet dat daar nie eens tien mense in Sodom was wat vir God liefgehad het nie.

Êrens tussen die berge het Lot en sy twee dogters gaan woon. In 'n spelonk het hulle gaan woon. Hy wou so graag ryk word. Hy het sy geld so liefgehad — sy geld en sy huis en sy diere . . . En nou het hy alles verloor . . .

Maar hy het die Here tog ook liefgehad. En vir Hom het Lot nie verloor nie. Die Here was nog altyd daar. Hy wou ook altyd Lot se

vriend wees.

En as mens die Here vir jou vriend het, dan is jy nie arm nie.

## *7. VERDWAAL IN DIE WOESTYN*

God het vir Abraham en Sara 'n kindjie beloof. Baie lank het hulle vir die kindjie gewag. En het die kindjie tog eindelik gekom?

Ja seker! Want wat die Here beloof, dit word altyd waar.

Op die regte tyd, soos God beloof het, is die kindjie gebore. Dit was 'n seuntjie. En hulle het hom Isak genoem.

Die twee ou mense was só bly en het vir die Here baie dankie gesê. *'Dit* was mos die kindjie uit wie later so 'n groot volk gebore sou word.

Nou was dit nie meer so stil in die tent nie. Soms het die kindjie gehuil. Dan' was hy honger.

Dan het Sara gekom en hom melkies laat drink.

Soms het die kleintjie gelag en gekraai van pure

plesier. Dan was dit Abraham wat so met hom gespeel

het.

Klein Isak het pragtig gegroei. Hy het begin leer om

deur die tent te kruip. Later het hy leer loop en praat.

Hy het ook tandjies gekry en geleer om vleis en brood



net soos die grootmense te eet. Toe was hy nie meer 'n babetjie wat net van melk geleef het nie. En omdat Abraham en Sara so bly was dat hy grootword, het hulle fees gevier.

Maar op daardie fees het iets leliks gebeur. Dit was nie Isak se skuld nie. Dit was die skuld van 'n ander seun. Sy naam was Ismael.

Ismael het ook by Abraham gewoon. Sy moeder ook. Sy moeder se naam was Hagar. Sy was 'n diensmeisie van Abraham en Sara.

Ismael was baie groter as Isak. Sommer baie groter! Maar hy was nie lief vir die ou klein seuntjie nie. Hy was kwaad vir hom. Hy het gedink: "Ek wens Isak was nooit gehore nie.

Want ek weet hy sal later die baas van alles word. Hy sal alles kry en ek sal byna niks kry nie . . . Want hy is mos die beloofde kind ..."

Op daardie fees het die grote Ismael vir klein Isak geterg. Hy het hom uitgelag. Hy het hom bespot . . .

Maar Sara het dit gesien.

Toe het sy met Abraham gaan praat: "Jy moet daardie Ismael wegstuur — vir hom en sy moeder. Daardie seun mag nie hier saam met Isak woon nie, want hy wil kort-kort oor hom baasspeel en hom kwaad aandoen."

Wegstuur . . .? O nee, dit wou Abraham tog nie graag nie. Want hy het baie van Ismael en ook van Hagar gehou. Abraham het geantwoord: "Wegstuur? Nee, dit sal ek nie doen nie . .

."

Maar die Here het gesê: "Jy moet dit tog doen. Sara het gelyk. Ismael mag nie hier bly nie.

Stuur hulle maar weg. Ek sal vir Ismael sorg."

Toe moes Abraham dit maar doen, al was hy ook baie hartseer daaroor. Wat die Here sê, moet gedoen word.

Hagar en Ismael het weggegaan. Hulle het brood en 'n kruik water gekry om saam te neem.

So het hulle saam die wye wêreld ingegaan, hierdie moeder en haar seun . . .

En voor die tent het Abraham hulle verdrietig gestaan en agterna kyk.

Hagar en Ismael het al hoe verder geloop. Sy wou graag teruggaan na die land vanwaar sy gekom het voordat sy by Sara begin werk het. Maar dit was ver daarvandaan.

Hagar het ook nie die pad goed geken nie. Ook was sy so hartseer dat sy nie mooi gekyk het waar sy loop nie. Toe sy weer sien, het hulle in die woestyn verdwaal. Net waar hulle kyk, was sand, sand en nogmaals sand. Die son het hulle koppe baie gebrand. En die grond was so warm onder hulle voete. En nêrens was daar 'n boom wat 'n bietjie koelte gegee het nie . . .

Hulle het verder en verder gedwaal. Party keer het hulle 'n bietjie stil gestaan en van die water uit die kruik gedrink. Want dit was so vreeslik warm! . . . Dan loop hulle maar weer verder sonder om te praat. Hulle was baie hartseer dat hulle moes weggaan. Nou het hulle glad nie meer 'n huis gehad nie; ook nie 'n bed om op te slaap nie. Nou het hulle niemand gehad wat vir hulle kon sorg nie.

Niemand nie?

Wat dan van die Here? . . .

Maar daaraan het die twee nooit gedink nie.

"Moeder, ek is so dors!" roep Ismael.

Toe kry hy weer 'n slukkie water. Maar daar was nie meer

baie water oor nie. Hulle het ook al so baie keer gedrink.



Die kruik was byna leeg.

Ismael het baie moeg geword van die hitte. Hy kan byna nie meer loop nie.

"Moeder, ek is tog so dors!"

Hagar gee weer die kruik vir hom. Ismael sit dit teen sy mond om te drink. Maar die kruik was leeg.

"Moeder, daar is glad nie meer water nie! . . ."

Toe skrik Hagar! Sy kyk rond of sy tog nie êrens water sien nie. Maar daar was niks nie.

Nêrens was daar water nie; nêrens was daar 'n slootjie of 'n dammetjie of 'n put nie. Ook was daar geen mens vir wie hulle water

kon vra nie. Daar was niks anders nie as sand, droë, vuurwarm sand . . .

En Ismael was só dors! Hy was siek van dors en van moegheid. Hy het sy voete deur die sand gesleep. Hy het gehyg na asem. Maar eindelik het hy neergeval en kon nie weer opstaan nie. Hy het net maar gelê en kreun op die sand. Dalk gaan hy dood van die dors !

Arme Hagar! Sy kon haar kind nie help nie. Sy het hom opgetel en hom 'n entjie verder gedra. Daar was 'n klein bossie wat 'n bietjie skaduwee *gegee* het. Daaronder het sy hom neergelê. Dit was al wat sy vir hom kon doen.

Daar het Ismael toe bly lê. Hy was so bleek. Sy oë het toegegaan. Hy het al hoe sagter gekreun . . .

Hagar kon nie langer na hom kyk nie. Sy kon nie verdra om te sien hoe swaar haar kind kry nie. Dalk gaan hy nog dood. 'n Entjie daarvandaan het sy op die sand gaan sit en huil.

"Ag, my seun," het sy gehuil, "my liewe, liewe seun! Nou gaan jy dood van die dors en jou moeder kan jou nie help nie! . . ."

So het sy gesit en snik.

Haar trane het deur haar vingers op die warm sand gedrup.

Maar meteens kyk Hagar op. Sy het iets gehoor. Sy het 'n stem gehoor. Sy kyk rond maar sy sien niemand nie. En tóg was daar 'n stem wat sê: "Hagar, wat makeer? Moenie huil nie.

Ek het jou seun gehoor. Staan gou op en gaan na hom toe. Ek sal vir hom sorg."

Daardie stem het Hagar geken. Dit was die stem van God. Nou sal alles regkom. Gou-gou vee sy haar trane af en hardloop na haar kind toe.

En daar sien sy meteens water. Sy sien 'n put, 'n diep gat in die grond met mooi helder water daarin!

Vinnig hardloop sy met die kruik daarheen. Sy maak dit vol met die lekker, koel water. En hardloop gou-gou weer terug na haar seun toe. Vinnig tel sy hom op en gee hom van die water om te drink.

Hoe lekker het Ismael tog gedrink. Sy oë het weer oopgegaan. Sy bleek wange het weer rooi geword. Hy het opgestaan, en gou daarna kon hy weer loop. Met 'n kruik vol



water het hulle verder gegaan.

Nou was hulle nie meer hartseer nie. Daar was tog iemand wat vit hulle gesorg het.

Vader Abraham was nie meer daar nie, maar hulle Vader in die hemel was daar. En Hy het altyd by hulle gebly. Hy het goed vir hulle gesorg. Hy het vir Hagar ook die pad na haar ver land gewys. Daar het hulle bly woon en daar het Ismael 'n groot, sterk man geword.

Hy kon baie goed met pyl en boog skiet. Hy het baie in die woestyn gejag.

En dwarsdeur sy lewe het hy geweet dat God vir hom sorg.

### *8. VIR WIE WAS HY DIE LIEFSTE?*

Isak het 'n groot seun geword. En hoe groter hy geword het, hoe liewer het Abraham hom gekry. Vir hierdie seun van hom het hy liewer gehad as enigiets of enigiemand anders op die wêreld.

God het die seun aan hom gegee. Abraham was ook lief vir die Here. Daar was niemand vir wie Abraham liewer was as vir Hom nie.

Maar . . .

Vir wie was Abraham nou eintlik die liefste: vir die Here of vir sy seun?

Dikwels het hy vir die Here 'n offer gebring. Dit het hy gedoen omdat hy Hom so liefgehad het. Dan wil hy graag vir die Here iets gee. Dan wil hy sommer alles wat hy het vir Hom gee.

Alles . . .?

Sal hy regtig alles wat hy het aan God wil gee?

Sal hy ook sy enigste kind aan Hom wil gee ...?

Die Here wou Abraham se liefde toets. Hy wou sien vir wie Abraham die liefste het: vir Hom of vir sy kind. Hy wou sien of Abraham Hom liewer het as vir enigiemand anders.

Toe het God in die nag met hom gepraat. "Abraham!"

Abraham het dadelik wakker geword. "Ja, Here, hier is ek . . ."

Toe hoor hy die Here sê: "Abraham, jy moet jou seun vir My gee. Jy moet hom gaan offer op die berg Moria."

Abraham het baie geskrik! Sy enigste kind wat hy so liefhet, mag hy hom dan nie hou nie? . .

. Dié kind wat God self aan hom gegee het, moet hy hom nou weer teruggee? God het dan gesê dat Isak in daardie land sou woon en 'n groot volk sou word! . . . Hoe is dit moontlik . .

.?

Abraham kon dit nie verstaan nie. Hy kon dit byna nie glo nie.

Maar die Here het dit baie duidelik vir hom gesê. En wat God sê, moet gedoen word.

Maar *dit! . . .* hoe kan hy so iets doen?

Abraham kon daardie nag glad nie meer slaap nie. Hy het net bly dink en dink . . . Of hy dit moet doen of nie. Ook was hy baie, baie hartseer.

Want as hy doen wat God sê, het hy nie meer 'n kind nie ...!

En as hy dit nie doen nie, dan was God nie meer sy vriend nie.

Wat moes hy doen?

Hy het nie geweet nie.

En tog hét hy geweet.



As God iets sê, is dit altyd goed en reg. Altyd! . . . Dan moet jy altyd gehoorsaam wees, al verstaan jy ook nie waarom jy dit moet doen nie. Al is dit ook vir jou swaar om dit te doen.

Dit het Abraham geglo.

En daardie geloof, dit het hom gehoorsaam gemaak.

Hy het vir homself gesê: "Ek weet nie waarom God dit vra nie. Maar ek doen dit tog! Want die Here het dit gesê. En Hy sal sorg dat alles op die ou end tog regkom ..."

Daardie oggend het Abraham vroeg opgestaan. Hy het alles wat nodig was, op 'n eseltjie gelaai en twee van sy knegte wakkergemaak . . . Daarna gaan hy na die tent waar sy Isak slaap.

"Word wakker, my seun, ons gaan vandag op reis . . .!"

Daaroor was Isak baie bly. So 'n lekker, lang reis . . .! Dit het drie dae geduur voordat hulle daar aankom. Vir Isak was dit miskien die *lekkerste* reis wat hy nog ooit gehad het, só saam met sy vader.

Maar vir Abraham was dit die *moeilikste* reis. Nog nooit het 'n vader 'n moeiliker reis moes maak nie.

Tot by die voet van die berg het almal saam gegaan. Toe sê Abraham vir die knegte: "Bly hier en wag by die esel. Ek en Isak gaan op die berg aanbid en kom dan weer na julle toe terug."

"Dan kom ons terug . . .", het Abraham gesê.

Hy het dit ook bedoel. O ja, hy het vas geglo

dat God alles sou laat regkom. God kan tog

alles doen! Al was Isak ook dood, kon God

hom weer lewendig maak . . .

Isak het die hout gedra. Abraham het 'n

bakkie met vuur en die mes geneem. Saam

het hulle die berg opgeklim.

Maar skielik het Isak gaan staan.

"Vader," sê hy.



En Abraham antwoord: "Wat is dit, my seun?"

"Vader," sê Isak, "u het die vuur en ek dra die hout. Maar waar is die lam wat ons moet gaan offer?"

In sy gedagte sê Abraham: "Jy is die lam, my seun ..."

Maar hy het dit nie hardop gesê nie!

Hy durf dit nog nie sê nie.

Toe antwoord hy maar: "Vir 'n lam sal God self sorg, my seun . . ."

Hulle het verder geklim. Eindelik was hulle bo-op die berg. Met die klippe het Abraham 'n altaar daar gebou. Toe het hy die hout daarop neergesit . . .

Ja, en toe *moes* Abraham eindelik vir Isak daarvan vertel: dat God gesê het *hy* moes die lam wees . . .

Hy het Isak op die hout neergelê.

Toe neem hy die mes . . .

En toe . . .

Toe roep die Here: "Abraham! . . . Abraham!"

Want toe was dit genoeg. God het gesien dat Abraham gewillig was om alles aan Hom te gee.

"Abraham!" het die Here geroep.

Vol blydskap antwoord Abraham: "Kyk, hier is ek, Here ..."

En die Here sê: "Dis genoeg, Abraham; moet niks aan jou seun doen nie. Want nou weet Ek dat jy My meer as alles lief het; dat jy ook jou kind aan My wou gee."

Hoe bly en dankbaar was Abraham tog. Gou-gou maak hy Isak los en neem hom styf in sy arms. Skielik hoor hy iets agter hom beweeg. Hy kyk om en daar sien hy 'n ram wat met sy horings in 'n bos vassit. So het God self vir 'n offerdier gesorg . . .!

Abraham het die ram op die altaar neergelê en dit vir die Here geoffer. En nog nooit tevore in sy lewe was hy so bly en dankbaar gewees nie.

Saam kon hulle toe weer terug huis toe gaan. God het alles laat regkom.

Abraham het nog sy seun gehad. En God was nog sy vriend, sy allerbeste vriend.

Ja, Isak sou tog later 'n groot volk word.

En later, baie later, toe Abraham al lank in die hemel was . . .

Toe was daar weer 'n Vader wat sy Seun gaan offer het. Maar toe het niemand Hom gekeer nie. Toe was die Seun werklik die Lam.

Wie was die Vader . . .?

Dit was God self wat ons so liefgehad het dat Hy sy enigste seun vir ons gegee het.

Wie was die Seun . . .?

Dit was die Here Jesus wat aan die kruis gesterwe het om vir ons die straf te dra.

Vir óns was Hy die Lam.

32

## *9. DIE TWEE BROERS*

Abraham het gesterwe. En ook Sara was lankal dood. Hulle het altwee baie oud geword.

Maar nou was hulle in die hemel by die Here.

Isak was toe reeds 'n groot man. Hy het in die tent van sy vader, Abraham, gewoon. Nou was hy die baas oor alles. Nou was hy ook die vriend van God.

Maar hy het nie alleen gewoon nie.

Hy het 'n vrou gehad. Haar naam was Rebekka.

33





Hy het ook twee kinders gehad. Twee seuns. Hulle name was Jakob en Esau.

Jakob en Esau is op één dag gebore. Hulle was amper ewe oud. Esau was maar 'n klein bietjie ouer. Hulle was 'n tweeling. Maar hulle het nie na mekaar gelyk nie. O nee, glad nie!

Esau se vel was vol hare. Dit het amper gelyk asof hy 'n kleed van hare aangehad het. Maar Jakob se vel was glad en wit.

Esau het 'n wilde, waaghalsige jong kêrel geword,

wat dit nie by die huis kon uithou nie. Hy het ver in die veld in bosse rondgeloop en wilde bokke geskiet.

Jakob was baie stiller van geaardheid. Hy het by sy

moeder in die tent gebly en vir die skape gesorg. En

dikwels het hy stil gesit en dink. Hy het ook baie aan

God gedink. Jakob het God liefgehad en hy wou

graag die Here se kind wees.

Maar nie Esau nie. Esau het nie aan die Here gedink nie.

En tog het Isak die meeste van Esau gehou. Want hy het sulke lekker wildsvleis huis toe gebring en dit dan vir sy vader gebraai.

Maar Rebekka het van Jakob die meeste gehou. Want hy het so lekker saam met haar in die tent gebly en hy kon so verstandig gesels.

Jakob was sy moeder se maat.

En Esau was sy vader se maat.

Maar ...

Wie sou nou later God se vriend wees . . .?

En wie sou later in Isak se tent woon en baas wees oor al sy goed? Wie sou die groot voorreg, die groot seën, kry? Jakob of Esau?

Isak en Rebekka het geweet. God het gesê dat dit Jakob moes wees.

Daaroor was Rebekka baie bly. Want Jakob was haar seun. Sy het gedink dat dit die regte ding is.

Maar Isak het dit nie goed gevind nie. Isak het gesê: "Esau is die oudste. En die oudste moet later die baas wees. *Hy* moet die groot seën kry."

Die domme Isak. Hy wou slimmer wees as God. Hy wou doen wat hy dink is reg.

Daarom was Rebekka dikwels onrustig. Sy het gedink: "God het beloof dat Jakob die groot seën mag kry. God sal dit tog seker nie vergeet nie . . .?"

Die domme Rebekka! Natuurlik vergeet God nooit iets nie.

En Jakob was ook dikwels bang. Hy het gedink: "Hoe jammer tog dat Esau die oudste is! ... Was ek tog maar liewer die oudste! . . ."

Eendag was Jakob weer by die tent. Op 'n vuurtjie



het hy iets gekook. Dit was 'n pot vol rooi sop. Lensiesop. Dit het so lekker geruik!

Toe kom Esau van die veld af aangestap. Hy het baie ver geloop en was baie moeg. Ook was hy vreeslik honger.

Hy ruik die lekker lensiesop. Hy kry so lus daarvoor dat hy eintlik daarna gryp.

"O," roep hy uit, "gee tog vir my van daardie rooi goed wat jy daar kook."

Toe doen Jakob 'n slim ding.

Hy se: "Jy kan dit kry, maar dan moet *ek* die oudste wees. Dan moet *ek* later die groot seën kry."

Esau lag, sommer so 'n onverskillige lag.

Hy antwoord "Ag ja wat. Ek traak tog nie met die groot seën nie."

Toe kry Esau die lensiesop. Jakob bring ook nog brood vir hom. Jakob was *nou* baie goed vir sy broer!

Maar dit was tog iets baie leliks wat hy gedoen het.

Jare het verbygegaan.

Vader Isak het oud geword. Hy kon nie meer goed sien nie. Die laaste tyd kon hy glad nie meer sien nie. Hy het blind geword.

Ook was hy baie swak. Hy het elke dag op sy bed in die tent gelê.

Toe dink Isak: "Ek sal nie meer lank lewe nie. En wie moet dan in my tent woon en die baas oor alles wees? . . . Esau . . . Nie Jakob nie, maar Esau! . . ."

Toe roep hy Esau. Hy sê vir hom: "My seun, gaan veld toe en skiet vir my 'n bok. Slag dit af, braai dit lekker en bring dit dan hier. As ek daarvan geëet het, sal ek jou die groot seën gee."

Esau moes toe gesê het: "Nee, vader, Jakob moet die groot seën kry. Ek het dit vir hom belowe."

Maar Esau dink toe: "Ag, wat maak dit saak wat ek beloof het? Ek wil tog nou graag die groot seën hê."

Toe gaan hy veld toe om 'n bok te skiet.

Maar moeder Rebekka het alles gehoor. Gou-gou gaan sy na Jakob toe. Nou was sy eers onrustig.

"Ons moet nou dadelik 'n slim plan maak," sê sy, "anders kry jy nie die groot seën nie. Ons moet jou vader bedrieg. Maak gou. Gaan haal vir my twee bokkies by die trop. Ek sal hulle gaarmaak; dan neem jy die vleis na jou vader. En dan moet jy maak asof jy Esau is. Jou vader is tog blind. Hy sal niks agterkom nie ..."

Maar Jakob was darem bang.


"Vader sal kan *voel* dat dit ek is," sê hy. "Esau het soveel hare op sy hande en ek het niks nie."

Maar ook daarvoor het sy moeder raad.

"Toe, gaan maar," sê sy. "Doen net wat ek vir jou sê."

Jakob het so gemaak. Hy het twee bokkies geslag en sy moeder het dit gebraai. Toe het sy Esau se klere wat so lekker na die bosse en die veld geruik het, vir hom aangetrek. En die velle van die bokkies met al die hare daarop, het sy oor sy hande getrek. Só het Jakob by sy vader in die tent gekom.

"My vader," het hy gesê.


HANS

Isak vra toe: "Wie is jy, my seun?"

En Jakob het gejok: "Ek is Esau, u oudste seun ... Ek is al terug uit die veld. Sit nou maar regop en eet maar lekker van die braaivleis. En gee my dan u seën."

Maar Isak het tog iets agtergekom. Daarom vra hy: "Is jy regtig Esau? Jou stem is so anders! Kom bietjie hier. Laat ek *voel* of jy Esau is."

Toe gaan Jakob na die bed toe en sy vader voel aan sy hande. Ja, die hande is vol hare.

Maar wat dan van die stem? . . .

"Die stem is Jakob s'n, maar die hand is Esau se hande," sê die ou man toe. En toe vra hy nog 'n keer: "Is jy werklik Esau?"

Toe die duifie met 'n groen blaartjie terugkom na die

ark het Noag geweet dat die water begin sak.



Die braaivleis daar by die bed het so lekker geruik. Toe eet Isak daarvan. Jakob het ook vir hom wyn gaan haal. Daarvan het hy gedrink.

Toe se Isak: "Gee my 'n soen, my seun."

Ook dit het Jakob gedoen. Maar daardie soen was eintlik 'n leuen! . . .

Toe Jakob so naby hom kom, het hy Esau se klere geruik. "Ja, dit is tog seker Esau wat hier by my kniel," het hy gedink.

Toe steek hy sy hande uit en lê dit op die kop van sy seun. En hy het hom geseën. Hy het beloof dat *hy* later die baas oor alles sou wees en dat *hy* ook die vriend van God mag wees

...

Maar Jakob het tog sleg gevoel. Dit was lelik en gemeen van hom om sy ou vader so te bedrieg. Tog het hy die groot seën gekry. Want God het dit vir hom beloof. En wat God beloof het, dit doen Hy altyd!

'n Bietjie later het Esau tuisgekom. Hy het 'n bokkie geskiet. Nou kom hy dit slag en braai.

Daarna neem hy dit na sy vader se tent.

"My vader, hier is ek," roep hy uit.

Toe skrik Isak. Toe kom hy eers agter dat hy deur Jakob bedrieg is!

Toe Esau dit hoor, het hy sommer hard geskreeu, só kwaad was hy. In sy hart het Esau gedink: "Ek sal vir Jakob nog wys! . . . Wag maar, as my vader nie meer daar is nie, sal ek hom doodslaan, die bedrieër! . . ."

Maar Rebekka het dit agtergekom. En sy het baie

bang geword. Toe roep sy Jakob en sê vir hom: "Jy

moet van hier af weggaan, my seun . . . Baie ver van

hier in 'n vreemde land woon 'n oom van jou. Ek wil

hê jy moet daarheen gaan. Later as Esau nie meer

so kwaad is nie, kan jy weer terugkom. Ek sal jou laat

weet . . ."

Dit het Jakob toe ook gedoen. Haastig 'het hy daar

weggegaan, vér weg, die wye wêreld in waar Esau

hom nie in die hande kon kry nie. Nou was hy 'n

arme vlugteling. Dit het hy toe van sy bedrog . . .

En Rebekka moes haar seun vir wie sy so lief was,

wegstuur. Dit was weer haar straf vir die verkeerde

ding wat sy gedoen het.

En Isak het verdrietig op sy bed gelê.


En Esau het met slegte gedagtes in sy hart

rondgeloop.

Dit was nie nodig nie. Hulle kon so gelukkig saam gewees het, hierdie vier mense.

Maar al vier was ongelukkig. En dit omdat al vier kwaad gedoen het.





***10. DIE WYE WÊRELD IN***

Jakob het die wye wêreld ingegaan. Hy het al hoe verder van sy huis af geloop.

Baie liewer sou hy tuis gebly het. Dit was vir hom baie swaar om so vér weg te gaan. Maar dit moes. As hy dit nie gedoen het nie, sou sy broer Esau hom doodgeslaan het!

Dit het hy nou gekry van sy slimheid en sy bedrog! Anders kon hy nog lekker by sy moeder gebly het. Maar nou was hy 'n vlugteling.

Dit was 'n lang reis na die ver land waar Jakob se oom gewoon het.

Jakob het so eensaam gevoel. Ook was hy hartseer. Hy was so spyt dat hy sy ou, blinde vader so bedrieg het.

"Nou is daar niemand wat vir my Sorg nie," het hy gedink. "Nou sal God seker ook nie meer iets met my te doen wil hê nie. Want ek was so sleg gewees ..."

Dit was nog die ergste van alles: dat die Here ook vir hom kwaad was en miskien nooit weer sy vriend wou wees nie ... As Jakob daaraan dink, dan word hy so verdrietig en so bang.

Dan weet hy ook nie waarheen nou nie.

Die aand het gekom. Die son het ondergegaan. Dit het begin donker word. Maar nêrens was daar 'n huis waarin Jakob kon slaap nie. Toe moes hy maar buite slaap onder die sterrehemel . . .

Hy het sommer maar op die grond gaan lê. Die grond was sy bed. Op 'n plat klip het hy sy kop neergelê. Dit was sy kussing.

Só het hy in die donker gelê en kyk. Na die sterre het hy gekyk en ook na die hemel. Maar die hemel was so donker. En God was so vér weg. God sou seker nie meer iets te doen wil hê met die slegte Jakob nie, die bedrieër . . .

Jakob het so verlang en gedink: "Ag, as God tog maar net weer goed vir my is! . . . Ek wil tog so graag Sy vriend wees. Dit Spyt my so dat ek so sleg was . . ."

Met hierdie gedagtes het hy aan die slaap geraak.

En toe . . .

Toe droom Jakob so 'n mooi droom.

Hy het 'n leer gesien. Dit het vlak by hom op die grond gestaan. Maar dit was so hoog, só hoog dat die punt tot in die hemel gekom het. Die engeltjies het van die hemel met die leer afgeklim tot by hom. En dan weer boontoe geklim.









Soos die pottebakker allerhande

mooi dinge uit klei maak . .

So maak die Here ook ons harte

en lewens mooi en goed. Hy

doen dit veral as ons eike dag

Hom onthou, tot Hom bid, ons

parte aan Hom gee en luister na

Sy stem in ons harte.

39

En heel bo by die leer was die Here self. Hy het so vriendelik na Jakob gekyk en gesê: "Ek is die Here, die God van jou vader Abraham en van jou vader Isak. Gaan maar gerus die wye wêreld in, Jakob. Ek sal vir jou sorg. Ek sal met jou saamgaan en jou weer veilig terugbring. Jy mag My vriend wees, Jakob. En in hierdie land waar jy nou lê en slaap, sal jou kinders eendag woon."

Toe het Jakob wakker geword. Dit was oggend. Hy het gedroom . . .

Ja, maar dit het tog regtig ook gebeur ! Die Here het beloof dat Hy vir Jakob sou sorg.

Jakob was baie bly daaroor! En so dankbaar . . .

Daarom het hy gesê: "Hierdie plekkie wil ek nooit vergeet nie."

Die klip waarop sy kop gelê het, het hy regop laat staan. Hy wou baie graag daar 'n offer vir die Here bring om te wys hoe bly en dankbaar hy is. Maar hy het niks gehad nie — niks behalwe 'n kannetjie olie.

Toe gooi hy die olie op die klip uit. Dit was sy offer. En hy het gesê: "Liewe Here, ek dank U

dat U so goed vir my is. Ek wil U altyd liefhê. En as ek eendag terugkom, sal ek hier vir U 'n offer bring."

Daarna het hy verder gegaan die wye wêreld in.

Maar nou was hy nie meer bang en hartseer nie. Want hy was mos nie meer alleen nie. Die Here het saam met hom gegaan. En Hy sou altyd vir Jakob sorg. Dit het die Here ook gedoen. Hy het Jakob veilig by sy oom gebring.

## *11. JAKOB KOM TERUG*

Jakob het baie lank hy sy oom in die ver, vreemde land gewoon. Hy het 'n kneg by sy oom geword. Daar het hy die skape opgepas.

Hy is daar getroud met 'n dogter van sy oom. Haar naam was Lea. Later is hy weer getroud met nog 'n dogter van sy oom. Haar naam was Ragel.

Toe het Jakob twee vrouens gehad. En die Here het hom ook baie kinders gegee.

Jakob het sommer baie lank by sy oom gewoon. Hy het self ook skape en beeste en ander diere gekry. Daar het hy 'n ryk man geword. So het die Here vir hom gesorg.

Maar . . . sou hy dan maar altyd in daardie vreemde land bly woon?

Sy moeder het tog gesê: "Ek sal jou 'n boodskap stuur, sodra jy mag terugkom. As Esau nie meer vir jou kwaad is nie, dan kom jy terug."

Maar die boodskap van sy moeder het nie gekom nie.

Toe kom daar 'n boodskap van God: "Jakob, nou moet jy terug gaan na jou land. Jy hoef nie bang te wees nie, want Ek gaan saam met jou."

Toe het Jakob op reis gegaan. Met sy vrouens en kinders en sy knegte en sy diensmeisies en sy skape en sy beeste en sy kamele. Met alles wat hy het, het hy teruggegaan. Soos Abraham vroeër na Kanaän getrek het, so het hy ook gegaan.

Hy het uit sy eie land weggegaan: 'n arme vlugteling, heeltemal alleen.

As 'n ryk man kom hy nou terug met 'n klomp mense en diere wat almal aan hom behoort.

So goed het die Here vir hom gesorg . . .

Sy oom wou eers nie gehad het hy moet weggaan nie. Hy wou hê hy moes daar bly. Maar die Here het gesê: "Pasop, as jy Jakob nie laat trek me!

En toe durf sy oom niks doen nie.



Dit was 'n baie lang en 'n moeilike reis . . .

Maar eindelik was Jakob tog naby die land waar hy vroeër saam met sy vader en moeder gewoon het.

Maar toe word hy skielik bang! Want toe dink hy weer aan alles wat vroeër gebeur het. En dat sy broer Esau so kwaad vir hom was. So vreeslik kwaad dat hy hom wou doodslaan! Dit was mos die rede waarom Jakob so lank gelede weggevlug het . .. .

Sou Esau miskien nog altyd daaraan dink? Sou hy nog so kwaad vir Jakob wees? ...

Jakob het gehoop dat Esau dit al vergeet het. Want Esau was so sterk en so onverskillig! As hy teen Jakob moes veg, sou Jakob maar

seker verloor het! . . .

Toe dink Jakob: "Wag 'n bietjie . . . Ek gaan vir Esau 'n boodskap stuur dat ek terug is en dat ek graag goeie vriende met hom wil wees . . ."

Dit het hy toe gedoen. Hy stuur ook vir Esau 'n present: 'n mooi klomp skape, bokke, kamele en nog ander goed. Sommer 'n hele trop vee. 'n Paar knegte het die diere na Esau geneem.

Maar toe die knegte terug kom, vertel hulle: "O, meneer, Esau kom al aan! En hy het 'n hele klomp sterk manne by hom — omtrent vierhonderd! En hulle almal het swaarde by hulle waarmee hulle kan veg . . ."

Jakob het baie geskrik. Hy was so bang. Hy kon glad nie slaap nie. Toe al die ander al slaap, was hy nog buite in die donker. Hy het gedink: "Nou kom Esau om my te straf. Se nou net hy maak ons almal dood . . ."


Maar toe dink hy aan die Here. *Hy* het mos beloof dat Hy vir Jakob sou sorg.

Ernstig bid hy toe: "O, liewe Here, help my. U het dit tog beloof. Ek is so bang vir Esau . . ."

En meteens was daar 'n engel. Dié het die hele nag by Jakob gebly. En toe dit begin oggend word, was Jakob nie meer bang nie. Toe het hy geweet dat Esau hom geen kwaad sou aandoen nie, omdat die Here self by hom was.

Daardie selfde dag het Esau gekom.

Die aarde het gedreun soos die klomp daar aangejaag gekom het. In 'n stofwolk het hulle daar aangekom.



Die groot swaarde het eintlik in die son geblink. Dit het baie gevaarlik gelyk. Maar Jakob was nie meer bang nie.

Hy het ewe kalm na Esau toe gegaan.

En toe . . .

Toe loop Esau na hom en slaan sy sterk arms om Jakob en . . . gee hom 'n soen! . . . Hy was glad nie meer kwaad nie. O nee, hy was bly dat sy broer teruggekom het.

Hoe wonderlik was dit tog nie! Die Here het dit alles so laat gebeur. Hy het die boosheid uit Esau se hart weggeneem.

Die twee broers het so saam in 'n tent gaan sit en gesels. Daar was so baie om vir mekaar te vertel. Later het die kinders ook gekom om vir oom Esau 'n soen te gee. Dit het 'n mooi dag geword.

Maar voor dit nog aand was, het Esau weer weggegaan. En Jakob het verder gereis na die land Kanaän. So het hy eindelik weer tuis gekom.

Moeder Rebekka was al dood. Maar Isak het nog geleef. Hy was baie bly dat sy seun teruggekom het.

En later, toe Isak ook dood is, het Jakob in sy tent gewoon. Toe was *hy* die vriend van God.

## *12. DIE SEUNS WAT VIR HUL VADER GEJOK HET*

Weet julle wie Josef was? Josef was 'n seun van Jakob. Hy het 'n hele klomp broers gehad.

Tien groot broers en één klein boetie.

Sy naam was Benjamin. Vir die ou kleintjie was vader Jakob baie lief. Maar vir Josef was hy nog die liefste.

Vader Jakob het van Josef meer gehou as van al sy ander seuns. Hy het hom partykeer so

'n bietjie bederf en voorgetrek. Hy het vir hom 'n pragtige kleed met allerhande kleure gegee.

Vir hom alleen.

Klein Benjamin het elke dag tuisgebly by sy vader.

Josef was ook dikwels tuis. Maar al die ander, die tien

groot broers, was die hele dag buite in die veld. Hulle

het die skape en ander diere opgepas.

Partykeer het Josef vir hulle gehelp. Maar hulle was

nie daaroor bly nie, want hulle was kwaad vir Josef.

En weet julle waarom? . . . Daar was sommer 'n hele

klomp redes daarvoor:

Omdat *hy* so 'n mooi kleed gekry het en *hulle* nie.

Maar ook omdat hulle soms verkeerde dinge gedoen


het, en dan het Josef dit vir hulle vader vertel.

En ook nog omdat Josef soms sulke snaakse drome gedroom het.

Eenkeer het Josef gedroom dat hy saam met sy broers op 'n koringland was. Die koring was al afgesny. Dit moes nog net in bondels vasgebind word. Sulke bondels noem 'n mens gerwe.

Josef het 'n gerf gebind en dit op die land neergesit. Maar kyk, daardie gerf gaan toe regop staan en *bly* ook staan. Dit was alte snaaks! . . . En daar kom die gerwe van sy. broers soontoe, net asof hulle kon loop. Toe hulle by Josef se gerf kom, gaan hulle in 'n kring rondom staan en buig diep.





Die snaakse droom kon Josef nie vergeet nie. Daarom vertel hy dit toe aan sy broers. Maar hulle het kwaad geword en gesê: "Jy sal daarvan hou, nè, dat ons voor jou buig? Dat jy die baas oor ons almal word . . . Maar dit sal nooit gebeur nie, hoor, jou lelike dromer! . . ."

Op 'n ander keer het Josef nog 'n snaaksser droom gehad. Toe het die son, die maan en elf sterre van die hemel af gekom en voor hom gebuig.

Toe hy dit vertel, het selfs sy vader ontevrede gevoel en gesê: "My seun, watter soort drome het jy dan? . . . Dink jy tog nie dat ons almal nog eendag voor jou sal buig nie — ek, jou moeder en jou broers? Dit kan tog nie gebeur nie, my seun!"

Maar Josef kon daar niks aan doen nie. Hy het dit tog net so gedroom. Vader Jakob kon dit nie vergeet nie. Hy het nog dikwels aan die drome gedink.

Maar die broers was toe baie kwaad! Hulle wou Josef sommer slaan, só kwaad was hulle.

Hulle wou hom doodslaan!

Maar dit durf hulle nie doen nie. Vader Jakob was daar hy hulle.


Eenkeer het die broers baie ver weggegaan met die skape. Vir 'n hele ruk het Jakob niks van hulle gehoor nie.

Toe se Jakob vir Josef: "Jy moet 'n bietjie gaan kyk hoe dit met jou broers gaan. Dan moet jy gou weer terug kom om vir my nuus van hulle te bring. Ek voel onrustig oor hulle."

Josef is toe daar weg om sy broers te soek. Hy het lank en oral in die veld rondgesoek, maar kon hulle nêrens vind nie. Eindelik het 'n man wat hy langs die pad gekry het, hom vertel waar hulle is. En toe kom hy naby hulle en sien hulle.

Maar hulle het hóm ook gesien, die slegte broers.

"Kyk," sê hulle vir mekaar, "daar kom die dromer aan.! Nou het ons hom! Nou is ons vader mos nie by nie. Weet julle wat ons kan doen? Ons slaan hom dood. Dan gooi ons hom in hierdie put. Ons kan maar vir ons vader vertel dat 'n wilde dier hom opgeëet het! Dan sal ons sien wat van al sy mooi drome word! ..."



Hulle het hom gegryp en hom in

die put gegooi

.

44



Maar die oudste broer sê: "Nee, kyk, dit doen ons nie. Ons maak hom nie dood nie. Gooi hom liewer *lewendig* in die put."

Die oudste broer se naam was Ruben. Hy was nie so sleg soos die ander broers nie. Maar hy was vir hulle bang, daarom het hy dié slim plan gemaak. Hy het gedink: "As dit vanaand donker word, sal ek Josef weer stilletjies uithaal ..."

Toe *gryp* hulle Josef. Hulle skeur sy mooi kleed van sy lyf af en gooi hom in die put. Die arme Josef het gehuil en gesoebat, maar hulle het niks omgegee nie.

"Reg so," het hulle gesê, "lê nou maar daar! . . . Droom nou maar dat jy die baas oor ons is! .

. ."

Toe gaan sit hulle daar naby die put en eet. Ja, hulle kry dit regtig reg om lekker te sit en eet terwyl hulle broer daar naby lê en kerm.

Maar Ruben was nie so sleg en so wreed nie. Hy wou Josef liewer nie hoor nie. Toe loop hy die veld in. "Wag maar," het hy gedink, "as dit net eers donker is ..."

Ja, dit was 'n oulike plan van hom . . .

Daar was gelukkig nie water in die put nie.

Josef kon nie verdrink nie. Maar hy kon ook nie uitkom nie. Die walle was te hoog en te glad.

Van al hier die dinge het sy vader niks geweet nie. Hy was ver weg. Hy kon hom nie help nie.

Josef was so bang. Hy het gehuil. Maar toe dink hy aan die Vader in die hemel. Hy het Josef gesien. Hy kon hom ook help. En toe Josef daaraan dink, was hy ook nie meer so bang nie.


Meteens hoor hy stemme. Daar is sy broers weer. Mag hy nou uitgaan? ... Ja, gelukkig.

Hulle trek hom met 'n tou na bo . . .

Maar watter vreemde manne is daar dan ook? Hulle het kamele by hulle met groot pakke op die rug. Dit lyk na handelaars uit 'n

vreemde land. En waarom hou hulle Josef so vas en bekyk hom van alle kante? . . .

45



Die vreemde manne gee toe geld aan die broers. Toe bind hulle Josef met 'n tou vas en trek hom na die kamele toe. Toe eers verstaan Josef wat met hom gebeur het.' . . . Die broers het hom *verkoop* aan die vreemde manne . . . Hulle bind hom vas aan een van die kamele.

So moes hy saamgaan na 'n land ver daarvandaan.

Hy het bitterlik gehuil en geroep: "Help my tog, help my tog, ek wil na my vader gaan!" Maar die broers kry hom glad nie jammer nie. En Ruben was nie daar nie. Toe Josef al baie ver weg was, het hy eers teruggekom. Maar toe was dit te laat! Van al sy slim planne het niks gekom nie.

"Ag tog," roep Ruben uit, "wat sal vader daarvan sê?"

Maar die ander het 'n plan gemaak. Hulle was nie bang om 'n leuen te vertel nie. Ja, hulle was sommer slegte mense. Hulle het 'n bokkie

geslag en die bloed aan Josef se mooi kleed gesmeer. Só stuur hulle dit toe na hulle vader en sê: "Kyk bietjie, vader, dit het ons in die veld gekry. Is dit nie miskien Josef se kleed nie?"

Só het hulle hul vader bedrieg. Want toe Jakob daardie kleed sien, het hy gemeen dat 'n wilde dier Josef opgeëet het. Hy was so hartseer, die arme ou man. Hy het gesê: "Noudat my liewe Josef dood is, sal ek nooit weer gelukkig kan wees nie."

Arme Jakob!

Hy het nie geweet dat die bloed op die kleed maar die bloed van 'n bokkie was nie . . .

Maar . . . het hy self, lank gelede, nie ook sy vader bedrieg nie? Met 'n bokkie en 'n kleed? . .

. Toe hy gemaak het asof hy Esau was?

Nou is hy self bedrieg.

Dit was sy straf.

## *13. 'N GOEIE MAN GAAN TRONK TOE*

Vader Jakob het gedink dat Josef dood is. Maar dit was nie so nie!

Hy was in 'n ver, vreemde land. Daarheen het die vreemde handelaars hom geneem. Die land se naam was Egipte,

Hulle het Josef na die mark geneem. Daar het hulle hom aan 'n ryk man verkoop. Sy naam was Potifar.

Josef was toe die slaaf van daardie man. Hy het Josef mos gekoop. En al het Josef ook nog so baie na sy vader verlang, mag hy nooit weer van Potifar af weggegaan het nie.

Potifar het nog baie ander slawe ook gehad. Hulle moes die hele dag hard werk. En as een van hulle partykeer bietjie lui was of gekla het, het hulle hom met 'n sweep geraps.

Maar Josef was nie lui nie. Hy het ook nie gekla nie.

Hy het elke dag, fluks gewerk. Want hy het gedink:

"Die Here sien my altyd; ook hier in die vreemde land.

Die Here wil hê dat ek my werk goed moet doen en

daarom gaan ek fluks wees."

Alles het goed gegaan. Die Here het vir Josef gesorg.

Hy het Josef ook met sy werk gehelp. Hy het Josef

geseën.

Potifar het 'n groot tuin gehad. As. Josef daar gewerk

het, het die blomme baie mooier gegroei en geblom

as wanneer 'n ander slaaf daar was. Potifar het ook 'n

stal met perde gehad. En as Josef vir die perde

gesorg het, was hulle almal sterk en gesond. Waar



Josef ook al gewerk het, daar het dit baie goed gegaan. Hy was die beste slaaf van almal.

Dit het Potifar gesien.

Toe sê hy: "Josef, jy mag die baas wees oor al my ander slawe en oor al my diere en oor my blomme. Ja, oor alles wat ek het."

Dit was darem gaaf! . . . Toe hoef Josef nie meer so hard te werk nie. En toe mag hy ook oral kom. Ook in die mooi huis van sy baas. Ook in die mooi kamers van die mevrou ...

Maar daardie vrou, sy was 'n valse vrou. Sy het nie omgegee om slegte dinge te doen nie.

Een dag sê sy vir Josef: "Kom saam met my, dan gaan ons kwaad doen. Dan gaan ons my man bedrieg. Hy sien dit tog nie."

Maar dit wou Josef nie doen nie!

Toe antwoord hy haar: "Nee, mevrou, dit doen ek nie! Al sien u man dit nie, die Here sien dit! Sal ek dan so 'n groot kwaad doen en teen

God sondig?"

Hy wou glad nie na haar luister nie. Maar sy het aangehou. Sy wou Josef nie met rus laat nie. Sy wou haar sin hê. En eendag toe Potifar weg was, het sy Josef aan sy kleed gegryp en hom na haar toe getrek.

"Jy *moet* na my luister," het sy gesê. "Jy *moet* doen wat ek vir jou sê! " . . .

Maar Josef het homself losgeruk en weggehardloop. Sy kleed het agtergebly. Dit het die vrou nog vasgehou. Maar hy het nie omgegee nie. Hy wou geen slegte dinge doen nie.

En luister nou mooi hoe 'n valse vrou sy was.

Sy begin baie hard te roep en te kerm: "Help, help, Josef wil my kwaad doen!"

Die ander slawe het aangehardloop gekom. Hulle het haar geglo. Josef was wel nie daar nie, maar sy kleed was in haar hande. Hy was dus daar gewees.

Toe Potifar tuiskom, het hy die storie ook geglo. Hy het verskriklik kwaad geword vir Josef.

"Gryp die kêrel en gooi hom in die tronk!" het hy uitgeroep.

En hulle het dit dadelik gedoen.

Arme Josef! . . .

Daar sit hy toe in die tronk waar ook al die diewe en moordenaars en ander kwaaddoeners is. In 'n klein, donker kamertjie het hy gesit, heeltemal alleen. In 'n klein, donker hokkie . . .

Hy het niks gedoen nie en tog word hy gestraf. Dit was verskriklik!

Het Josef kwaad geword daaroor? Het hy miskien partykeer van woede geskreeu? Het hy nie dalk teen die deur geskop nie? . . .

Nee, glad nie. Josef het dit nie gedoen nie. Want hy was nie alleen nie.' Die Here was by hom. En die Here het geweet dat Josef nie 'n kwaaddoener was nie. Hy het Josef getroos:

"Toe maar, Josef," het die Here in sy hart gesê, "moenie verdrietig wees nie. Ek het jou lief.

En Ek sal vir jou sorg, ook hier."

Dit het die Here ook gedoen. Hy het vir Josef gesorg.

Elke dag het die deur van die kamertjie oopgegaan. Dan het daar 'n man gekom wat vir Josef sy kos gebring het. Dit was die man wat die gevangenes moes oppas. Elke dag het hy Josef so sien sit, stil en geduldig. Dan dink hy: "Watter snaakse seun is dit! Hy kan nog nooit

'n kwaaddoener wees nie . .. ."

En toe sê hy: "Kom bietjie hier, Josef. Kom uit daardie kamertjie uit. Jy kan iets vir my doen.

Jy kan help *om* vir die ander gevangenes hulle kos te bring . . ."

Dit wou Josef baie graag doen. Ook hier het hy toe fluks gewerk en die Here het hom geseën. Op die ou end mag hy vir al die gevangenes gesorg het.

Maar tog het hy self nog 'n gevangene gebly. Hy mag nie uit die gevangenis gegaan het nie.

Eendag het daar twee nuwe gevangenes gekom. Hulle was twee deftige menere, mooi aangetrek. Hulle het uit die paleis van die koning gekom. Die een was die skinker van die koning. Hy moes altyd

die wyn vir die koning klaar maak en inskink. Die ander was die bakker van die koning. Hy moes altyd die brood en die koeke vir die koning bak.

Maar nou was hulle in die tronk. Die koning was kwaad vir hulle altwee. Nou was hulle ook nie meer so baie deftig nie. Soos al die ander was hulle nou maar arme gevangenes.

Ook vir hulle moes Josef elke more kos bring. Een oggend toe hy weer by hulle kom, sien hy hulle so bang en verdrietig daar.

"Wat makeer julle?" vra Josef.

"Ag," antwoord hulle, "ons het altwee sulke snaakse drome gehad. Dit lyk vir ons asof die drome iets beteken, maar ons weet nie wat nie."

"Wat het julle dan gedroom?" vra Josef.

Toe vertel die skinker eerste.

Hy sê: "Ek droom dat ek weer vry is! . . . Ek sien 'n mooi wingerdstok. Daaraan was drie lote met pragtige druiwetrosse. Ek het die goue beker van die koning in my hand gehad. Toe druk ek die sap van die druiwe in die beker — dit was 'n lekker beker wyn. Ek het dit aan die koning gegee . . ."

Toe lyk Josef baie bly. Want *hy* het geweet wat die droom beteken. Die Here het dit vir hom gesê.

Hy sê toe vir die skinker: "Dit is 'n mooi droom. Die drie takke is drie dae. Oor drie dae sal jy vry wees. Dan sal jy weer die koning se skinker word."

En toe vra Josef: "As jy nou vry is, sal jy dan vir die koning vra om my ook uit die tronk te laat kom? Want ek het niks verkeerds gedoen nie."


Dit het die skinker beloof. Ja, hy sou enigiets beloof as hy tog net weer vry kon wees.

Toe vertel die bakker sy droom.


"Ek het ook gedroom dat ek weer vry is. Ek het in die straat geloop en drie mandjies op my kop gedra, aldrie bo-op mekaar. In die boonste mandjie was heerlike eetgoed vir die koning.

Maar toe kom daar voëls en eet alles op . . ."

Toe lyk Josef hartseer en hy sê: "Dit beteken nie iets moois nie. Die drie mandjies is ook drie 48







dae. Nog drie dae dan sal die koning jou straf. Hy sal jou doodmaak en jou liggaam ophang aan 'n paal en die voëls sal kom •en daarvan eet."

So het dit ook gebeur, drie dae later. Die skinker was weer vry. Die bakker is gestraf.

### *14. 'N GOEIE MAN WORD BELOON*

Josef het nog lank in die tronk gesit. Die skinker het hom vergeet. Maar •die Here het hom vrygemaak.

Weet julle hoe die Here dit gedoen het?

Luister 'n bietjie.

Dit was in die nag. Dit was donker.

Al die mense het geslaap.

Die koning het ook geslaap. Toe het die Here vir hom 'n droom gestuur.

Die koning het gedroom dat hy by die rivier staan. En uit

die water van die rivier het sewe koeie gekom — sewe

mooi, vet koeie. Hulle het begin eet van die lekker groen gras wat op die wal van die rivier gegroei het.

Maar toe kom daar wéér sewe koeie uit die water. Hulle was

lelike, maer, honger koeie. En reken 'n bietjie, hulle gaan na

die mooi koeie en eet hulle op! . . . Was dit nie snaaks nie?

... En hulle bly toe nog net so maer as wat hulle vantevore

was.

Vir hierdie snaakse droom het die koning geskrik. Hy het wakker geword. Gelukkig maar dat dit 'n droom was. Daarna

raak hy weer aan die slaap.

Maar weer droom hy so 'n snaakse droom! . . .

Hy sien hoe 'n koringplantjie groei. Daar kom sewe koringare aan, met mooi, ronde, vet korrels. Maar toe begin daar ook 'n ander plantjie te groei. Daaruit groei ook sewe are. Maar hulle was dowwe, leë are. Daar was nie eens één ou korreltjie koring in nie. Toe gebeur dieselfde ding as met die koeie. Die leë are buig oor na die vol are en eet hulle almal op . . .

Daarna skrik die koning weer wakker. Toe kon hy glad nie weer slaap nie. Hy roep sy knegte en vertel hulle wat hy gedroom het.

"Hierdie drome beteken iets ! " roep hy uit. "Dit beteken verseker iets. Vertel my tog wat dit beteken!"

Maar die knegte het nie geweet nie.

Die skinker was ook daarby. En *toe* dink hy meteens

aan Josef. Hy sal seker weet wat die koning se

droom beteken. Hy vertel dit toe aan die koning.

"Gaan haal hom dadelik," se die koning.

Toe word Josef uit die tronk uit gehaal. Hy word

gewas en kry skoon klere om aan te trek. Daarna

neem hulle hom na die koning.





Die koning vra: "Kan jy drome uitlê?"

Josef antwoord:

"Nee, koning, ek kan dit nie doen nie. Net die Here weet wat 'n droom beteken. *Hy* kan dit vir my se."

Toe vertel die koning wat hy gedroom het. Van die koeie en van die are. Sewe vet koeie en sewe maer koeie; sewe

mooi are en sewe lelike are . . .

Josef se: "Die twee drome het dieselfde betekenis. Daar sal eers sewe *goeie* jare kom. Dan sal daar baie koring op die lande groei. Maar daarna sal daar sewe slegte jare

kom. Dan sal

daar glad niks groei nie. En dan sal die mense ook niks te

ete hê nie ..."

"O, o," se die koning, "dan gaan almal dood van die honger!"

"Nee, koning," antwoord Josef, "want weet u wat u moet doen? U moet groot skure laat bou en dit vol koring maak.

In die sewe goeie jare sal daar *tog* baie koring wees. En as die slegte jare kom, dan het u genoeg koring om vir die

mense te gee. Daarom het die Here die drome vir u

gestuur sodat u vir die slegte jare kan sorg."

"Ja, dis waar," roep die koning uit. "O, Josef, jy is darem slim en verstandig. Ek wil hê *jy* moet daarvoor sorg. Jy mag die baas wees in die hele land en jy mag doen net wat jy wil. Net ek is die baas oor jou. Ek is die koning, maar jy is die onderkoning."

Toe haal hy sy mooi, goue ring af en steek dit aan Josef

se vinger. Hy trek ook mooi klere vir Josef aan en hang 'n goue ketting om sy nek.

Toe mag Josef op een van die koning se waens deur die stad ry, op één na die mooiste wa wat die koning besit.

Al die mense moes voor hom buig, byna net so eerbiedig asof hy die koning was.

Ook het hy 'n mooi paleis gekry om in te woon en 'n hele klomp knegte en allerhande mooi dinge. Hy het nou 'n baie ryk en belangrike man geword.

Maar Josef het nie hoogmoedig geword nie. Hy het maar alte goed geweet wie dit was wat dit alles vir hom gegee het!


Josef was bly en dankbaar. En in sy hart het hy gesê: "Liewe Here, baie dankie dat U so goed vir my gesorg het . . ."

## *15. DIE BROERS GAAN NA EGIPTE*

Alles het presies gebeur soos Josef gesê het. Eers was daar sewe goeie jare. Toe het daar baie koring in die land gegroei, eintlik te veel! Die mense kon nie alles opgebruik nie. Wat hulle te veel gehad het, het hulle alles na Josef gebring. Josef het groot skure laat bou. Dié het hy almal vol koring laat maak. Josef het baie koring gekry. En alles het hy weggebêre.

Daarna het die sewe slegte jare gekom. Toe het daar niks gegroei nie. Die son het alles verbrand. Oral het die mense honger gely. Net nie in Egipte nie. Daar was genoeg koring.

Baie skure vol koring. Daardie koring het Josef toe aan die mense wat honger gely het, verkoop. Uit baie ander lande het ook mense gekom om by Josef koring te koop.



Eendag het daar tien manne, elkeen met 'n donkie, aangekom. Hulle wou ook koring koop.

Hulle het leë sakke saamgebring.

Toe skrik Josef. Want die tien manne was sy eie *broers* ! . . . Sy broers wat vroeër so kwaad vir hom was en wat hom aan die handelaars verkoop het. Ja, hulle wat glad nie vir hom jammer was nie. Josef het hulle nog goed geken . . .

Maar hulle het Josef nie geken nie, want Josef was nou 'n groot man en nie meer 'n seuntjie nie. En hulle het diep voor hom gebuig, voor dié deftige onderkoning. Ja, hulle het regtig gebuig! . . .

So het Josef se droom tog waar geword.

Ja, nou het Josef hulle in die hande! Nou kon hy hulle straf vir wat hulle aan hom gedoen het. Hy kon hulle almal in die tronk laat stop. As hy wou, kon hy hulle almal laat doodmaak!

Maar hy het dit nie gedoen nie. Hy was nie kwaad vir sy broers nie. Ja, hulle het hóm baie swaar laat kry. Maar hy wou vir hulle goed wees. Hy wou hulle alles *vergewe* wat hulle aan hom gedoen het.

Hy het gewonder: "Sal ek hulle vertel dat ek Josef is? . . . Nee, dit gaan •ek nie doen nie. Ek moet eers weet of hulle nog sulke slegte mens is. Want waar is Benjamin? Het hulle hóm dalk ook verkoop? . . ."

Toe kyk hy streng, na hulle en vra: "Waar kom julle vandaan?"

Wanneer ons na die hoë kranse


en groot berge kyk, sien ons hoe

wonderlik die Here is war alles

gemaak het.

Hulle antwoord: "Uit die tand Kanaän, meneer."

Toe vertel hulle alles: van hulle ou vader en van hulle jongste broer wat tuis gebly het ... En dat hulle so honger gely het . . .



Die onderkoning maak asof hy baie kwaad is. Hy sê: "Ja, dit is die storie wat julle my vertel.

Maar dis alles leuens. Julle is slegte vyande. Ja, spioene, dis wat julle is. Eers kom net 'n paar van julle om alles hier deur te kyk. En later kom daar 'n klomp om alles hier te steel."

Toe skrik die broers! . . .

"Nee, meneer," sê hulle, "ons is nie spioene nie! Ons is goeie, eerlike mense! . . . Ons het maar net gekom om koring te koop."

Maar dit het niks gehelp nie. Die onderkoning het hulle nie geglo nie.

Hy sê weer: "Ek wil sien of julle die waarheid praat. Gaan huis toe en gaan haal julle jongste broer. Dan sal ek julle glo. Maar één van julle moet hier bly. Dan weet ek verseker dat julle weer sal terugkom."

So moes hulle toe maak. Simeon het gebly. Die ander kon huis toe gaan. Nou het hulle weer brood gehad, maar hulle het nie gelukkig gevoel nie. Want Simeon moes in die vreemde land agterbly. En vader Jakob wou Benjamin nie laat saamgaan na die streng onderkoning nie. Hy was te bang dat daar ook met Benjamin iets kon gebeur.

Maar eindelik moes hy tog gaan. Want die koring het weer opgeraak. Oor 'n rukkie sou hulle niks meer hê om te eet nie. En sonder Benjamin durf die broers nie weer na Egipte gaan nie.

Want dan sou die onderkoning dink dat hulle leuenaars is.

52

Toe sê Juda: "Laat hom maar gerus saamgaan, vader. *Ek* sal vir hom sorg."

"Toe dan maar," antwoord Jakob. "Neem hom dan maar saam. Ek sal bid dat God vir julle moet sorg.'

Toe gaan almal weer op reis. Eindelik kom hulle in Egipte aan. Daar het alles ook goed gegaan. Hulle word in die paleis van die onderkoning gebring. Simeon is na hulle teruggebring. En die streng onderkoning was ook vriendelik met hulle.

Josef was so bly, só bly. Toe hy Benjamin sien, het hy sommer gehuil van blydskap. Maar hy het gou-gou na 'n ander kamer gegaan. Daar het hy sy trane af gewas.

Die broers het ook ete in die paleis gekry. Benjamin ook. Hy het die beste en die meeste van almal gekry.

Hulle het ook lekker wyn gekry, net soos op 'n regte fees. En die onderkoning het by hulle gesit en saam met hulle gedrink. Hy het uit 'n mooi, silwer beker gedrink.

Maar toe hulle slaap, het Josef die leë sakke van sy broers vol koring laat maak. En die mooi silwer beker, die het hy stilletjies in Benjamin se sak gesteek . . .

Maar daarvan het die broers niks geweet nie. Die volgende oggend vroeg het hulle huis toe vertrek. Hulle was so bly! . . . Hulle het nou genoeg koring gekry en Simeon was weer by hulle. Boonop het Benjamin niks oorgekom nie. Hulle kan sing van blydskap! Hulle het so vinnig moontlik geloop om gou by die huis te wees om ook Jakob se hart bly te maak.

Maar toe hoor hulle 'n geroep agter hulle. Daar kom 'n klomp soldate aan. Die voorste soldaat skreeu: "Halt! . . . Bly dadelik staan! . . . Waarom was julle so skelm? Waarom het julle die silwer beker van die onderkoning gesteel?"

Die broers het geskrik. Maar toe word hulle ook kwaad. Hulle sê: "Ons hét niks gesteel nie!

Ons is nie diewe nie! Wat dink julle miskien? Soek maar ons sakke deur, hoor! En die een by wie julle die beker kry, mag julle maar

swaar straf."

"Goed," antwoord die soldate. "Die een by wie ons die beker kry, neem ons terug na die onderkoning toe."

En toe begin hulle te soek en te soek en te soek ... En wat kry hulle eindelik in Benjamin se sak? . . . *Die beker*! Die silwer beker van die onderkoning! . . .

"Dis nie ek wat dit gedoen het nie!" roep Benjamin verskrik uit. "Ek het dit regtig nie gesteel nie. Ek weet nie hoe die beker in my sak kom nie!" . . .

Maar dit help alles niks nie. Die soldate gryp hom styf vas. Hy moes maar saamgaan.

Toe gaan al die broers ook terug. Hulle het Benjamin nie alleen laat gaan nie. Hulle was nou nie meer so sleg soos voorheen nie.

'n Rukkie later staan hulle weer voor die onderkoning. Maar toe was hy glad nie vriendelik nie. Hy lyk weer net so streng soos in die begin.

"Julle kan maar teruggaan," sê hy. "Benjamin moet *alleen* hier bly."

Maar hulle wou dit nie doen nie! . . . Hulle wou glad nie weggaan nie. Dié keer het hulle goed gesorg vir hulle jongste broer. Juda nog die meeste. Juda het gesê: "Ag, meneer, laat Benjamin tog maar huis toe gaan. Anders sal my ou vader seker van verdriet sterf. Laat *my* maar hier bly. Straf *my* maar en nie vir Benjamin nie. Want *ek* het beloof dat ek hom sou oppas . . ."

Toe kon Josef dit nie meer hou nie. Want toe het hy verseker geweet dat sy broers verander het.

Hy het in trane uitgebars en uitgeroep: "Ek is *Josef.* Leef my vader nog?"




Die broers het baie groot geskrik. Josef, vir wie hulle so swaar laat kry het? . . . Josef, wat hulle verkoop het? . . . Was dit Josef, hierdie streng onderkoning? ... O, hoe swaar sal hulle nou gestraf word! Nou was hulle eers bang vir hom.

Maar Josef sê: "Moenie bang wees nie, hoor! Ek is nie kwaad vir julle nie. Ek het julle alles vergewe. Julle het my baie sleg behandel, maar God het alles laat regkom. As ek nie na Egipte gekom het nie, sou julle nou niks gehad het om *te* eet nie."

Toe soen hy vir Benjamin en ook al die ander. Daarna stuur hy hulle gou huis toe, na vader Jakob toe. Hy het vir hulle mooi presente saamgegee.

Ook 'n mooi wa waarop sy vader kon ry.

En hy sê: "Julle moet vader gaan haal. Dan moet julle almal hier in die land kom woon. Dan sal ek sorg dat julle altyd genoeg het om te

eet."

Dit was 'n aangename terugreis vir die broers. Dié keer het daar geen soldate gekom om hulle terug te haal nie. Nou was al die mooi dinge wat met hulle gebeur het, regtig waar.

En hoe bly sou vader Jakob tog wees! . . .

## *16. JAKOB TREK WEER*

Vader Jakob het elke dag gewag en gekyk . . . gewag en gekyk . . . Toe eendag sien hy sy seuns aankom: Ruben, Simeon, Levi, Juda . . . ja, almal van hulle. Ook Benjamin. Ja, Benjamin het ook teruggekom. Hoe heerlik om hulle almal weer tuis te hê. God het Jakob se gebed vir hulle verhoor . . .

Maar wat hoor hy daar? . . . Wat roep hulle al van ver af? . . . Josef? . . . Sê hulle iets van Josef? . . .

"Vader, Josef leef nog!" roep hulle. "Hy is onderkoning in Egipte! "

Die ou vader Jakob het geskrik. Hy het eintlik bleek geword. Want hy het dit nie geglo nie. Hy kón dit nie glo dat sy liewe Josef nog leef en so 'n belangrike man geword het nie.

Maar toe sy seuns hom alles vertel en toe hy die mooi wa sien en al die^ pragtige presente wat Josef gestuur het, toe *moes* hy dit glo.

Só bly was hy nog nooit in sy lewe nie. Hy het sommer so deurmekaar gelag en gehuil van 54

pure blydskap.

*"Ek gaan soontoe," het hy uitgeroep.* "Ja, ek gaan saam. My seun Josef leef nog! En ek sal hom tog sien, voor ek sterwe.

Nie lank daarna nie het almal op reis gegaan. Jakob en al sy kinders. Die Here wou dit ook so hê. Die Here het gesê: "Gaan maar gerus,

Jakob. Ek sal vir jou sorg."

Juda het vooruit gegaan om vir Josef te gaan vertel dat vader Jakob aan die kom is. En toe Jakob naby Egipte kom, het Josef hom tegemoet gery op sy mooi, koninklike wa. Hy het vinnig gejaag. Toe hy sy vader sien, het hy vinnig afgespring en na sy vader gehardloop. Hy het sy arms om sy vader geslaan.

"O, my vader, my vader!" het hy uitgeroep.

"Josef, my liewe seun," het Jakob gesê.

Altwee het van blydskap gehuil.

*En Jakob het gesê: "Nou kan ek* tevrede sterwe, noudat ek jou weer gesien het, my seun ! "

In daardie vreemde land, Egipte, waar Josef onderkoning was, het Jakob en sy kinders toe bly woon. In een deel van die land. Die land se naam was Gosen.

Josef het vir hulle almal gesorg. As hy nie daar was nie, sou hulle almal van honger doodgegaan het. Hy het hulle gered. So was hulle almal baie gelukkig saam.

Maar toe Jakob eindelik sterwe, was hy nie hartseer nie. Want hy het geweet dat daar nog 'n tyd sal kom wat baie mooier en gelukkiger sal wees. En dat daar dan 'n Koning saf wees wat nog baie beter vir die mense sou sorg as wat Josef gedoen het.

Want eendag sou daar weer Iemand op die aarde wees met wie dit net so sou gaan as met Josef.

Hy sou ook baie swaar kry. Hy sou ook verkoop word aan slegte manne. En Hy sou ook 'n gevangene wees.

Maar Hy sou nog baie gehoorsamer as Josef wees. Hy sou God nog baie liewer hê.

En dan sou Hy ook Koning word. Nie net oor Egipte nie, maar oor die hele wêreld!

En dan, net soos Josef, sou Hy ook baie mense red van die dood. En Hy sou hulle vir altyd bly en gelukkig maak in Sy Koninkryk.

Aan dié Koning het Jakob gedink toe hy gesterwe het. En daarom was hy nie bang of ongelukkig nie.

Weet julle wie die Koning is? . . .

Dit is die Here Jesus wat ons ook gelukkig wil maak . . .

### *17. MOSES*

Daar was eendag 'n vader en 'n moeder. Hulle het in 'n klein huisie in die land Gosen gewoon. Hulle het drie kinders gehad.

Die oudste was 'n dogter. Haar naam was Miriam. Die tweede was 'n *seuntjie van omtrent* drie jaar oud. Sy naam was Aäron.

En dan was daar nóg 'n seuntjie. Maar hy het nog nie 'n naam gehad nie. Want hy was nog maar 'n heel klein babetjie.

Oor die oudste twee kinders was die vader en moeder baie bly. Maar oor die jongste kindjie nie so erg nie.

Waarom nie? . . . Was hy miskien. nie 'n liewe ou kindjie nie? ... O ja,, hy was baie lief. En dit 55



was so 'n mooi kindjie. 'n Skatlike klein seuntjie.

Maar sien, hulle mag eintlik daardie kindjie nie gehad het nie. Hulle moes hom in die water gegooi het. In 'n groot rivier daar naby. Dit het die koning gesê. So 'n lelike, slegte koning, was hy!

Maar die vader en moeder het dit nie gedoen nie. Natuurlik nie! Hulle was gans te lief vir hulle kindjie. En hulle het geweet die Here wou ook nie hê dat hulle so iets doen nie. Moes hulle so 'n liewe, klein seuntjie verdrink, wat die Here Self vir hulle gegee het? . . . Dit sou sonde wees!

Nee kyk, al het die slegte koning dit *gesê, het* die vader en moeder dit tog nie gedoen nie.

Wat die Here wou hê, dit het hulle gedoen. Hulle het hulle kindjie weggesteek in 'n donker hoekie in hulle huis, sodat die slegte koning hom nie kon vind nie. En hulle het vir Miriam en Aäron gesê: "Julle mag. vir niemand vertel dat julle so 'n klein boetie in die huis het nie. Want as die slegte koning dit hoor, stuur hy sy soldate om julle broertjie te kom haal en in die water te gooi. Sal julle niks vertel nie?"

"Nee, moeder," het hulle altwee belowe.

En hulle het dit ook gedoen. Hulle wou hulle boetie alte graag behou.

Die vader het elke more vroeg werk toe gegaan. Hy moes die hele dag hard werk vir die slegte koning. Hy en al die ander mans wat ook daar gewoon het.

Hulle moes stene maak. En van die stene moes hulle mure bou en huise en paleise. 'n Hele stad moes hulle bou. En die wat nie hard genoeg gewerk het nie, het pak gekry.

Hulle het wel gekla, die arme mense. Maar dit het niks gehelp nie. Want die koning het oor hulle almal baasgespeel. Sy knegte en sy soldate was ook baas oor hulle. Hulle was die Egiptenare. Hulle het altyd in daardie land gewoon.

Daardie vader en al die ander mans het *nie* altyd daar gewoon nie. Hulle was ook nie Egiptenare nie.

56

Weet julle wie hulle was? Hulle was die kinders van Jakob.

Julle weet mos dat vader Jakob in Egipte gaan woon het. Toe Josef nog daar onderkoning was.

Maar nou was Jakob dood. En Josef ook. En Ruben en Simeon en die ander broers. Ja, almal was al dood. Maar hulle kinders het daar bly woon. Hulle almal saam noem ons die volk van Israel of die Israeliete.

Eers was hulle maar 'n klein volkie. Maar nou nie meer nie. Hulle het intussen 'n groot volk geword. Want elke dag is daar kindertjies gebore. Dié het grootgeword en ook weer kindertjies gekry. So het die volk van Israel al hoe groter geword.

Toe kom daar 'n nuwe koning in die land wat Josef glad nie geken het nie. Hy het ook nog nooit van hom gehoor nie en nie geweet dat Josef die land van 'n hongerdood gered het nie.

Die koning het bang geword vir die groot volk van Israel. Hy het gedink: "Die volk mag nie groter word nie. Anders word hy sterker as die Egiptenare. Dan sal hulle oor ons baas speel.

En dit mag nooit gebeur nie. *Ons* is die baas hier en ons moet dit *bly*!"

Dit was die rede waarom al die babaseuntjies van die Israeliete doodgemaak moes word.

Sodat die volk nie groter mag word nie.

Die dogtertjies mag maar bly lewe het. Vir vrouens en meisies was die koning nie bang nie . .

.

Maar niemand het geweet dat daar in daardie klein huisie so 'n pasgebore seuntjie was nie.

Die moeder het hom vir drie maande lank baie goed weggesteek.

Maar toe het dit bietjie swaar gegaan. Want die kindjie het partykeer so hard gehuil. Hy het so 'n harde stemmetjie gekry. 'n Mens kon hom op straat hoor.

En in die straat . . . daar het partykeer soldate van die koning verbygeloop. Hulle sou die kindjie hoor! Dan sou hulle in die huis kom en hom kom haal en hom tog nog gaan verdrink.

En dan sou die moeder daar niks aan kon doen nie.

Wat moes sy nou maak? Sy was so bekommerd dat sy glad nie meer kan slaap nie. Sy durf haar kind nie langer in die huis hou nie. En tog het sy nie geweet waarheen om hom te neem nie.

Maar toe kry sy skielik 'n plan. Sy het na die groot rivier daar naby gegaan en takkies en biesies gepluk. Dit het langs die kante van die rivier gegroei. Van die takkies en biesies het sy by die huis 'n mandjie gevleg. Al die gaatjies het sy goed toegesmeer met pik sodat daar glad nie water kon deurgaan nie. Nou was dit 'n goeie wiegie, 'n mandjie vir die baba. Toe alles klaar was, het sy kombersies en 'n kussinkie daarin gesit en haar kindjie daarin neergelê. Sy het hom sy kossies laat drink en hom toe warmpies toegemaak.

Toe neem sy die mandjie in haar arms en gaan daarmee by die deur uit. Miriam mag saam gegaan het. Hulle het na die rivier gestap waar al die klein seuntjies verdrink moes word.

Maar die moeder het nie haar seuntjie verdrink nie! Natuurlik nie! Sy het in die water geloop en die wiegie baie versigtig tussen die biesies neergesit. Daar naby die kant was die water nie so baie diep nie.

Daar dryf die wiegie toe op die water. Dit het amper soos 'n klein bootjie gelyk. In daardie bootjie het die ou seuntjie geslaap. Wat sou daar nou met hom gebeur?

Die moeder het opgekyk na die hemel en gebid: "O, liewe Here, nou moet U maar vir my kindjie sorg. *Ek* kon dit nie meer doen nie. . Ek durf dit nie meer doen nie. Maar ek weet as U

vir my kindjie sorg, sal dit met hom goed gaan. Dan kan hy geen kwaad oorkom nie."

Die moeder het weer teruggegaan huis toe. Maar Miriam het nie saamgegaan nie. Sy het 57

daar by die rivier agtergebly. Sy het die wiegie opgepas. So tussen die riete het sy weggekruip.

Dit was warm en stil daar by die water. Die son het geskyn. Die wiegie het saggies heen en weer op die golfies geskommel. 'n Voel het daar naby sy liedjie gesing. Verder was alles rustig. Niks besonders het gebeur nie.

Maar toe *meteens* ... toe gebeur daar tog iets! Daar het voetstappe aangekom. Mense het gesels-gesels nader gekom.

Miriam het deur die riete geloer. Daar het 'n mooi jong vrou aangestap gekom. Dit was die prinses. Sy was die dogter van die slegte koning. Haar diensmeisies was ook by haar.

Die prinses wou kom baai in die rivier. Want dit was so warm. Sy het al langs die kant geloop om 'n mooi, geskikte plekkie te soek ... En toe sien sy meteens die wiegie!

Sy roep uit: "O, kyk 'n bietjie wat is dit daardie! Gaan haal dit gou dat ek kan sien."

Toe loop een van die diensmeisies in die water in en gaan haal die wiegie uit. Die kindjie het geslaap. Toe hy sy ogies oopmaak, sien hy die vreemde mense. Hy trek sy lippie lank en begin te huil. Toe die prinses hom so sien, het sy hom baie jammer gekry. Sy was nie so sleg soos haar vader nie.

Sy sê net: "Ag, watter liewe ou kindjie is dit tog! Dit is seker 'n seuntjie van die Israeliete.

Maar *hierdie* seuntjie sal *nie* verdrink word nie, hoor. Daarvoor sal ek sorg. Ek het hom hier gekry. Hy moet *my* seuntjie word. En weet julle wat gaan ek sy naam gee? . . . Moses! Dit is

'n mooi naam vir hom. Want dit beteken: uit die water gehaal."

Maar die ou kleintjie het so droewig gehuil. Hy was seker honger. En gewone kos kon hy nog nie eet nie. Hy moes nog melk drink by sy moeder. Maar die moeder was nie daar nie. Wie moes die kindjie nou melk gee om te drink? Die prinses? Sy kon nie. En die diensmeisies kon ook nie . . .

Maar toe kom daar skielik 'n dogtertjie tussen die riete uit. Dit was Miriam. Sy het alles gehoor. Toe vra sy: "Sal ek 'n vrou gaan haal wat die kindjie kan laat drink?"

Ja," antwoord die prinses, "gaan haal maar gou-gou iemand."

Daar hardloop Miriam toe vinnig weg. En wie dink julle het sy gaan haal? . . . Natuurlik haar moeder.

Die prinses vra vir haar: "Sal jy my kindjie wat ek hier gevind het, laat drink?"

"Graag, prinses," antwoord die moeder.

"Neem hom dan maar na jou huis toe," sê die prinses. "Hou hom maar by jou en sorg goed vir hom. Ek sal jou daarvoor betaal. Maar sodra hy groot is en self kan eet, moet jy hom vir my bring."

"Goed, prinses," antwoord die moeder.


Hoe bly was sy nou. Vrolik het sy haar kindjie huis toe gedra. God het haar gebed verhoor.

Hy het vir die kindjie gesorg. Hy mag bly lewe het en sy het ook nog betaling gekry omdat *sy* hom opgepas het.

Nou hoef sy hom nie meer in 'n donker hoekie weg te steek nie. En vir die soldate van die koning hoef sy ook niks meer bang te wees nie. Vir hulle het sy net gesê: "Gaan hier weg.

Hierdie kindjie is die prinses s'n. Gaan vra maar by die paleis as julle my nie wil glo nie."

Daardie dag was daar blydskap in daardie klein huisie. God het die mense gelukkig gemaak.



Die dogter van Farao kry vir Moses in die

biesies.



### *18. MOSES WORD 'N PRINS*

Moses het lank by sy moeder gebly. Hy het daar geleer loop en geleer praat. Elke dag het hy mooi met sy broertjie en sussie gespeel. Maar as sy moeder stories begin vertel, het hy gou-gou op haar skoot gaan sit en luister.

*Sy* moeder het vir hulle ook *vertel* dat die volk Israel later sou weggaan na 'n ander land, waar daar nie 'n slegte koning is nie. En waar niemand meer oor die volk sou baasspeel nie.

Dit het die Here Self gesê. Baie lank gelede al vir vader Jakob.

"Israel is die volk van God," het sy moeder gesê. "Ons hoort nie hier nie. Ons hoort in 'n ander land wat baie mooier as dié land is. Dit is die land Kanaän. Dit is die land waar vader Jakob ook vroeër gewoon het, voordat hy na Egipte gekom het. En daarheen sal God ons eendag terugbring. Ons almal sal nog eendag daarheen trek."

"Dan wil ek ook saamgaan," het Moses gesê.

Hy het dit ook nooit vergeet nie. Want wat 'n *gelukkige* dag sou dit tog wees as almal kon trek!

Maar voor daardie dag gekom het, moes daar eers nog baie dinge gebeur. Op 'n goeie dag moes Moses alleen weggaan. Sy moeder het hom na die prinses in die paleis gebring. Daar moes hy toe bly.

Nou het Moses 'n klein prins geword. Hy het mooi klere en mooi speelgoed gekry. En die prinses was toe sy moeder.

Tog het hy geweet dat sy nie sy *regte* moeder was nie! Nee, die arm vrou in daardie ou klein huisie, dit was sy moeder. Dié vrou wat hom partykeer op haar skoot getel het en sulke mooi stories van God en van die hemel vertel het — dit was sy moeder. Nee, die klein prinsie, Moses, kon sy eie moeder nooit vergeet nie.

Prins Moses het groter geword. Hy het sommer 'n groot man geword. Toe het hy self ook 'n paleis gekry. Daarby knegte en perde en waens en o, nog baie ander mooi dinge. En as hy in die straat loop, het die mense voor hom gebuig. Dan het hulle vir mekaar gesê: "Dis die seun van die prinses."

Maar as Moses dit hoor, dan dink hy by homself: "Nee, kyk, ek is nie die prinses se seun nie.

Ek *wil* nie haar seun wees nie. Ek is 'n seun van die arm vrou uit die volk van Israel . . ."

En as hy dan in die paleis terugkom en al die mooi dinge sien, het hy tog nie daarvoor omgegee nie. Nie die skatte van Egipte wou hy hê nie.

"Ek hoort nie hier nie," het hy gedink. "Ek wil nie 'n Egiptenaar wees nie. Ek wil 'n Israeliet wees. Want Israel is die volk van God!"

Prins Moses kon sy *eie volk* nie vergeet nie.

En hy kon *God* ook nie vergeet nie.

Eenkeer het Moses 'n ent gaan stap. Miskien het hy vir sy familie in die ou klein huisie gaan kuier.

Die Egiptenare was toe nog altyd baas oor sy volk. Die arme Israeliete moes nog steeds stene maak en huise bou. En die wat nie hard genoeg gewerk het nie, is baie geslaan.

Hieroor het Moses baie hartseer gevoel. Hy het gedink: "Waarom help God my volk dan nie?

Waarom laat Hy hulle dan nie na die mooi land Kanaän gaan nie?"

Toe hoor hy meteens iemand hard skreeu. Wie was dit? . . . Dit was een van die Israeliete. 'n Slegte Egiptenaar was besig om hom baie hard te slaan. Die arme man het gehuil en gesoebat, maar dit het niks gehelp nie. Die Egiptenaar het aangehou met slaan. Hy het die arme man nie eens jammer gekry nie.

60





Moses het baie kwaad geword. Hy het eintlik gebewe, só kwaad was hy. Toe dink hy: "As God my volk dan nie help nie, sal *ek* hulle help ..."

Vinnig kyk hy rondom hom, maar sien niemand daar naby nie. Toe spring hy op die Egiptenaar en slaan hom dood.

Daar lê die slegte man toe. Hy kon nooit weer die Israeliete laat swaar kry nie. Maar daar kan hy nie bly lê nie! Want niemand mag weet wat Moses gedoen het nie ... O, as die koning dit moet hoor! . . . Moses het gou 'n gat in die sand gegrawe. Daarin het hy die dooie man gesit en sand bo-oor gegooi. Hy het die grond mooi gelykgemaak, sodat niemand iets verkeerds kon sien nie. Ja, niemand het iets gesien nie, het Moses gedink. En niemand sou ook daarvan hoor nie . . .

Moses het ewe deftig na die paleis terug geloop. Maar sy hart het benoud geklop. Want die Here het dit tog gesien! En Moses het geweet dat wat hy gedoen het, nie reg was in die oë van die Here nie.

Moses het 'n moordenaar geword. En dit omdat hy so graag sy volk wou help . . .

As niemand dit gesien het nie, sou Moses nie gestraf word nie . . .

Maar die volgende dag het Moses weer gaan wandel. Daar hoor hy weer iemand skreeu. Word daar alweer iemand deur 'n Egiptenaar geslaan? . . .

Nee, die keer was daar nie 'n Egiptenaar by nie. Dié keer het twee Israeliete, twee broers, met mekaar gebaklei. Hulle het rusie gekry. En toe veg hulle met mekaar.

Moses het hartseer geword. Hy het gedink: "Hulle moenie met mekaar veg nie. Hulle moet teen die Egiptenare veg ..."

Toe sê hy vir die een man: "Se my, waarom slaan jy jou broer?"

Maar die man kyk hom kwaai aan en antwoord: "Dis

nie jou saak nie. Jy is nie die baas hier nie ..."

En toe vra hy meteens: "Of wil jy my ook doodslaan soos jy gister die Egiptenaar doodgeslaan het?"

O, toe skrik Moses baie! Hy het gemeen dat *niemand*

dit weet nie. En nou weet *almal* dit miskien! Dan sal die koning dit wel ook hoor!

Ja, die koning het dit gehoor. Hy het dadelik sy soldate

gestuur om Moses te gaan vang. Hy wou Moses straf.

Hy wou hom ook doodmaak.

Maar die soldate kon Moses glad nie kry nie. Want

Moses het gevlug. Hy was alreeds ver weg toe die

koning hom begin soek. Al verder en verder het hy

gegaan. Die wye wêreld in.

Nou was hy nie meer 'n prins nie.

Nou was hy 'n arme vlugteling.

Hy wou sy volk help, maar hy kon nie.

God alleen kon dit doen. En Hy sou dit ook doen. Hy het dit mos beloof. Moses moes maar net wag tot die regte tyd daarvoor gekom het . . .



## *19. MOSES WORD SKAAPWAGTER*

Moses was nie meer 'n prins nie. Hy was 'n arme vlugteling. Hy het ver weggevlug omdat die koning hom wou doodmaak.

Eindelik het hy in 'n vreemde land aangekom. 'n Land met hoe' berge. Die land se naam was Midian.

Een aand het Moses by 'n put gekom. Dit was 'n diep gat in die grond, met water daarin. Hy het daar gaan sit om uit te rus.

Toe kom daar sewe meisies aan met 'n groot trop skape. Hulle wou die skape laat water drink daar by die put. Met kruike het hulle die water uit die put geskep en dit dan in klipbakke gegooi vir die skape om te drink.

Maar toe kom daar 'n paar mans aan. Hulle het ook skape by hulle gehad. Hulle was ongemanierde mans, want hulle het die meisies weggejaag.

"Gee pad," het hulle gesê. "Ons skape moet eerste drink. Julle kan maar wag tot ons klaar is, hoor."

Die meisies was bang vir hierdie slegte mans en het maar eenkant toe gestaan.

Maar Moses was nie bang nie. Toe hy sien hoe gemeen hierdie mans was, het hy kwaad geword. Hy het voor die mans gaan staan en gesê: "Sal julle maak dat julle wegkom? . . . Die meisies was eerste hier, daarom moet hulle skape eerste drink. Pasop, hoor, as julle vir hulle hinder!"

Toe roep hy die meisies terug en help hulle met hulle skape. Gou-gou was hulle klaar en het vrolik huis toe gegaan.

Hulle was sewe susters. Hulle pa was 'n priester, 'n man wat die Here geken het.

"Maar julle is vroeg by die huis vanaand," se hy toe hulle daar aankom.

Toe vertel hulle hom van die vreemde man wat hulle so fluks gehelp het.

"En waar is die man nou?" vra hulle vader.

"Hy sit maar seker nog daar by die put," antwoord hulle.

"Nou gaan haal hom dadelik," sê die vader. "Hy is 'n goeie man. Hoekom het julle hom nie saamgebring nie? Hy moet vanaand by ons kom eet."

Op die manier het Moses in die ou priester se huis gekom. Hy het daar *geëet* Die nag het hy ook daar geslaap. Ja, hy het sommer daar

bly woon en glad nie meer weggegaan nie. Later het hy met één van die sewe susters getrou. Haar naam was Sippora.

Nou was Moses nie meer 'n vlugteling nie. Nou het hy weer 'n huis gehad. Nou het hy ook 'n vrou gehad wat vir hom gesorg het.

Hy moes ook werk sodat hulle kon kos hê om te eet. Hy moes help om die skape op te pas.

Elke dag het hy met die skape na die veld gegaan. Daar het hy lekker gras vir hulle gesoek.

Saans het hy hulle na die put geneem en water laat drink. En as wilde diere die skape wou vang, het hy hulle weggejaag of doodgemaak.

Moses was nou heeltemal anders as vroeër. Eers was hy 'n ryk prins. Nou was hy 'n arm skaapwagter. Vroeër hoef hy niks te doen nie. Nou moes hy elke dag werk. Elke dag die skape geduldig oppas.

Maar vroeër het hy ook gou kwaad geword. Toe wou hy self sy volk help. Nou het hy geleer om geduldig te wees. Om rustig te wag totdat God die Israeliete wou help.

Moses het baie lank gewag voordat daar iets gebeur het. Veertig jaar lank was Moses 62

skaapwagter. Hy was toe al 'n ou man. Toe het hy al amper nie meer aan sy volk gedink nie.

Toe het hy al byna sy volk begin vergeet.

Maar God het hulle nie vergeet nie! — Eendag was Moses weer by die skape in die veld.

Toe kom hy by 'n hoë berg. En daar sien hy toe iets baie snaaks . . .

Daar was 'n brand by die berg. 'n Groot braambos was aan die brand. Maar wat eintlik so snaaks was, was dat die bos binne-in die vuur gestaan het maar tog nie *verbrand* het nie.

Die blare en die takke het net so gebly.

"Dit is wonderlik," het Moses gedink. "Ek wil bietjie nader gaan om te kyk."

Nuuskierig loop hy nader. Maar meteens hoor hy 'n stem wat sê: "Moses! Moses!" Die stem het uit die vuur gekom.

Moses het verskrik geantwoord: ..Kyk, hier is ek . . ."

En die stem sê: "Jy mag nie nader kon nie, Moses. Want Ek is hier, die God van Abraham, Isak en Jakob."

Toe val Moses eerbiedig op sy knieë neer. Hy het nie eens gewaag om op te kyk nie. Maar hy het alles gehoor wat God gesê het. Die Here het gesê dat Hy *nou* die Israeliete wou help en hulle terug bring na die mooi land Kanaän. En Moses moes na die koning gaan en vir hom sê dat hy die Israeliete moes laat trek.

Maar Moses wou nie graag na daardie slegte koning toe gaan nie. Hy durf dit nie doen nie.

Ja, gedurende hierdie jare het Moses baie verander. Vroeër wou hy alles met geweld doen.

Nou nie meer nie. Hy wou nou liewer hê dat God iemand anders stuur sodat hy maar kon aangaan om sy skape op te pas.

Maar God het gesê *hy* moet dit doen, daarom kon hy nie teëpraat nie. God het ook beloof dat Hy vir Moses sou sorg en dat sy broer Aäron met hom kan saamgaan.

Toe het dit weer stil geword. Die stem het nie meer gepraat nie. Die braambos het nie meer gebrand nie. Dit het gelyk asof daar niks

gebeur het nie.

Maar Moses het sy skape huis toe geneem. Iemand anders sou nou daarvoor moes sorg. *Hy* kon dit nie meer doen nie. Hy het 'n ander werk van die Here gekry. 'n *Moeilike* werk, maar ook 'n *heerlike* werk. Eindelik mag hy regtig help om sy volk na daardie mooi land te bring!

Toe het Moses op reis gegaan, die lang pad terug na Egipte. Nou waag hy dit, ja. Nou gaan hy tog na die slegte koning. Want hy het geweet dat God vir hom sorg. En dan kon niks verkeerd gaan nie.

## *20. MOSES BY DIE SLEGTE KONING*

Nou moes Moses weer teruggaan na Egipte. Dit was 'n lang reis.

Maar weet julle wie het hom op pad kom ontmoet? 'n Ou man net soos Moses self ook. Maar tog het hy hom geken . . . Dit was Aäron, sy broer. God het vir Aäron gesê dat hy Moses tegemoet moes gaan,

Moses was bly toe hy Aäron sien. Hy het hom 'n soen gegee en vir hom alles vertel wat God daar by die brandende braambos gesê het.

Saam het hulle na Egipte teruggegaan. Eers het hulle vir die Israeliete gaan vertel dat die Here hulle *nou* sou help. Dat hulle binnekort sal kan gaan na die mooi land wat die Here vir hulle beloof het. En was die mense tog bly daaroor! Almal het gesê: "Nou is ons swaar werk op 'n end. Nou sal ons nie meer so baie slae kry nie." En hulle het die Here daarvoor gedank.

Daarna het Moses en Aäron na die koning gegaan. Die koning het in 'n groot paleis gewoon.

Hy het op 'n goue stoel in 'n baie mooi kamer gesit. Ewe hoogmoedig het hy na hulle gekyk.



Rondom hom het 'n klomp deftige knegte gestaan.

Maar Moses en Aäron was nie bang nie. Want hulle het goed geweet dat God vir hulle sou sorg. Hulle het voor die koning gaan staan en gesê: "So se die Here: laat My volk wegtrek uit Egipte."

Die koning antwoord boos: "O nee, glad nie. Dit doen ek nie. Die Israeliete bly net hier. Hulle moet vir my werk."

"Maar die Here het dit Sélf gesê," antwoord Moses en Aäron. "U moet vir God gehoorsaam wees."

Toe word die koning nog kwater en roep uit: "Ek ken die Here nie. Ek wil nie vir Hom gehoorsaam wees nie! Ek wil niks met God te doen hê nie. *Ek* is die baas oor die Israeliete en ek wil dit ook *bly.* Julle God het niks oor my te sê nie. En nou sal ek die volk nog baie harder laat werk. En as hulle die werk nie klaarkry nie, sal ek hulle nog harder laat slaan.

Gaan weg, Moses en Aäron."

Die koning wou glad nie die Israeliete laat trek nie. Hartseer het Moses en sy broer weggegaan. Daar staan hulle toe in die straat. Alles het nou nog erger geword . . .

As *Moses* alleen toe die volk moes help, sou hulle nooit uit Egipte gekom het nie! Maar Moses hoef dit nie te gedoen het nie. God Self het dit gedoen.

Hy het gesorg dat die slegte, hoogmoedige koning vir Hom moes gehoorsaam word. God het hom gestraf omdat hy so ongehoorsaam en parmantig was. Tien swaar strawwe het God gestuur voordat die koning wou luister.

Eers het al die water in Egipte in bloed verander. Toe het die mense niks gehad om te drink nie.

Toe kom daar opeens 'n hele klomp paddas — verskriklik baie. Hulle het die hele land vol rondgespring. Oral het hulle ingegaan: in die

huise, in elke kamer, in die beddens, in die mense se skoene, in hulle kos. Net waar jy kyk, was paddas. Die mense het geen rus gehad nie.

Toe het die koning darem bang geword. Hy het Moses en Aäron laat roep en gesê: "Ek sal die Israeliete laat wegtrek, maar laat die nare paddas tog weggaan!"

Moses was baie bly. Toe het hy tot die Here gebid en al die paddas het doodgegaan.

Die straf was verby. En nou was die koning nie meer bang nie. Dink 'n bietjie hoe vals was hy. "Ek het wel *beloof* dat ek die Israeliete sal laat gaan," sê hy toe. "Maar nou gaan ek dit nie *doen* nie. Hulle bly net hier waar hulle is."

Maar toe kom daar 'n nuwe straf. Die stof het verander in muskiete. Hulle het die Egiptenare en ook die koning baie gebyt.

Toe kom daar ook nog groot swerms muggies en vlieë by. Hulle het die mense nog erger gesteek. Die arme mense het naderhand nie meer geweet waar hulle kon wegkruip vir al die goed nie.

Toe maak die koning weer so 'n valse belofte. Hy het beloof dat hy die volk sou laat trek, maar toe die straf verby is, het hy dit tog nie gedoen nie.

Die plae het al hoe erger geword en dit was alles net die slegte koning se skuld. Al die diere in Egipte het toe siek geword. Baie beeste en skape en ander diere het doodgegaan. Maar die diere van die Israeliete het almal gesond gebly.

Toe word die mense in Egipte ook siek. Hulle het groot swere aan hulle liggame gekry en gekerm van die pyn.



Toe het dit weer begin te hael. Sulke verskriklike haelkorrels het die mense nog nooit gesien nie! Dit het alles platgeslaan. Die koringlande is vernietig. Die bome se blare en takke met al die vrugte is afgeskeur. Die blomme is stukkend geslaan. En ook die diere en mense wat buite was, is doodgeslaan. En tog wou die koning nog nie gehoorsaam wees nie.

Faroa en sy soldate het vinnig gejaag om die Israeliete te

prober vang.

Dit het nog erger geword. Daar het sprinkane gekom. In groot swerms het hulle aangevlieg gekom. Dit het soos wolke gelyk. Die lug het eintlik donker geword, so baie sprinkane was daar. Toe gaan hulle op die grond sit en eet alles wat daar nog oorgebly het op. Al die gras, al die blare, al die blomme, alles wat in Egipte te vinde was. Die land is heeltemal kaal gevreet. En nog het die koning nie gehoorsaam geword nie.

Toe word dit weer opeens donker, pikdonker. Jy kon nie jou hand voor jou oë sien nie. Dit was in die middel van die dag, maar die son het nie geskyn nie. Dit het gelyk asof dit nag was. Drie dae lank het dit so donker gebly. Die mense het bang-bang bymekaar in die huise gesit. Hulle kon in die donker nie na buite gaan nie. Die koning het ook bang in sy paleis gesit. Maar dink julle hy het vir die Here geluister? Hy wou nie!

Eindelik sou hy tog moes luister. God laat nie met Hom spot nie.

Toe het die laaste straf gekom. Dit was die heel ergste van alles. Dit was een aand in Egipte.

Al die mense het bed toe gegaan. Hulle het nie geweet wat daardie nag sou gebeur nie.

Maar die Israeliete het daardie nag nie gaan slaap nie. Nee, hulle het hulle spesiaal aangetrek om op reis te gaan. Alles wat hulle wou saamneem, het hulle ingepak. Hulle het net klaar gestaan om te vertrek.



Die beste boek in die hele, hele wêreld

is die Bybel, Dit is die Woord van die

Here en daarin leer ons alles wat ons

nodig het vir 'n mooi en 'n gelukkige

lewe. En dit wys ons die regte pad na

die hemel. Miljoene en miljoene Bybels,

meer as enige ander boeke, word oor

die hele wêreld deur mense van alle

lande gelees. Ook in ons eie land is

daar baie, baie Bybels — party mooi

klein, en party groot en pragtig soos die

een hier langsaan.

66

67

Al die Israeliete het geweet dat hulle moes klaarmaak. God het dit vir Moses gesê. Daardie nag sou die volk wegtrek na die mooi land Kanaän, het God gesê.

Maar almal moes eers eet. Die moeder in elke huis het spesiale koeke gebak. En die vader in elke huis moes 'n lammetjie slag. Die koeke en die gebraaide lam het hulle op tafel gesit.

Dit het na 'n fees gelyk! En dit was ook 'n fees. Want in daardie nag sou hulle vry word om weg te gaan. Die fees van hulle bevryding het hulle gevier.

Maar wat moes die vader nog doen? . . . Hy het die bloed van die lam geneem en daarmee na buite gegaan. Daardie bloed het hy aan die kante van die deur gesmeer. Aan die linkerkant en aan die regterkant en aan die bokant ook 'n bietjie.

Al die vaders moes dit doen.

Al die deure van die Israeliete se huise was rooi van die bloed.

Toe het hulle die deure toegemaak.

Dit was nag.

En in daardie nag het die laaste straf gekom. Iets vreesliks het toe gebeur.

'n Engel het van die hemel gekom. Hy het deur al die strate geloop. By al die huise het hy ingegaan. En oral waar hy ingegaan het, het die oudste seun gesterwe. Die seun het sommer daar waar hy in sy bed gelê het, doodgegaan.

Die engel het ook in die paleis van die koning gegaan.

Die engel het in al die huise van die Egiptenare gegaan.

Die engel het ook by die huise van die Israeliete gekom. Hulle huisies was maar klein en swak. Die engel kon sommer maklik daar ingaan.

Maar hy het nie!

Hy het by een deur gekom. Toe sien hy die bloed. En toe gaan die engel verby. Want God het vir hom gesê: Oral waar hy bloed op die deure sien, daar moes hy verbygaan.

Die bloed het al die seuns van Israel gered.

Die engel het teruggegaan na die hemel. Hy het sy werk gedoen. En die Israeliete het feesgevier, want nou het hulle geweet die Here het

hulle vry gemaak.

Maar die Egiptenare . . .

*Hulle* het nie feesgevier nie. Hulle het gehuil en gekla. Want in elke huis was 'n kind dood.

En hulle het goed geweet hoe dit gebeur het. Hulle het geweet dat dit hulle eie skuld was en die skuld van hulle koning!

Hulle het baie bang geword. En die koning het ook bang geword. Want sy oudste seun was ook dood. Toe roep hy uit: "Laat daardie volk maar wegtrek. Laat hulle dadelik trek!"

Die Egiptenare het na die Israeliete gegaan en allerhande mooi dinge vir hulle gegee. Goud en silwer.

"Julle kan al die goed kry," het hulle julle tog net asseblief dadelik weggaan."

Vroeg daardie oggend het die Israeliete getrek. Met hulle kinders en hulle beeste en hulle skape en met al die mooi dinge wat hulle present gekry bet. Met alles wat hulle gehad het.

Hulle was almal so bly, só bly!

Want nou is hulle eindelik op pad na die mooi land Kanaän.



## *21. DWARSDEUR DIE SEE*

Die Israeliete was op reis na Kanaän.

Dit sou 'n lang 'reis wees. Want hulle moes die hele ent pad loop. En dit het maar stadig, baie stadig gegaan. Want daar was ook baie kindertjies en klein lammertjies. Hulle kon nie vinnig stap nie.

En hoe sou hulle die pad kry na die ver land? Niemand van hulle wis nog ooit vantevore daar nie.

Hulle het maar agter Moses aangeloop. Hy het voor geloop met sy lang stok in sy hand.

Maar Moses hoef ook nie die pad te geken het nie. Hy het ook nie *heel* voor geloop nie.

Weet julle wie heel voor was?

Die Here Self.

'n Groot wit wolk het in die blou lug voor hulle uitgetrek. Dit was die wolk van die Here. Dit het die pad vir hulle aangewys. Daarom kon hulle nie verdwaal nie.

Die Here Self het saam met hulle die wye wêreld ingegaan. Hy het goed vir Sy volk gesorg.

Wanneer die son so verskriklik gebrand het, het die Here dit gesien. Dan het die wolk lekker koelte vir hulle gemaak.

Wanneer die kinders moeg word, het die Here dit ook gesien. Dan het die wolk gaan stilstaan. Dan kan almal eers uitrus.

En wanneer dit aand word en die son ondergaan, dan het dit tog nie donker geword nie. Dan was die wolk weer verlig soos deur 'n vuur. Die wolk het alles helder lig gemaak en het die hele nag so gebly, sodat niemand bang hoef te gewees het nie.

Die Here Self het oor Sy volk die wag gehou.

Drie dae lank was die volk op reis. Toe kom hulle by die see. Dan het hulle bietjie gerus.

Maar skielik hoor hulle 'n dreuning agter hulle. Dit klink soos die veraf geklap van perdepote.

'n Dreuning soos van wiele wat aangerol kom. Wat kan dit wees?

Soldate! Soldate wat met waens en perde aangejaag kom! Soldate met groot, skerp swaarde wat blink in die son. Die slegte koning was ook by hulle. Daar kom hy en sy soldate *toe* aangejaag so vinnig as hulle kon. Hy het maar weer spyt gekry dat hy die Israeliete laat trek het, want nou het hy niemand gehad wat vir hom kon werk nie. So het hy dan aangejaag gekom om hulle terug te kom haal om weer vir hom te gaan werk.

Die Israeliete het baie bang geword. Hulle het gehuil en geskreeu só bang het hulle geword.

Want vóór hulle was die see. Hulle kon nie verder gaan nie. En agter hulle was die slegte koning. Teen hom en die Egiptenare kon hulle tog nooit wen nie. Wat moes hulle maak?

Maar Moses het nie gehuil nie.

Moses het dapper en sterk gebly.

Hy skreeu vir die Israeliete: "Moet tog nie bang wees nie! Die Here het nog altyd vir ons gesorg. Kom maar saam met my. Julle hoef nie teen die soldate te veg nie. Die Here sal vir julle veg. Julle moet net stil wees en Hom vertrou. Kom saam."

Toe loop hulle almal agter Moses aan. Maar waarheen gaan hy?

Moses het na die see geloop.

Die see was so diep. Die golwe het geslaan.

Maar Moses het sy stok bokant die waters uitgesteek. En die Here het 'n sterk wind gestuur 69

wat 'n pad deur die see oopgewaai het. Aan altwee kante van die pad het 'n hoë watermuur bly staan. Maar die pad self was droog.

En oor die droë pad, tussen die twee watermure, het Moses deur die see begin loop. En agter hom het die hele volk gekom.

En agter die mense het die wolk aangekom. Die wolk het tussen hulle en die soldate gehang.

Dit was asof die Here vir hulle sê: "Moenie bang wees nie. Ek sorg vir julle." Die wolk was lig aan die kant van die Israeliete. Maar aan die kant van die soldate was die wolk donker.

Die koning met sy soldate het by die see gekom. Hulle het rondgekyk. Maar waar is die Israeliete dan?

En toe sien hulle dit! Binne-in die see tussen twee mure van water!

Die koning en sy soldate was toe verskriklik kwaad. Hulle het nie eers daaraan gedink wat 'n wonderlike iets dit was dat daar 'n pad deur die see is nie.

"Gaan agter hulle aan," roep die koning uit. "Ons sal hulle in die hande kry. Ons sal hulle almal doodmaak." Toe ry die koning met sy mooi wa ook in die see. Al sy soldate ook. So hard as hulle kon, jaag hulle agter die Israeliete aan.

Maar die soldate kon hulle nie vang nie. Want dit was so donker. Dit was al nag. Die groot wolk daar voor hulle het dit heeltemal donker gemaak. Dit het gevoel asof die wolk hulle terughou. Ook het die Here die waens se wiele so in die sand laat wegsak dat hulle moeilik kon wegkom.

Toe dit oggend word, was die Israeliete al dwarsdeur die see. Maar die Egiptenare was nog in die middel van die see.

Toe het die straf vir die slegte koning en al sy slegte soldate gekom. God het vir Moses gesê:

"Steek weer jou hand uit oor die see."

Moses het dit gedoen. Toe gaan die waters weer terug. Dit stroom oor die pad en oor die waens en oor die perde en oor die koning en oor die soldate.

Toe was daar niks meer te sien as net die water nie. Toe het al die slegte mense verdrink.

Die slegte soldate het so baie kere klein ou kindertjies in die water gegooi. Nou het hulle hulle straf gekry. Hulle het self verdrink.

En die slegte koning het die Israeliete so swaar laat kry. Maar nou kon hy dit nie meer doen nie.

Nooit weer nie.

Nou was die Israeliete vry.

Hoe bly was die mense toe. Hulle het fees gevier daar langs die see. Hulle het 'n mooi lied gesing om vir God dankie te sê. 'n Pragtige lied wat Moses self gemaak het.

"Loof die Here want Hy is goed. Hy het die perde en die soldate in die see laat verdrink."



"Na waters waar rus is, lei Hy my heen . . ." So het Dawid in Psalm 23

gesing.

71



## *22. DEUR DIE WOESTYN*

Die Israeliete het dwarsdeur die see gekom.

En die slegte koning met al sy soldate het in die see verdrink.

Hy kon nooit weer die Israeliete enige kwaad aandoen nie. Nou was hulle heeltemal vry. Nou kan hulle rustig verder gaan na die mooi land Kanaän.

Sou hulle nie miskien verdwaal op die lang pad nie? Natuurlik nie! Die Here het die pad vir hulle gewys.

Sou vyande langs die pad hulle nie dalk almal dood maak nie? . . . Natuurlik nie! Die Here was mos by hulle.

En sou hulle nie partykeer swaar kry nie? Sou die mense nie sterwe van honger en dors nie?

Ja, alles sou nie altyd maklik gaan nie. Maar hulle hoef nie bang te wees nie. Die Here sou vir hulle sorg.

Hy het vir sy volk gesorg soos 'n vader vir sy kind.

As die volk dit net altyd wou glo, sou hulle nooit bang hoef te wees nie.

Ja, maar dit het die Israeliete nie altyd geglo nie.

Hulle was baie keer so 'n ongehoorsame, so 'n ontevrede volk. Hulle het oor alles gekla.

Hulle het so gou bang geword. Elke keer het hulle vergeet hoe goed die Here nog altyd vir hulle gesorg het.

Hulle moes deur 'n woestyn trek. Daar het niks gegroei nie. Daar was maar net sand en sand en sand. En dit het so verskriklik warm geword. Hulle het baie dors gekry van die loop deur die warm sand.

Nêrens was daar 'n put nie. Daar was geen water in die warm woestyn nie. Daar was net maar sand en klippe. En die water wat hulle van Egipte af saamgebring het, het naderhand opgeraak.



Maar eindelik kry hulle tog iets. Hulle sien 'n gat water. Hulle storm daarop af om dit te drink.

Maar hulle kon dit glad nie drink nie. Dit was verskriklik sleg. Galbitter. Wat nou gemaak?

Toe begin hulle kla. Hulle huil en sê lelike dinge vir Moses. Hulle skreeu vir hom: "Sê jy bietjie vir ons, wat moet ons drink ..."

Maar Moses het 'n stuk hout geneem en dit in die water gegooi. Die Here het dit vir hom gesê.

"Drink nou maar," sê hy vir hulle. "Nou is die water goed."

En regtig, toe was die bitter water meteens heerlik soet en vars.

Die hout het dit nie so gemaak nie. Moses kon dit ook nie doen nie. Dit was die Here. Nou kon hulle almal weer sien hoe wonderlik en almagtig die Here is. En hoe goed Hy vir hulle gesorg het.

Sou hulle dit nou onthou?

Maar 'n rukkie later was al die brood wat hulle van Egipte af saamgebring het, weer op. En die vleis ook. Toe het hulle niks meer gehad om te eet nie. Toe het hulle sommer dadelik weer begin te kla.

Hulle het vir Moses gesê: "In Egipte het ons genoeg brood en vleis gehad. As ons maar liewer daar gebly het! Waarom het jy ons daarvandaan af laat kom? Om ons hier in die woestyn van honger te laat doodgaan?"

Hoe lelik van hulle om so iets te sê! Maar die Here was baie geduldig met Sy volk. Hy het hulle nie hieroor gestraf nie. Hy het hulle nog altyd gehelp.

Moses het vir hulle gesê: "Moet tog nie so kla nie. Die Here sorg vir julle. Vanaand sal Hy vir julle vleis gee. En môreoggend sal daar brood van die hemel afreën. Sal julle dan glo dat die Here vir julle sorg?" . . .

En hoe wonderlik!

Daardie aand nog het daar 'n klomp voëls aangevlieg gekom. Hulle was kwartels, lekker vet voëls. Hulle was so moeg van die ver ent wat hulle gevlieg het dat hulle sommer daar tussen die tente waar die mense gewoon het, gaan neerval het.

Die mense het hulle gegryp en geslag en buite op kole vuur gebraai. Maar het dit nie lekker geruik nie! Daar was soveel vleis as wat hulle wou hê.

En die volgende more toe hulle buite kom, wat sou hulle op die grond sien? Die hele wêreld was wit net asof dit gesneeu het. Klein ronde korreltjies, amper soos sagokorreltjies het daar gelê.

"Wat is dit?" het hulle vir mekaar gevra. Niemand het geweet nie.

Net Moses.

"Dit is manna," sê hy toe. "Dit is die brood wat die Here vir julle gestuur het om te eet."

Hulle tel dit toe gou op. Handevol, skottelsvol daarvan: ja, net so veel as wat hulle wou hê. 'n Mens kon dit rou eet. Maar jy kon ook pap daarvan kook of jy kon koeke en brood daarvan bak. Dit het baie lekker gesmaak. So lekker soet. En elke more was dit weer vars daar. Net reg om opgetel te word.


Nou het hulle geweet dat hulle nooit honger hoef te ly nie omdat die Here baie goed vir hulle sorg.

Sou hulle dit nooit weer vergeet nie?

Sou hulle nou altyd *glo?*

Maar ag, die *geloof* van die volk was so swak.





Eenkeer het hulle water weer opgeraak. Hulle het genoeg brood gehad. Net die water was op.

Toe kla hulle weer, nog erger as vantevore. En hulle gee *regtig* weer al die skuld vir Moses.

Hulle was so kwaad vir hom. Hulle wou hom net slaan. Hulle wou hom sommer doodgooi met klippe.

Moses het so hartseer geword. Toe vra hy vir die Here: "Wat moet ek tog doen?"

Toe die dapper Voortrekkers die

wilde wêreld binnegegaan het,

het hulle die Bybel saam met

hulle geneem. Dieselfde mooi

Bybelstories wat in hierdie boek

is, is baie kere ook aan die

Voortrekkerkindertjies vertel Dit

het hulle getroos en hulle dapper

gemaak.

Oor groot berge en deur diep waters het die Voortrekkers getrek.

Baie gevare en moeilikhede moes oorwin word en omdat hulle op

die Here vertrou het, het hulle oorwin en die wêreld vir ons veilig gemaak.

74

Nog altyd het God geduld met Sy volk gehad. Hy het hulle nie gestraf nie. Hy het sy volk baie liefgehad.

Toe sê Hy vir Moses: "Gaan na die rots en slaan daarteen met jou stok. Dan sal daar water uitkom."

Die rotse was in 'n berg daar naby. Moses het daarheen gegaan en die volk het klaend agter hom aangekom.

Maar toe Moses met sy stok op die rots slaan, skeur dit oop en 'n stroom water spuit daaruit.

Toe was almal bly en kon hulle na hartelus drink.

Wat 'n dom, ongelowige volk was hulle tog! Van nou af sou hulle seker nie meer kla nie. Nou sal hulle seker altyd glo dat God vir hulle sorg.

Maar daar het nog iets gebeur. En ook daaraan kon 'n mens sien dat die Here vir Sy volk sorg. Dat hulle by Hom altyd veilig was.

Daar het rowers gekom, sommer 'n hele klomp. Sterk, bruingebrande mans wat daar in die woestyn gewoon het. Kort-kort het hulle gekom om te steel en het hulle ook van die mense doodgeslaan.

Toe sê Moses: "So kan dit nie aangaan nie. Ons moet teen die rowers gaan veg. Ons moet hulle so erg straf dat hulle nooit weer sal terug kom nie."

Hy roep toe vir Josua. Josua was 'n jong man wat die Here liefgehad het en baie goed kon veg.

Moses sê vir hom: "Kies die sterkste manne vir jou uit en gaan veg teen die rowers."

Dit het Josua gedoen.

Moses het op 'n heuwel geklim om te kyk hoe hulle veg. Hy het nie gaan help veg nie. Maar hy het tog vir hulle gehelp. Hy het vir hulle gaan bid.

Hy het sy hande opgesteek na die hemel, en gebid: "Here, help ons tog!" . . .

En kyk, die Here het hulle gehelp.

Terwyl Moses sy hande opsteek na die hemel, dan was die Israeliete so sterk. Dan kon die rowers hulle nie wen nie. Dan het die Israeliete hulle sommer terug gedryf.

Maar as Moses sy hande weer laat sak, dan was die rowers weer sterker. Dan jaag hulle die Israeliete weer agteruit.

Toe Moses dit sien, het hy aangehou om sy hande op te steek na die hemel en te bid. Maar sy arms het naderhand so moeg geword. Hy kon hulle later nie meer ophou nie . . .

Toe het daar twee manne gekom — Aäron en nog 'n ander man. Hulle het sy arms vasgehou. Toe het Moses se arms die hele tyd

boontoe na God gewys, terwyl hy bid. En die Israeliete was die hele tyd die sterkste. Hulle het die hele dag geveg en al die rowers weggejaag.

Nee. dis nie *hulle* wat dit gedoen het nie.

Dit was God wat hulle gehelp het om dit te doen.

God het altyd vir Sy volk gesorg.

As die mense dit net wou glo. Dan hoef hulle nooit meer te kla of bang te wees nie.

Dan sou hulle bly en gelukkig wees — ook wanneer hulle partykeer swaar moes kry.



## *23. DIE GOUE KALF*

Die Israeliete het al hoe verder gereis. Die wolk het gedurig voor hulle uitgegaan. Dit het die pad vir hulle aangewys.

Eindelik het hulle in die land gekom waar Moses so lank gewoon het. Daar waar hy skaapwagter was.

Daar was 'n hoë berg, met die naam Sinaï. Bo-op daardie berg het die wolk bly staan. En onder aan die voet van die berg het die mense gaan rus. Daar sou hulle 'n rukkie bly woon.

Want hier by die berg sou iets besonders gebeur. Daar sou 'n baie mooi fees gehou word.

So het God gesê.

God wou die vriend van Sy volk wees. Die groot, almagtige God, wat die hemel en die aarde gemaak het, wou die vriend wees van die

Israeliete wat so dikwels teen Hom gekla het. Hy wou hulle die gelukkigste volk in die hele wêreld maak.

Hy wou Self met die volk praat. Almal sou Sy stem hoor.

Maar hulle moes ook almal saam help om die fees mooi en gelukkig te maak. Hulle moes hulle mooiste klere aantrek wat alles skoon uitgewas is. Hulle mag ook nie rusie onder mekaar maak nie, want dit sou die fees bederf. Een oggend vroeg het hulle almal by die berg gestaan en wag . . . Op die top van die berg het die wolk gehang. In die wolk het dit gedonder. Die hele berg het daarvan gebewe. En al die mense het ook gebewe van eerbied en vrees.

Toe het dit stil geword op die berg, baie stil.

En toe het al die groot mense en al die kinders die Stem van God gehoor wat met hulle gepraat het.

Die Here het vir hulle gesê dat hulle baie gehoorsaam moet wees. Dat hulle Hom bo alles moet liefhê. En dat hulle mekaar ook moet liefhê. Dan sou hulle altyd bly en gelukkig wees.

Toe het dit weer stil geword. Die Stem van God het nie meer gepraat nie. Maar die donder het weer begin te dreun. Die mense het gou na hulle tente teruggegaan. Hulle mag ook nie baie naby die berg gekom het nie.

Maar Moses het alles opgeskrywe wat die Here gesê het. Sodat die volk dit nooit weer kon vergeet nie.

Die Here het nog baie meer gehad om vir die volk te sê. Dit moes Moses ook alles opskrywe.

Die volk het gesê Moses moet maar liewer gaan hoor wat die Here wou sê en dan vir hulle kom vertel. Hulle was bang om na die Stem van God te luister.

Maar Moses was nie bang nie. Daarom het Moses na God gegaan daar bo-op die berg.

Die mense het hom sien gaan, al hoër en hoër op. Hulle het gesien hoe hy by die wolk kom.

En toe kon hulle hom nie meer sien nie.

Daardie aand het almal gekyk of Moses al terugkom. Maar hy het nie gekom nie. Hy het by God op die berg gebly.

Die volgende dag het hy ook nie gekom nie.

En die dag daarna ook nie.

En toe nog nie . . . en nog nie.

Toe het die mense onrustig geword. Hulle het onder mekaar gesê: "Dalk kom Moses nooit weer terug nie! Miskien het hy 'n ongeluk daar bo-op die berg gehad in die donker wolk.

Miskien is hy dood. Wie sal ons dan na Kanaän bring? Nou het ons niemand meer wat vir ons sorg nie!"

76

Die domme mense! God was tog daar. Hy sou tog vir hulle sorg.

Maar toe praat hulle nog dommer en slegter dinge onder mekaar.

Hulle sê: "Ons kan God nie sien nie. Ons weet ook nie waar Hy nou is nie. Die ander volkere het almal 'n beeld. Dit is hulle God. Daarvoor kniel hulle neer. Voor daardie beeld bid hulle, want hulle kan dit *sien.* Ons wil ook so 'n beeld hê, 'n beeld van goud. Voor die beeld gaan ons dan neerkniel. Dan dra ons dit ook voor ons uit op pad na Kanaän."

Toe gaan die mense na Aäron. Hy was die baas noudat Moses weg is. Hulle sê: "Maak vir ons 'n beeld, 'n god, wat ons kan sien en wat ons voor ons uit kan dra."

Aäron het geskrik. Hoe sleg was die volk tog. God het hier by die berg vir hulle gesê dat hulle nie voor 'n beeld mag neerkniel nie en *tóg* wil hulle dit nou doen ... O, wat 'n groot sonde was dit!

Maar Aäron durf dit nie hardop sê nie. Hy was bang vir die volk. Hy het gedink: "Ek moet die mense nie kwaad maak nie. Dan slaan hulle my nog dood. Ek moet 'n slim plan maak."

Toe sê hy vir hulle: "Ja, maar dan moet ek al julle mooi goue ringe kry . . . Gee dit dan maar hier."

Hy het gedink: "Dit sal hulle nooit doen nie!"

Maar hy was verkeerd. Hulle het dit tog gedoen. Hulle het die ringe van hulle vingers afgehaal en handevol ringe vir Aäron gebring.

En toe kon Aäron nie nee sê nie. Hy was glad te bang dat die mense vir hom sou kwaad word. Hy het geweet dat dit verkeerd was. En tog het hy dit gedoen. Hy het 'n goue beeld van al die ringe gemaak. Hy het 'n goue kalf gemaak soos die Egiptenaars ook gehad het.

Dit het hy tussen die mense neergesit.

En hulle het daarvoor neergekniel en tot die afgod gebid.

Hulle was so bly oor die beeld, die domme, sondige mense! Hulle het rondom die beeld gedans. Hulle het gespring en gejuig en gesing dat 'n mens hulle bo-op die berg sou kon hoor.

Nou het hulle weer feesgevier.

Maar nou was dit nie 'n mooi en 'n goeie fees nie.

Nou was dit 'n sondige, lelike fees.

Maar terwyl die fees nog aan die gang was, wie dink julle kom daar aan? . .. .

Wie loop daar tussen die mense en kyk met kwaai oë rond?

Dit was Moses.

Hy was nie bang vir die volk soos Aäron nie. Hy het hulle vertel hoe sleg en hoe lelik die sonde is wat hulle gedoen het.

Hy het die goue kalf stukkend gebreek, dit verbrand en dit in die water gegooi.

Toe het die mense geskrik. Toe het hulle gesien wat 'n groot sonde hulle gedoen het.

Hulle het stilletjies na hulle tente teruggegaan om weg te kruip vir Moses se kwaai oë.

Maar vir God kon hulle nie wegkruip nie! Hoe ontevrede sou Hy nie met hulle wees nie. Sê nou Hy wil nie meer hulle Vriend wees nie!

Die volgende dag het Moses weer op die berg geklim. Die keer was hy nie bly nie. Hy was bang en hartseer.

Daar bo het hy voor God neergekniel en gebid: "Ag, Here, die volk het so 'n groot sonde gedoen. En hulle verdien so 'n vreeslike straf. Maar sal U tog maar nog hulle Vriend bly . . .



Laat my maar die straf vir my volk dra. Straf my dan maar . . ."

Die goeie, ou Moses! Hy was so lief vir sy volk, al was hulle so ongehoorsaam.

Maar hy mag nie die straf vir sy volk dra nie. Dit kon hy ook nie. Iemand anders sou dit later doen. Die Here Jesus sou die straf dra,

nie net van die volk van Israel nie, maar van alle mense.

Maar omdat Moses dit gevra het, het die Here tog die groot sonde vir hulle vergewe. Hy wou nog hulle vriend "wees. Hy wou ook saam met hulle na Kanaän gaan.

God het Sy volk liefgehad. Nog veel meer as wat Moses hulle liefgehad het.

God se liefde was so wonderlik groot.

## *24. BYNA IN DIE MOOI LAND*

Die Israeliete het lank by die hoë berg Sinai in hulle tente bly woon. Amper 'n jaar. Maar eindelik moes hulle weer verder. Want hulle moes na die mooi land Kanaän gaan.

Die wolk het weer voor hulle uitgetrek. En hulle het agterna geloop deur die woestyn. So het hulle elke dag 'n entjie nader aan Kanaän gekom. Dit was 'n lang en moeilike reis. Maar eindelik, eindelik was hulle so naby dat hulle die berge kon sien.

Toe het die wolk gaan stilstaan. En die mense ook. Hulle het hulle tente daar opgeslaan.

Daar het hulle 'n tydjie gerus. Maar hulle het maar aangehou kyk na die berge. Want agter daardie berge was die plek waar hulle so graag wou wees. Daar was Kanaän. Daar sou hulle binnekort vir altyd kon woon. Daar sou hulle goed kon uitrus na die lang reis.

Ja, maar hulle was darem nog nie binne-in die land nie. Daar het nog ander mense in Kanaän gewoon. Slegte, goddelose mense wat eers weggejaag moes word. En die Israeliete het gewonder . . . Sou dit sterk mense wees? . . . Was daar baie van hulle? Groei die gras mooi in die land Kanaän? En baie bome ook? En vrugte? Is die land regtig so mooi as wat hulle dink?

Almal wou dit graag weet. Toe roep Moses twaalf manne na hom toe. Twaalf sterk, dapper manne. Josua was ook onder hulle.

En Moses sê: "Julle moet oor daardie berge gaan en gaan kyk hoe die land Kanaän lyk.

Kom vertel ons dan alles. Maar julle moet versigtig wees, hoor, sodat die slegte mense julle nie vang nie!"

Dit sou die twaalf manne doen. Die volgende dag het hulle vertrek. En elke dag het die volk gekyk of hulle al terugkom.

Hulle het lank weggebly. Maar eindelik het hulle tog teruggekom! ... En wat het hulle daar by hulle? Wat het hulle saamgebring uit die mooi land? Heerlike vrugte: appels en vye! En ook

'n tros druiwe het hulle by hul gehad. Maar wat 'n tamaai tros was dit nie! Één man kon dit nie alleen dra nie. Hulle het die tros druiwe oor 'n stok gehang. Twee van hulle het dit op hulle skouers gedra. Groei daar tog nie sulke pragtige vrugte in Kanaän nie? Wat 'n goeie land is dit dan!

Die twaalf manne het begin vertel. Onder die twaalf was daar *twee* wat die Here liefgehad het. Die ander tien het Hom nie liefgehad nie.

Daardie twee het alles geglo wat die Here belowe het. Maar die tien het nie geglo nie.

Daardie twee se name was Josua en Kaleb.

Die tien manne het gesê: "O ja, dit is 'n pragtige land. Daar groei baie gras en baie blomme.

Maar moenie te gou bly word nie, hoor! Want ons sal daardie land nooit binnegaan nie. Die mense wat daar woon, is te sterk. Ons het daar baie reuse gesien. Hulle is so groot dat ons soos klein mannetjies langs hulle lyk. Ons sal hulle nooit kan wen nie."



Toe skrik die mense baie groot. Hulle het bang geword vir die reuse. Hulle het alweer vergeet dat God aan hulle kant is en vir hulle sorg.

Maar die *twee* manne, Josua en Kaleb, het dit nie vergeet nie. Hulle het gesê: "My liewe mense,

moenie bang wees nie. Die Here sal ons help. Hy

het dit mos belowe! Hy het gesê dat Hy die mooi

land aan ons sal gee. Daarom sal Hy dit ook doen.

Glo dit tog, asseblief."

Maar die meeste Israeliete het nie geglo nie. Hulle

het alweer begin kerm en huil. Só bang was hulle.

Hulle het

ook weer teen God en teen Moses begin kla. Hulle

het gedink dat die Here hulle bedrieg het.

Hoe vreeslik! En wat dink julle sê hulle toe?

"As ons maar liewer in Egipte gebly het! Waarom

het God ons hierheen gebring? Seker om deur die

reuse doodgemaak te word! Maar ons sal ons nie

laat doodmaak nie. Ons sal nie in die land Kanaän

intrek nie. Ons gaan terug na Egipte!" . . . Dit is wat

hulle gesê het.

Maar Josua en Kaleb sê: "Dit durf julle nie sê nie..."

Maar hulle het niks omgegee nie. Hulle het verskriklik kwaad geword vir die twee manne.

Hulle het klippe opgetel om hulle mee dood te gooi.

Maar toe ... o, hoe het hulle geskrik! Dit lyk skielik of daar weerlig uit die hemel skiet, 'n Helder, wit lig het oor hulle geskyn. Dit het uit die wolk van die Here gekom. Die Here Self het gekom om vir die twee manne te sorg.

Toe durf die slegte, ongehoorsame mense niks meer doen nie. Die lig was so skerp dat hulle hul hande voor hulle oë gehou het. Hulle het baie geskrik . . .

As Moses nie toe vir die volk gebid het nie, sou God hulle baie swaar gestraf het.

Maar hulle het tog hulle straf gekry, omdat hulle die Here nie geglo het nie.

Toe sê Moses: "So sê die Here: Julle wil nie in die mooi land ingaan nie? Nou ja, julle mag dan nie ingaan nie. Julle sal ronddwaal in die woestyn totdat julle kinders groot is. Dan sal hulle die land Kanaän binnegaan. Maar julle nie! Julle sal almal sterf in die woestyn en daar begrawe word. Almal behalwe Josua en Kaleb wat die Here vertrou het."

Dit was verskriklike nuus vir die mense.

Maar dit was hulle eie skuld.

'n Klompie van hulle wou tog alte graag die mooi land binnegaan. Die volgende more sê hulle vir Moses: "Gister was ons bang en ongehoorsaam gewees. Maar nou nie meer nie.

Nou sal ons gaan en dapper gaan veg teen die slegte mense wat daar woon."

Maar Moses skud net treurig sy kop: "Moenie dit doen nie. God sal julle nie help nie. Julle mag dit nou nie meer doen nie."

Maar hulle het hul slim gehou en dit tog gedoen. Hulle het dapper gaan veg. Maar die Here het hulle nie gehelp nie. Toe is hulle almal doodgemaak deur die slegte mense van die land Kanaän.

Toe moes die ander maar almal weer terugtrek. Die wolk het voorgegaan en hulle het 79





agterna geloop.

Baie skaam en baie hartseer het hulle omgedraai. Weer terug na die woestyn. Al agter die wolk aan. Al hoe verder weg van die mooi land.

Hulle mag nie binnegaan nie.

Hulle kon nie binnegaan nie.

Omdat daar geen *geloof* in hulle harte was nie en hulle so ongehoorsaam aan die Here was.

## *25. OP REIS DEUR DIE WOESTYN*

Die Israeliete het weer begin trek deur die woestyn.

Die wolk van die Here het voor hulle uitgegaan. Die mense het agterna geloop. Maar hulle het koponderstebo geloop. En hulle oë het treurig gelyk. Want hulle was besig om al hoe verder van die mooi land af weg te trek.

Hulle mag nie binne gegaan het nie. Hulle moes eers almal in die woestyn sterwe. Omdat hulle nie die Here geglo het nie. Omdat hulle gekla het toe hulle bly en dankbaar moes gewees het.

Hulle kinders mag eendag die land Kanaän binnetrek. Eers later as hulle groot geword het.

Die lang reis deur die woestyn was toe maar 'n droewige reis. En die ergste van alles nog was dat die Israeliete maar aangehou het met kla.

Een keer was dit baie erg. Hulle het weer nie water gehad nie. Toe gee hulle Moses en Aaron die skuld.

Hulle het gesê: "Waarom het julle ons hierheen gebring? Dis julle skuld dat ons so dors moet ly. Wil julle ons hier van dors laat sterwe?"

Maar die Here sê: "Moses, gaan maar na die groot rots en sê dat daar water moet uitkom.

Dan kan die mense drink."

Nooit is ons te jonk of te oud om

die Here lief te hê nie. Die Bybel

leer ons om die Here te soek so

lank ons nog jonk is.

Die Here sorg vir ons vandat ons

klein kindertjies met krulhaartjies

is tot ons oud en ons hare

spierwit is. Nooit vergeet die Here

ons nie. Onthou ons ook altyd om

Hom lief te hê?

80

Toe gaan Moses en Aaron na die rots. En agter hulle het die skreeuende, klaende klomp mense aangekom.

'Moses was nou ook kwaad vir die mense! Hy was nog altyd geduldig gewees. Maar nou was sy geduld op.

Hy het gedink: "Sulke nare, ondankbare mense, waarom hou hulle tog so aan met kla. Hulle terg 'n mens. Is ek en Aaron dan nie hier om vir hulle te sorg nie?"

Kwaai sê hy toe vir hulle: "Luister, ongehoorsame mense! Moet *ons* vir julle water uit die rots laat kom?"

En toe slaan hy ewe kwaad met sy stok twee maal op die rots.

Toe stroom die water daaruit. Toe kon almal drink. Toe was almal weer gelukkig.

Maar Moses was nie gelukkig nie. Moses was baie verdrietig. Want nou was *hy* ongehoorsaam gewees. Hy en Aaron.

Hulle het baie kwaad geword. Hulle het God vergeet toe die mense hulle so kwaad gemaak het.

*"Ons* sal vir julle water gee," het hulle vir die mense gesê. *"Ons* sal vir julle sorg."

Maar dis tog nie hulle wat die groot wonder gedoen het nie!

81



Dis mos God wat dit gedoen het.

Toe sê God: "Omdat julle *My* vergeet het, sal julle twee ook nie die land Kanaän binnegaan nie."

Arme Moses en Aaron!

Dit was 'n treurige boodskap vir hulle . . .

'n Rukkie later het daar iets gebeur wat nog baie erger was.

Elke more het daar nog manna van die hemel gereën. Daardie heerlike hemelse brood was maar elke oggend daar, of hulle nou gekla het of nie. Só goed het God vir Sy volk gesorg.

Maar die mense was baie ondankbaar. Hulle het lelike dinge van die heerlike manna gesê.

"Ba, sulke nare, slegte manna . . ." En hulle het die hemelse kos met hulle voete in die sand getrap.

Dit was darem te erg. Dit was 'n groot sonde. Daarom

het God hulle ook swaar gestraf.

Daar het slange aangeseil gekom. Sommer meteens

het die hele wêreld gewemel van die slange. Net waar

jy kyk. Hulle het die mense gebyt. Dit was vreeslik

seer. Dit het soos vuur gebrand. Dit was giftige slange.

Almal vir wie die slange gebyt het, het doodgegaan.

Daar kon niks aan gedoen word nie. 'n Hele klomp

mense het al dood op die grond gele.

Toe het die volk bang geword! Toe was hulle baie

jammer dat hulle so lelik van die hemelse brood

gepraat het.

Die mense het na Moses gegaan en gesoebat: "Help

ons tog! Bid tot God dat Hy ons moet vergewe. En laat

die vreeslike slange tog weggaan." Toe het Moses tot

die Here gebid. En die Here het sy gebed verhoor. Die

Here het die slange nie weggeneem nie. Maar Hy het

'n groot wonderwerk gedoen, sodat niemand meer vir

die slange bang hoef te gewees het nie.

Moses het tussen die mense gaan Staan. Hy het 'n

lang stok in sy hand gehou. Bo-op die stok was 'n

slang. Maar dit was nie 'n regte slang nie. Dit was 'n slang wat van koper gemaak was. Moses het dit

gemaak.

Al die mense wat deur 'n slang gebyt was, moes na

die koperslang kyk. Net maar *kyk.* Dan sou die gif hulle

geen kwaad doen nie. Dan sou hulle nie doodgaan

nie. Só het die Here gesê. En so het dit ook gebeur.

Die wat God nie geglo het nie en nie na die koperslang wou kyk nie, moes maar doodgaan.

Maar almal wat geglo het en gehoorsaam was, het gesond geword.

So wou God die mense leer dat hulle Hom altyd moes glo. Dan hoef hulle nooit bang te wees nie.

Nou was die lang reis deur die woestyn byna op 'n end. Die Israeliete was weef naby die land Kanaän.

Die kinders het groot geword. Nog maar 'n klein rukkie dan sou hulle die mooi land mag binnetrek.



Sou hulle dié keer dit doen?

Sou hulle dié keer glo dat God hulle sal help? . . .

## *26. MOSES GAAN NA DIE HEMEL*

Die Israeliete was 'n tweede keer naby die mooi land. 'n Mens kon dit al in die verte sien.

Nou sou dit nie meer lank duur nie, dan mag hulle binnetrek.

Maar nou mag Moses nie verder saamgaan nie. Hy mag nie saam met die ander in die mooi land gaan nie. Aaron was al dood. En nou moes Moses ook sterwe. Dit was sy straf omdat hy ongehoorsaam was.

Hoe treurig was dit tog . . .

Moses het gedink: Ek sal net éénmaal vra of ek tog nie maar saam met die volk kan gaan nie.

Baie eerbiedig het hy gevra: "Here, ek weet ek verdien dit nie, maar ek wil tog so graag die mooi land sien. Ek wil so graag sien waar die volk sal woon."

Maar die Here het gesê: "Wees maar stil, Moses. Ek weet wat die beste is".

Was God dan nie jammer vir die ou Moses nie? Het Hy Sy ou kneg dan nie liefgehad nie?

God het geweet wat reg is.

Die Here het Moses sy hele lewe lank liefgehad. Dwarsdeur sy lewe het Hy vir hom gesorg.

Toe hy nog maar 'n ou klein seuntjie was, was die Here al so goed vir hom. Toe het Hy gesorg dat Moses nie in die rivier verdrink is nie.

Toe hy in die mandjie daar tussen die riete gele het, het die Here die prinses daarheen gestuur. Toe het Hy gesorg dat Moses 'n prinsie geword het.

En nog later toe Moses die Egiptenaar doodgeslaan het en hy moes vlug, het God gesorg dat die slegte koning hom nie in die hande kon kry nie.

En toe hy skaapwagter was ... en toe hy weer na Egipte moes gaan . . . en toe hulle dwarsdeur die see moes trek ... en op die lang reis deur die woestyn, altyd maar het God vir Moses gesorg soos 'n vader vir sy kind.

Die Here was so goed.

Soos Hy maak, so is dit altyd die beste.

En toe Moses daaraan dink, was hy heeltemal tevrede. Toe was dit nie meer vir hom swaar om te dink dat hy nie in die land Kanaän mag gaan nie.

Hy mag nou na God gaan, ja, baie naby Hom wees. *Nog* nader as toe hy op die hoë berg Sinaï was. Want hy sou na sy Vader in die hemel gaan. Was dit dan nie baie heerliker nie?

Moses het al die mense bymekaar geroep. Nog één keer het hy met hulle gepraat.

Hy het vir hulle gesê dat hulle altyd baie gehoorsaam aan die Here moet wees. Dan sou hulle gelukkig in die mooi land woon.

Maar as hulle God vergeet, as hulle weer ongehoorsaam word, dan sou hulle baie ongelukkig wees. Dan sal hulle ook nie in die mooi land kon bly woon nie.

Nog baie meer het Moses vir hulle gesê. Hy het sy volk liefgehad. Hy wou so graag dat hulle almal altyd naby die Here moes bly.

Hy het tot die Here gebid om altyd vir die volk te sorg.

Toe het Moses almal gegroet en weggegaan, heeltemal alleen.

83

Daar naby was 'n hoë berg. Daarop het hy geklim.

Die mense het na hom bly kyk, sover as hulle hom kon sien. Hulle was tog baie lief vir Moses. Hulle was so jammer vir hom. Hulle het gesê: "Arme Moses . . ."

Maar hulle hoef nie vir hom jammer te gewees het nie. Hy was glad nie arm af ongelukkig nie.

Want toe hy bo-op die berg kom, het God Self na hom toe gegaan. Vandaar kon Moses baie ver sien. Ja, vandaar het hy die land Kanaän waar sy volk binnekort sou woon, gesien. God het vir hom die groen weivelde en die blink strome water gewys, die berge en die bome en die see, heel in die verte. Die hele land het Moses gesien en hy het geweet dat sy volk daar gelukkig sou wees.

Toe sê God: "Kom, my kind, nou is dit tyd."

En toe het die Here Moses saamgeneem na 'n land waar dit nog baie mooier is. Daardie land mag hy nie net gesien het nie. Hy mag ook binnegegaan het.

Moses het na die *hemel* gegaan.

Daar is geen sonde en geen verdriet nie.

Daar is niemand wat ooit kla nie. Daar is almal altyd bly en gelukkig.

### *27. RAGAB*

Moses was nie meer daar nie.

En Aaron was ook al dood.

Wie moes nou voorgaan as die volk op reis is? Wie sou nou in die plek van Moses hulle leier wees?

Dit was Josua. Josua sou die volk die land Kanaän binnelei.

Maar nou moes hy baie versigtig wees. Want daar het slegte mense in die land gewoon.

Hulle het nie daar gehoort nie. Hulle moes weggejaag word. En daar was ook 'n groot stad met 'n hoë muur rondom. Die stad se naam was Jérigo. Die stad moes die Israeliete van die slegte mense afneem.

Was die mure baie dik en sterk? Was die mense wat daarin gewoon het baie sleg? Was daar baie soldate in die stad?

Al hierdie dinge wou Josua graag weet. Toe roep hy twee manne na hom toe en sê vir hulle:

"Julle moet stilletjies die land Kanaän binnegaan. Julle moet na die groot stad Jérigo gaan.

Julle moet alles daar gaan deurkyk en dan vir my kom vertel. Sien julle kans daarvoor?"

Ja, hulle wou dit graag doen. Hulle het geweet dat die Here vir hulle sou sorg.

Toe begin die twee te stap, totdat hulle eindelik by die groot stad Jérigo kom. O ja, die muur was baie hoog en baie dik. Niemand kon daaroor klim nie. Maar in die muur was 'n groot deur. Dit was 'n poort. En die poort was oop. Mense het in en uit geloop.

Toe gaan die twee manne ook deur die poort na binne. Niemand het hulle opgemerk nie. Op die manier het hulle in die stad gekom. Toe loop hulle deur die strate en bekyk alles.

Maar toe word dit aand. Waar kon hulle die nag slaap? . . . Hulle loop al langs die muur wat rondom die stad is. Daar kom hulle toe by 'n huis wat bo-op die muur gebou was. Ja, die

muur was so dik dat 'n huis daar bo-op kon staan. Hulle het binne-in daardie huis gegaan.

In daardie huis het 'n vrou gewoon. Haar naam was Ragab. Sy was heeltemal tevrede dat die manne daar kon slaap.

Maar die slegte mense van die stad het gesien dat die twee manne by daardie huis 84

ingegaan het. Hulle het dit gou vir die koning vertel. En die koning van Jérigo het soldate gestuur om die twee manne te vang.

Die soldate het teen die deur geslaan en geroep: "Ragab, maak die deur oop! Waar is die vreemde manne? Ons moet hulle vang, want hulle is vyande wat gekom het om te kyk hoe ons land lyk."

Hoe dink julle, wat het Ragab gedoen?

Sou sy die soldate laat binne kom?

Sou sy sê: "Hier is die manne. Gryp hulle maar?" . . .

Nee, Ragab het dit nie gedoen nie.

Sy het die manne al lankal reeds weggesteek. Bo-op die dak, op die plat dak, onder 'n hoop strooi het sy hulle weggesteek.

Ragab was 'n slim vrou.

Toe sê sy vir die soldate: "Die manne? ... Ja, hulle was hier gewees. As julle hardloop, kan julle hulle miskien nog inhaal ..."

En gelukkig, die soldate het weggegaan.


Daarna het Ragab op die dak geklim en die twee manne onder die strooi uitgehaal. Sy het geweet wie hulle was. Sy het al vantevore van die Israeliete gehoor. Sy het ook geweet dat hulle die volk van God was. Juis daarom het sy die twee manne weggesteek. Daarom was sy so goed vir hulle.

Toe sê sy vir hulle: "Die Here sal seker hierdie land vir julle gee. En hierdie stad ook. Die Here kan alles doen. Ons het al gehoor wat Hy vir julle in die woestyn gedoen het. Hy het julle dwarsdeur die see ook laat gaan. Daarom is al die slegte mense van die land bang vir die Israeliete. En daarom was ek vir julle goed gewees. Maar nou moet julle my belowe dat julle vir my ook goed sal wees. Oor 'n rukkie sal julle volk hierheen kom om ons stad in te neem. Sal julle my dan geen kwaad aandoen nie? En my vader en my moeder ook nie? En my broers en my susters ook nie?"

Die manne was maar alte bly om dit te belowe. Om vir Ragab ook iets goeds te doen. Maar nou kon hulle nie langer bly nie. Hulle moes so gou moontlik weggaan. Want miskien kon die soldate nog weer terugkom om na hulle te soek!

Ragab het hulle in die kamer geneem. Sy het 'n venster oopgemaak. Toe neem sy 'n dik tou.

Dit was 'n rooi tou. Die een punt het sy aan die venster vasgemaak. Die ander punt het by die venster uitgehang, langs die muur in die donker. Langs die tou moes die twee manne toe afklim na onder. Dan was hulle ook sommer buitekant die stad. Want die huis het mos bo-op die muur gestaan.



Een van die mooiste dinge op aarde wat die Here gemaak het, is 'n pragtige waterval soos hierdie een in Natal.

"Hang hierdie rooi tou by die venster uit as ons terugkom," het hulle vir haar gesê. "Dan kan ons volk sien dat jy hier woon. En sorg dan dat jou vader en jou moeder, jou broers en jou susters by jou in die huis is. Dan sal ons vir ons volk sê: Waar 'n rooi tou by die venster uithang, daar mag julle die mense geen kwaad aandoen nie."

Toe klim hulle gou-gou na ondertoe af en hardloop vinnig weg om in die berge weg te kruip,

'n Paar dae later was hulle weer veilig by Josua.

God het vir hulle gesorg.

Hy het ook gesorg dat die vreemde vrou so goed vir hulle was.

## *28. JÉRIGO*

Onthou julle nog van die twee manne wat na Jérigo moes gaan om daar stilletjies alles deur te kyk? En van die soldate wat hulle wou vang? En van die goeie vrou wat hulle so slim gehelp het?

Haar naam was mos Ragab.

Sy het 'n rooi tou aan die venster vasgebind. Op die manier het sy hulle laat afklim.

En sy sou dieselfde rooi tou by haar venster laat uithang wanneer die Israeliete sou kom om die stad van die slegte mense af te neem.

'n Rukkie later het die Israeliete toe ook gekom. Die slegte mense het hulle gesien. Hulle het gou die poorte toegesluit. En hulle het bo-op die muur

gaan staan, klaar om te veg.

Wat sou die Israeliete nou doen? Sou hulle die mure met hamers stukkend slaan? Sou hulle die poort met 'n groot paal probeer oopbreek? . . .

Dit sou hulle nie regkry nie! Die muur was veels te dik en die poort was gans te sterk. Die Israeliete het iets anders gedoen. Hulle het almal saam in 'n lang ry rondom die stad geloop.

Net dit. Toe gaan hulle weer terug na hulle tente.

Maar die volgende dag het hulle weer gekom. En toe loop die hele volk weer rondom die stad.

En die derde dag ook.

En die vierde dag ook.

En die vyfde dag weer een maal rondom die hele stad.

En die sesde dag ook weer.

Die slegte mense kon glad nie verstaan wat die Israeliete doen nie. Hulle het maar net daaroor gelag. Dit was vir hulle alte snaaks. Hulle het vir mekaar gesê: "Wat doen die dom Israeliete nou? Wil hulle op die manier ons stad afneem? Hulle sal dit mos nooit regkry nie.

Hulle sal nooit binne-in ons stad kom nie."


Nee, die Israeliete kon dit nie doen nie.

Maar die Here kon hulle help om dit te doen.

En God het vir Josua gesê dat die volk dit moes doen.

En toe kom die sewende dag.

Daar kom die Israeliete toe weer aan. Almal loop weer rondom die stad. Maar nou nie net één keer nie. Nee, baie meer. Twee keer, drie keer, nog meer. Ja, sewe keer gaan hulle rondom die hele stad.



En toe staan hulle stil. Die priester blaas vir die sewende keer op die ramshorings en Josua sê vir die volk: "Skreeu!" En meteens begin hulle almal te skreeu en te juig, asof hulle al klaar gewen het.

En dit was ook so!

Want kyk, daardie dik muur het begin oopskeur en omval. Dit het heeltemal plat geval. Die Israeliete kon sommer so die stad binneloop.

Dit het hulle ook gedoen.

En van al die slegte mense in die stad het niemand oorgebly nie.

Net één stuk van die muur het bly staan. God het daarvoor gesorg.

Op daardie stuk muur het 'n huis gestaan.

En wat het daar by die venster uitgehang?

'n Dik, rooi tou.

Dit was die huis van Ragab. Die twee manne vir wie sy so fluks gehelp het, het in haar huis gegaan en Ragab met al haar familie veilig na die Israeliete toe gebring. Van toe af het Ragab altyd onder hulle gewoon. Daar, by die volk van God, was dit tog baie beter as by die slegte mense van Jérigo.

Daarna het die Israeliete verder die land binnegetrek. Al die slegte mense het hulle weggejaag. En al hulle sterk stede het hulle ingeneem.

Toe het hulle self in daardie mooi land gaan woon.

Hulle het huise daar gebou.

Ook het hulle koring gesaai.

Hulle beeste en skape het op die mooi, groen velde gewei.

Nou het hulle alles gehad wat hulle harte begeer het. Hulle hoef nooit meer dors te ly nie.

Daar was water en melk genoeg. Ook het hulle nie meer manna geëet nie. Hulle het brood van hulle eie koring gemaak. Daar het ook heerlike vrugte gegroei. En heuning was daar ook. Hoe lekker het hulle tog in daardie mooi land gewoon ! Hulle eie land.

Josua het vir hulle gesê: "Nou moet julle altyd daaraan dink dat die Here hierdie land vir julle gegee het. Die slegte mense wat hier gewoon het, aanbid mos 'n beeld, 'n afgod. Julle moet dit tog nooit doen nie. Julle moet tot die Here bid en Hom altyd liefhê en Hom gehoorsaam wees. Sal julle dit doen?"

En hulle het almal geantwoord: "Ja, dit sal ons doen. Die Here is ons God!"

As hulle dit net altyd onthou het. Dan sou hulle altyd gelukkig gebly het.

## *29. GIDEON*

Dit was in die somer.

Die koring het ryp op die lande gestaan. En oral in die mooi land Kanaan was die mense besig om die koring af te sny. Dan sou hulle dit dors. En dan maal. En van die meel sou hulle brood bak. Heerlike brood van hulle eie land!

Ja, maar die mense was nie bly omdat hulle sulke lekker koring gehad het nie. Hulle was verdrietig en bang. Want miskien kon hulle nie eens daardie koring dors nie. Miskien kon hulle dit ook nie maal nie. Ja, miskien het hulle nie eens brood om te eet nie. Want elke jaar net soos die koring ryp is, het daar rowers gekom en alles weg

gesteel. Hulle self het niks oorgehou nie. Dan moes hulle maar honger ly.

89

Daarom was hulle so verdrietig. Daarom het hulle so bang in die verte gekyk. Dan het hulle gesê: "Ons wonder of hulle vanjaar weer so gou sal kom? ... O, hulle sal seker maar kom!

'Vir sewe jaar lank het hulle elke jaar gekom. En ons kan hulle nie wegjaag me. Die rowers is gans te sterk vir ons. Wie sal tog die slegte rowers vir ons wegjaag? . . ."

Daar naby was 'n jong man. Sy naam was Gideon. Hy het 'n klompie koring wat al ryp was, gemaai. En nou het hy by 'n groot bak ander 'n terpentynboom gestaan. Daarin gooi hy 'n klompie koring. Dan slaan hy die koringare met 'n stok. Die koringkorrels het dan uit die are gespring. Op die manier het Gideon 'n bietjie koring gedors. Die koring het hy in 'n sak gesit.

En die sak met koring wou hy wegsteek in 'n spelonk in die berg. Daar sou die rowers dit nie vind nie. Dan het Gideon tog tenminste 'n bietjie koring om brood van te maak.

Maar Gideon was ook verdrietig. Hy het gedink: "Ag tog, hoe ongelukkig is my volk! Hier woon hulle in die pragtige land. Hulle behoort baie gelukkig te wees. Maar hulle is bitter ongelukkig. En dit is hulle eie skuld. Want hulle het alweer die Here vergeet. Hulle het Hom nie meer lief nie. En hulle is so ongehoorsaam. Hulle het mos ook 'n beeld begin aanbid net soos die slegte mense wat hier gewoon het. Daarom is my volk so ongelukkig. Daarom kom die slegte rowers elke jaar. God het hulle gestuur om die Israëliete te straf vir hulle sondes.

Ja, nou was die mense weer jammer Hulle het weer tot God begin bid: "Here, help ons tog!

Jaag die slegte rowers asseblief weg as hulle weer kom!"

Maar die Here het nie gehoor gegee nie. "Wie weet, miskien luister Hy nie eens meer na Sy volk nie. Miskien wil Hy niks meer met hulle te doen hê nie . . ."

So sit Gideon en dink terwyl hy daar met sy koring besig is. Hy was ook baie verdrietig en het kort-kort gesug. Maar hy moet gou maak . . .

Hy was heeltemal alleen ander die terpentynboom . . .

Maar meteens skrik Gideon. Want hy was nie meer alleen nie!

Onder die boom op 'n klip sit 'n Man. Die Man kyk na hom en groet Gideon ewe vriendelik.

Wie was die Man?

Dit was die Engel van die Here. Hy het van die hemel afgekom om 'n boodskap vir Gideon te bring. Want God het gehoor toe Sy volk geroep het. Hy het *Sy* volk nog altyd lief. En nou het Hy Sy Engel gestuur om hulle te help.

Die Engel sê: "Gideon, as die rowers weer kom, moet jy hulle wegjaag."

Gideon het geskrik toe hy dit hoor.

"Ek?" vra hy verbaas. "Maar dis tog onmoontlik! Ek is nog so jonk en die rowers is baie sterk!"

Maar die Engel sê: "Jy kan dit doen, Gideon, want die Here sal jou help."

Toe Gideon dit hoor, het hy bly geword. Sal die Here hom help? Kou ja, dan kan hy dit doen.

As die Here hom help, kan hy *alles* doen! . . .

Nie lank daarna nie, het die rowers gekom. Hulle het op groot kamele gery wat baie vinnig kon hardloop. Die rowers het lang spiese gehad waarmee hulle goed kon veg en mense kon doodsteek.

Toe word die Israeliete so bang. Hulle het gou tussen die berge weggekruip. Maar nie Gideon nie. Gideon het op die basuin geblaas. Dit het dwarsdeur die hele land weerklink. En al die dapper manne wat dit gehoor het, het na hom gekom om te kom help veg. Op die manier het Gideon baie soldate bymekaar gekry.

Maar sy groot klomp soldate kon die rowers nie wegjaag nie, dit het Gideon geweet. Die Here moes hulle help.

Gideon het gedink: "Sal die Here my regtig help as ek gaan veg? Ek wil dit so graag glo. Ek 90

wil so graag seker wees."

Toe neem hy die vel van 'n skaap. Die vel sit hy op die gras oop. En hy sê: "Liewe Here, elke more is die gras nat van die dou. Maar as die gras môreoggend droog is en die vel nat, sal ek weet, sal ek glo dat U my sal help."

Toe gaan hy slaap. En die volgende more was dit so. Die gras was droog. Maar die vel was heeltemal nat. Gideon kon eintlik die water daaruit droog. Ja, 'n hele klomp water het hy daaruit gedruk.

Toe het Gideon geglo dat die Here hom sal help. Maar om nog sekerder te maak, het hy dit weer gedoen. Hy het weer die vel op die gras oopgelê en gesê: "Liewe Here, laat nou asseblief môreoggend die gras nat wees en die velletjie droog."

Toe gaan hy weer slaap. En die volgende more was dit weer netsoos hy gevra het. Die gras was nat van die dou, maar die velletjie was droog.

Toe was Gideon baie bly. Want toe het hy vas geglo dat God hom sou help om die slegte rowers te wen.

Hy het sy groot leer soldate bymekaar geroep en vol moed teen die rowers opgetrek.

Maar as God hom help, het Gideon tog nie so baie soldate nodig gehad nie.

Die Here sê: , Jy het te veel manne by jou. Stuur 'n hele klomp terug huis toe."

Gideon het gehoorsaam alles gedoen wat die Here gesê het. Hy het maar net 'n klompie oorgehou. Maar hy was nie bang nie. Die Here sou hom mos help.

Weer sê die Here: "Gideon, jy het nog te veel manne by jou, van hulle moet jy ook nog terugstuur."

Gideon het so gemaak. Toe bly daar net 'n klein klompie oor. Sou daardie heel klein klompie manne dit ooit regkry om die slegte rowers weg te jaag?

Ja seker, hulle kon! Die Here sou hulle mos help.

Toe word dit nag. Dit het stil geword. En baie donker. Die rowers het in hulle tente gaan slaap.

Gideon en sy klein klompie het stilletjies na die rowers toe gegaan. Hulle het 'n kring rondom die rowers gemaak. Gideon het vooraf alles vir sy mense gesê wat hulle moes doen.

Elkeen van hulle het 'n basuin gehad. Gideon laat almal toe gelyktydig daarop blaas. Dit het baie hard geklink in die stil nag!

Elkeen van hulle het ook 'n leë kruik gehad. Dié gooi hulle toe saam stukkend daar buitekant die laer van die rowers. Wat 'n lawaai was dit nie om te hoor so in die nag as mens net wakker word nie!

Hulle almal het ook elkeen 'n fakkel gehad wat brand. Daarmee het hulle in die rondte geswaai. Die fakkels het sommer sulke groot vlamme gemaak. 'n Mens kon nie help om daarvoor bang te word in die donker nag nie.

Toe roep al die manne so hard as hulle kon: "Vir die Here en vir Gideon." En toe storm hulle die rowers.

Die rowers het hulle byna dood geskrik! Hulle hoor die vreeslike lawaai en die harde stemme. Hulle sien die vlamme in die donker, heeltemal rondom hulle. En toe word hulle vreeslik bang! Hulle het gedink dat daar 'n groot leer aan die kom was, wat baie groter en sterker as hulle was.

Hulle het sommer heen en weer gehardloop van skrik. Hulle het teen mekaar vasgehardloop en mekaar gestamp. Hulle het mekaar met die spiese gesteek. Want in die donker kan hulle mekaar nie sien nie. En hulle het nie geweet wie is die vyand nie.



So het hulle mekaar nog banger gemaak. Hulle kon nie langer daar bly nie. Toe vlug hulle daar weg so vinnig as moontlik. Gideon en sy manne het hulle agterna gesit en hulle heeltemal uit die land gejaag.

Nooit weer het daardie slegte rowers teruggekom nie.

Die Israeliete was so bly!

Al die mense het na Gideon gekom om 'vir hom dankie te sê dat hy hulle so gehelp het.

Maar dit was nie Gideon wat dit gedoen het nie.

Die Here het dit gedoen. Hy het Sy volk weer vry en gelukkig gemaak. Hy het vir Gideon so dapper en slim gemaak.


## ***30. RUT***

Daar was eendag 'n vrou. Haar naam was Naomi. Sy het saam met haar man en twee seuns in Bethlehem gewoon. Dit was 'n dorp in die mooi land Kanaän.

Die man het elke dag in sy lande gewerk. Daar het hy koring gesaai. Wanneer die koring ryp was, het hy dit geoes en gedors. Die mooi koringkorrels het hy dan na sy vrou, Naomi, gebring. Sy het die koring gemaal. Van die meel het sy vir haar man en haar seuns lekker brood gebak.

Maar een jaar was daar glad nie koring nie. Die man het wel koring gesaai, maar dit wou nie groei nie. Dit het doodgegaan. En toe het Naomi niks gehad om te maal nie. Toe het sy ook glad nie meel gehad om brood van te bak nie. Toe het hulle niks gehad om te eet nie.

Wat moes hulle toe doen? Hulle bure het ook byna niks gehad nie. Daar was niemand wat vir Naomi kon help nie. Al die mense in die land het honger gely.


HANS





Die Here het allerhande soorte diere gemaak, nie net om vir ons

te werk nie, maar ook dat hulle ons speelmaats kan wees.

Toe het Naomi weggegaan met haar man en haar twee seuns. Hulle het na die land Moab gegaan. Daar was genoeg brood. Daar hoef hulle geen honger te ly nie.

In daardie vreemde land het Naomi lank bly woon. Maar sy was nie daar gelukkig nie. Sy het daar baie hartseer gely.

Eers het haar man gesterwe. Toe het sy darem nog haar twee seuns gehad.

94

Die twee seuns het getrou net twee meisies van daardie vreemde land. Die een se naam was Rut. Die ander een s'n Orpa.

Maar na 'n rukkie het altwee die seuns siek geword en altwee is daar dood. Toe het Naomi glad niks meer gehad nie. Nie 'n man en ook nie kinders nie. Toe het sy 'n arme, eensame vrou geword.

Arme Naomi! Sy het oud en grys geword van swaarkry.

Toe se sy: "Nou wil ek nie meer hier bly woon nie. Nou gaan ek weer terug na my eie land.

Daar sal nou seker weer brood vir my wees."

En toe het Naomi op reis gegaan, terug na Betlehem. Altwee die meisies, Rut en Orpa, het

'n entjie saam gegaan om haar weg te bring.

Hulle was baie lief vir Naomi. Sy was so 'n liewe, goeie moeder vir hulle gewees. Sy het hulle ook van die Here vertel. Die meisies was so hartseer omdat Naomi nou vir goed weggegaan het. Daarom het hulle 'n ver ent saamgestap.

Maar eindelik het Naomi gaan stilstaan en gesê: "Nou moet julle omdraai, hoor. Julle was baie goed vir my. Ek hoop dat die Here julle gelukkig sal maak."

Toe gee Orpa die ou Naomi 'n soen. Sy het baie gehuil toe sy haar groet, maar sy het omgedraai en teruggegaan na haar ouers se huis.

Rut het ook gehuil. Maar Rut het nie teruggegaan nie. Sy het Naomi te liefgehad. En sy het die Here ook so liefgehad. Daarom wou sy nie

teruggaan na haar volk nie. Want niemand van hulle het God liefgehad nie. Sy het nie meer by hulle gehoort nie. Sy wou veel liewer by Naomi se volk woon. By die Israeliete. Want daar kon sy God beter liefhê en dien.

Toe sê Rut: "Nee moeder, ek laat u nie alleen nie. U volk is my volk en u God is my God. Ek wil altyd by u bly, moeder."

Naomi was toe tevrede en ook baie bly dat Rut met haar saamgaan. Na 'n lang reis kom hulle weer by Betlehem aan.

As 'n jong, gelukkige vrou het Naomi daar weggegaan. Maar 'n ou, verdrietige vrou, só kom sy terug.

"Is dit tog nie Naomi nie?" het die mense gevra. "Ons ken haar byna nie. Só oud en só grys het sy geword."

En oral het hulle rondvertel van die ou, verdrietige vroutjie wat na soveel jare weer terug gekom het. En ook van die liewe meisie wat haar nie alleen wou laat gaan nie . . .

Haar huisie het nog daar gestaan. Daarin het hulle gaan woon.

Ook was daar genoeg koring. Want dit was somer. Oral was die mense besig om te maai.

Maar Naomi het nie koring gehad nie. Niemand het op haar lande vir haar koring gesaai nie.

Wat moes sy toe doen? Sy, moes tog koring hê om brood van te bak . . .

Rut vra toe: "Moeder, sal ek gaan are bymekaar maak op die lande by die maaiers?"

Naomi antwoord: "Goed, my dogter."

Toe gaan Rut na die maaiers toe. En sy vra: "Mag ek maar die are optel wat julle laat val het?" "Ja, seker!" antwoord hulle.

Arm mense mag altyd so die are opgetel het. Rut het toe die hele more koringare bymekaar gesoek. Daardie dag het sy 'n heleklompie gekry.

Die maaiers was knegte van 'n ryk man. Sy naam was Boas. Terwyl Rut daar besig was, het die ryk man ook na die lande gekom om te sien hoe dit met die werk gaan. Daar sien hy toe die meisie wat so fluks aan die soek was. En hy vra: "Wie is dit?"







Die knegte antwoord: "Dit is die meisie wat saam met Naomi uit die vreemde land gekom het."

Boas was bly dat Rut op sy land kom are soek het, want hy het al baie van haar gehoor. Hy het na haar toe gegaan en gesê: "Jy moet elke dag hier kom optel, hoor! Doen dit gerus. My knegte sal goed vir jou wees. En as jy dors word, sal hulle vir jou iets gee om te drink. Jy hoef nie na iemand anders se land te gaan nie, hoor!" . . .

Rut was alte bly. Sy het diep voor die goeie man gebuig

en gevra: "Waarom sorg u tog so goed vir my?"

Boas antwoord: "Omdat jy so goed vir Naomi gesorg

het."

Toe word dit middag. Die knegte het gaan eet en Boas

sê: "Kom maar hier, hoor. Kom eet saam."

En toe kry Rut lekker brood by hulle en lekker suur wyn,

wat so goed vir die dors is.

Na ete het sy weer fluks begin optel. En Boas het

saggies vir sy knegte gesê: "Julle moet sorg dat sy baie

are kry, hoor. Laat maar nou en dan met opset 'n

handjievol val dat sy genoeg bymekaar kan maak."

Toe het Rut sommer baie gekry. Toe dit aand word, het

sy dit gaan uitslaan.

Toe het sy 'n sak vol koring. Met 'n sak vol koring het sy die aand tuis by Naomi gekom.

Die ou vrou was so bly en verwonderd. Sy vra: "Waar was jy toe gewees, my kind?"

Rut vertel toe alles. En die volgende dag het sy weer

na die land van die goeie man gegaan. Elke dag het sy

gegaan. Solank as wat hulle geoes het, het Rut elke

dag are gaan bymekaar maak — daar op die lande van

Boas.

En toe al die koring gemaai was, het daar iets moois

gebeur. Toe het die ryk Boas met die arm Rut getrou.

Na 'n ruk het hulle ook 'n kindjie van die Here gekry, 'n

liewe ou seuntjie.

Naomi was tog te bly daaroor. Sy het die ou kleintjie op

haar skoot gesit. En al die bure het na die kindjie kom

kyk.

Hulle het vir haar gevra: "Naomi is jy nou nog

verdrietig?"

En Naomi het geantwoord: "Nee, waarlik nie. Ek het wel baie verdriet in my lewe gehad, maar die Here het alles weer mooi en goed gemaak."

## ***31. SAMUEL***

Daar was eenmaal 'n goeie vrou. Haar naam was Hanna. Sy was baie ongelukkig. Sy wou baie graag 'n kindjie hê en sy het maar nie 'n kindjie van die Here gekry nie.

In die huis waar sy gewoon het, het ook 'n ander vrou gebly. En sy het kinders gehad. Dan terg sy Hanna elke dag: "Goed so! Jy het tog nie kinders nie en ek het. Die Here het jou seker vergeet. Die Here het jou nie lief nie, daarom gee Hy nie vir jou kinders nie."



Dit was nog die swaarste vir Hanna: dat die Here haar dalk nie liefhet nie. As sy daaraan dink, het sy sommer baie gehuil.

Elke jaar het Hanna met haar man op reis gegaan. Hulle het na die tabernakel gegaan. Dit was die kerk, die huis van die Here. Daar het hulle vir die Here 'n offer gebring. Daar het hulle ook gaan bid. Dan het Hanna ook altyd iets van haar man gekry. Want hy was baie lief vir haar. Hy wou Hanna so graag gelukkig maak. Maar hy kon nie. Net die Here alleen kon dit doen.

Een keer het Hanna weer saam met

haar man na die tabernakel gegaan. Die

ander vrou het haar weer vreeslik

geterg. Sy kon nie eens eet nie, só

hartseer was sy. Toe besluit sy: "Ek sal

al my hartseer vir die Here vertel . . .'*

Sy het in die tabernakel gegaan. Daar

het sy op haar knieë geval. Sy het

gehuil. En daar het sy saggies aan God

vertel hoe hartseer sy is. En dat sy so

vreeslik graag 'n kindjie wou hê.

"Liewe Here," het sy gesê, "luister tog

asseblief na my. Moenie my vergeet nie.

Gee my tog 'n kindjie, 'n liewe klein

seuntjie. Ek sal goed vir hom sorg, Here.

En ek sal hom elke dag van U vertel. Hy

sal 'n kneg van die Here word. Dit beloof ek U . . ."

Hanna het nog baie meer gesê. Sy het lank gebid. Maar sy het dit saggies gefluister, sodat niemand anders, behalwe die Here, dit kon hoor nie.

By die deur van die tabernakel het 'n ou man gesit. Hy het 'n mooi blou kleed aangehad. Hy was die hoëpriester. Sy naam was Eli. Hy was die belangrikste kneg van die Here. Hy was die baas van al die ander priesters. Hy moes die tabernakel oppas.

Eli het na Hanna gekyk en gedink: "Die vrou doen snaakse dinge. Sy lê daar op die grond en haar lippe beweeg, maar ek hoor niks wat sy praat nie. Is sy dalk 'n slegte vrou? Is sy dalk dronk?"

Hy gaan na haar toe en sê kwaai: "Skaam jy jou nie, slegte vrou, om dronk in die huis van die Here te kom nie?

Hanna kyk na hom. Haar oë word vol trane en sy sê: "O nee, ek is nie 'n slegte vrou nie.

Maar ek is baie hartseer. En nou het ek al my hartseer vir die Here vertel. Ek het tot God gebid . . ."

Toe was Eli spyt dat hy so kwaai met haar gepraat het. Hy sê: "Gaan in vrede. God sal jou gebed verhoor." Hanna het baie bly geword. Sy het teruggegaan na haar man. En nou kon sy ook gelukkig wees. Sy was nie meer hartseer nie. God sou haar gebed verhoor. Dit het sy geglo.

En die Here het dit ook gedoen. 'n Jaar later het Hanna 'n kindjie gekry, 'n liewe klein seuntjie. Sy het hom Samuel genoem. Dit beteken: van die Here gebid.

Daardie jaar het Hanna nie saamgegaan na die tabernakel nie. Sy moes tuis bly om vir haar kindjie te sorg.

'n Hele paar jaar later het sy vir die eerste keer weer gegaan. En wie het langs haar geloop?

Die kleine Samuel!

Hy het 'n mooi wit kleed aangehad. Hy het al so 'n groot kêreltjie geword dat hy sy moeder 97



nie meer elke dag nodig gehad het nie. En nou sou hy 'n klein kneggie van die Here in die tabernakel word. Saam het hulle na Eli gegaan.

Eli het weer by die deur van die tabernakel gesit. Hy het nog ouer en nog gryser geword. Hy het Hanna nie meer geken nie.

Maar Hanna sê: "Ek is die vrou wat hier gebid het en vir die Here 'n kindjie gevra het. Dit is die kind wat die Here my gegee het. Ek het vir God belowe dat hy 'n kneg van die Here sou word. Mag hy hier bly en u in die tabernakel help?"

Daarmee was Eli tevrede.

So het Hanna toe alleen terug huis toe gegaan. Maar sy was nie daaroor hartseer nie, hoor.

Sy was bly omdat haar seuntjie in die huis van God mag werk. Van blydskap het sy 'n lied gesing.

Elke jaar het sy saam met haar man na die tabernakel gegaan. Elke jaar het sy haar liewe Samuel weer gesien. En dan het sy elke keer vir hom 'n mooi nuwe kleed gebring — elke jaar moes dit 'n bietjie groter wees.

Vir Samuel was dit baie lekker om 'n klein kneg van die Here te wees. By sy moeder het hy geleer om die Here baie lief te hê. Hy moes allerhande klein werkies vir Eli in die tabernakel doen. Hy het in sy eie klein kamertjie geslaap, naby Eli s'n.

Eli het twee seuns gehad. Hulle name was Hofni en Pinehas. Hulle was priesters. Hulle moes offers bring in die tabernakel. Hulle moes goeie knegte van God wees. Maar hulle was slegte knegte. Hulle was sulke goddelose manne. Hulle het allerhande slegte dinge gedoen.

Hoe fluks is die twee dogters!

Hulle is nog so klein en hulle

begin Mamma al help om

kouse te stop.

Wat is heerliker as om vir

Pappa en Mamma of vir

ander mense met werkies te

help!

Ons hemelse Vader maak

ons gesond en sterk, nie net

dat ons lekker kan speel nie,

maar ook dat ons kan werk

en vir ander kan help.





Een van die mooiste werkies is om vir 'n ou of 'n

siek Oom of Tannie 'n mooi bos blomme te neem.

Eli het dit geweet, maar hy het daar niks aan gedoen nie. Hy het net maar gesê: "Dit moet julle nie doen nie, my seuns. Dis nie goed nie." Maar hy het hulle nie eens gestraf as hulle ongehoorsaam is nie. Eli het nie gedoen wat die Here wou hê hy moes doen nie.

Samuel het tussen daardie mense grootgeword, maar hy het aangehou om die Here baie lief te hê. Ook toe hy groot was. Hy was 'n goeie kneg van God.

Een nag het Samuel wakker geword. Daar hoor hy 'n stem wat hom roep.

"Samuel! . . . Samuel!" roep die stem.

Toe staan Samuel op en gaan na die kamer waar Eli slaap.

Hy sê: "Hier is ek. U het my geroep."

Maar Eli sê: "Nee, ek het jou nie geroep nie. Gaan slaap maar weer."

Samuel dink toe: "Ek het maar seker verkeerd gehoor." En hy gaan weer lê om te slaap.

Maar meteens hoor hy wéér die stem: "Samuel! . . . Samuel!"

Die keer het Samuel geweet dat iemand hom regtig roep. Hy gaan toe na Eli en sê: "Hier is ek. Nou *het* u my geroep."

Maar Eli sê: "Nee regtig, my seun. Ek het jou nie geroep nie. Jy het seker gedroom. Gaan slaap maar weer."

Samuel kon dit nie verstaan nie. Maar hy het gehoorsaam teruggegaan. Hy het skaars gele, toe hoor hy vir die derde keer die stem: "Samuel! . . . Samuel!"

Toe loop Samuel weer na Eli en sê: "Dié keer het u my verseker geroep, vader Eli!"

Toe eers verstaan Eli waar die stem vandaan kom. Hy sê: "Dit is die Here wat jou geroep 99

het. Gaan maar terug en as jy die stem weer hoor, dan moet jy sê: "Praat Here, want U kneg hoor . . .' "

Samuel het stil teruggegaan na sy kamertjie. Stil het hy gele en luister en wag. En sy hart het geklop van eerbied en vrees.

Wil die Here waarlik met hom praat? ... O, dit was heerlik! Dit is die mooiste iets wat ooit kon gebeur.

Hoor, daar was die stem van God nou: "Samuel! . . . Samuel!"

Samuel antwoord, sag en eerbiedig: "Praat, Here, want U kneg hoor."

Toe praat die Here met die klein Samuel. Dit was heerlik om na God se stem te luister. Maar dit was 'n treurige boodskap wat Samuel gekry het.

God sê dat Hy gesien het hoe sleg die twee seuns van Eli is. Dat Hy hulle ook al gewaarsku het — vir hulle en vir Eli — maar dat hulle nie wou luister nie. Nou het die Here besluit om hulle te straf. Hofni en Pinehas sou op één dag doodgaan. Ook vir Eli sou die Here straf omdat hy sy kinders nie beter geleer het om gehoorsaam te wees nie.

Toe het dit weer stil geword. God se stem het nie meer gepraat nie.

Maar Samuel kon nie weer slaap nie. Vroeg die oggend het hy opgestaan. Hy het gegaan om die deure van die tabernakel oop te maak. Dit was elke dag sy werk.

Toe roep Eli hom en vra: "Wat het die Here vir jou gesê?"

Ja, toe moes Samuel maar alles vertel. Hy het ook. Hoe treurig die boodskap ookal was, tog het hy alles vertel.

Eli het gesug en gesê: "Hy is die Here. Hy doen wat reg is . . ."

'n Tyd later, toe Samuel al groot was, het hulle straf ook gekom.

Daar was oorlog in die land. Die Israeliete het teen die vyand gaan veg. Hofni en Pinehas ook.


Toe het die vyand Hofni en Pinehas altwee doodgemaak. En toe die ou Eli hoor wat alles gebeur het, het hy so vreeslik geskrik dat hy van sy hoë stoel afgeval het en ook gesterf het.

Dit was die straf vir hulle almal se sondes.

Noudat Eli dood was, wie moes toe die kneg van God word?

Samuel!

Hy was 'n goeie kneg. Hy het die Here liefgehad. Hy het nog dikwels die stem van die Here gehoor wat met hom gepraat het. En wat die Here ookal vir hom gesê het, dit het hy altyd gedoen.







***32. DAWID***

Daar was eenkeer 'n seun. Sy naam was Dawid. Hy moes elke dag vir sy vader skape oppas.

Elke more as die son opkom, het hy na die kraal

gegaan waar die skape snags geslaap het. Dan maak

hy die hek oop. Hy roep die skape en sê: "Kom, kom

skapies. Ons gaan weer mooi gras vir julle soek. Dan

kan julle jul magies lekker vol eet."

Saam het hulle veld toe gegaan en die hele dag daar bymekaar gebly. Die skapies het van die gras geëet. Dawid het daar by hulle gesit om hulle op te pas. Hy was die herder. Hy moes vir die skape sorg. Hy moes sorg dat hulle genoeg kos kry om te eet. En as hulle dors het, moes hy hulle na die water neem om te gaan drink. Want die skape

mag geen gebrek ly nie. Hy moes ook die wilde diere van die skape af weghou. Hy het hulle met klippe gegooi of met 'n stok verwilder.

So was hy die hele dag alleen met sy skape. Daar vér kon hy huise sien. Dit was die dorp Betlehem. Daar het sy vader en sy broers gewoon. Net hy was hier alleen in die wye velde.

Tog was hy nie daaroor ontevrede nie. Hy was baie gelukkig daar in die veld. Dikwels het hy musiek gemaak op sy harp. Hy kon mooi speel. Dan het hy ook saamgesing. Vér oor die vlaktes kon mens sy pragtige musiek hoor klink.

Weet julle waarom Dawid so gelukkig was?

Omdat hy tog nie alleen was in die veld nie. Daar

was Iemand by hom. Daarom was hy so gelukkig.

Weet julle wie dit was?

Die Here.

Die Here is oral. In die stad en op die veld. Hy sorg vir al die mense. Hy sien ons altyd . . .

oral!

Dawid het dit geweet en baie keer gedink: "Ek sorg vir die skape, maar die Here sorg vir my.

Die Here is ook 'n Herder. *Ek* is een van Sy skape."

En toe hy daaraan dink, het hy so bly geword dat hy weer begin sing. Hy het 'n mooi lied gesing wat hy self gemaak het.

Die lied gaan so: "Die Here is my Herder; niks sal my ontbreek nie . . ."

Die skape het hulle koppe opgetel en na die mooi lied geluister. En in die hemel het God geluister . . .

Eendag het daar iets gebeur, 'n Vreeslike ding . . .

Dawid was weer met sy skape in die veld. Toe kom daar 'n leeu. Julle weet watter skerp naels en skerp tande 'n leeu het? Die leeu het versigtig deur die bosse nader gesluip. En meteens het hy op 'n skaap gespring en hom gevang.

Maar dit mag nie gebeur nie. Dawid was mos daar om die skape op te pas. Hy het nie aan homself gedink nie, maar aan sy skape.

"Ek is die herder; ek moet my skape red . . .," het hy gedink. "Die Here is my Herder: Hy sal my help en bewaar."

Daarom was Dawid nie bang nie. Hy het die leeu gestorm. Die leeu het so geskrik dat hy die skapie gelos het. En toe veg Dawid en die leeu met mekaar. Dawid het sy bek oopgeskeur en hom doodgeslaan. Daar lê die ou leeu toe . . . morsdood.

102

Dawid het die gewonde skapie in sy arms opgetel en na die ander teruggedra. Hy het die bloed afgewas waar die leeu hom gebyt het en salf aangesmeer. Gelukkig het sy skapie weer heeltemal gesond geword.

Dawid was 'n goeie herder. Hy het baie goed vir sy skape gesorg.

En die Here was sy goeie Herder. Hy het weer vir Dawid gesorg.

Eendag het 'n kneg van die huis gekom om Dawid te roep. Hy moes dadelik huis toe gaan, want daar was iemand wat met hom wou praat. Sy vader, Isaï, het 'n besoeker gehad. Sy broers was ook al almal tuis.

Dawid het sewe groot broers gehad. Hy was die jongste.

En wie was die man wat daardie dag by hulle gekuier het?

'n Ou man met 'n lang, grys baard. Dit was Samuel. Ja, Samuel het al oud geword. Maar hy was nog altyd 'n goeie kneg van God. God het hom Self na Isaï se huis gestuur.

Dit was 'n heel *besondere* boodskap wat Samuel moes bring. God het vir hom gesê dat een van die seuns van Isaï koning moes word. Koning oor Sy volk Israel. Nie dadelik nie. Maar wel oor 'n rukkie. Want daar was nog 'n koning. Sy naam was Saul. Maar Saul was nie 'n goeie koning nie. Hy was ongehoorsaam gewees. Hy wou nie na God luister nie. En daarom moes daar 'n ander koning kom. Die nuwe koning sou een van die seuns van Isaï wees.

Maar watter een van die klomp seuns sou dit wees?

Dit het Samuel nog nie geweet nie.

God sou die koning Self uitkies.

Daarom moes al die seuns van Isaï bymekaar wees. Een na die ander moes hulle na Samuel gaan.

Eers het die oudste gekom. Hy was 'n groot, sterk man. Samuel het gedink: "Dis seker hy.

O, wat 'n pragtige koning sal hy nie wees nie!"

Maar die Here het gesê: "Nee, Samuel, dis nie hy nie. Ek kyk nie daarna of die koning groot en sterk is nie. Ek kyk na die hart."

Toe skud Samuel sy kop en sê: "Nee, vir hom het die Here nie uitgekies nie."

Toe kom die tweede seun. Maar Samuel het weer sy kop geskud en gesê: "Ook hierdie een het die Here nie uitgekies nie."

So het al die seuns van Isaï wat by die huis was, één vir één, na Samuel gekom. Maar die ou kneg van God het elke keer gesê: "Nee, hierdie een het die Here nie uitgekies nie."


Toe vra hy: "Is dit dan al jou seuns, Isaï?"

Isaï antwoord: "Net die jongste is nie hier nie. Hy is in die veld by die skape."

"Laat haal hom dadelik," het Samuel gesê.

En daarom moes Dawid huis toe kom. Omdat Samuel vir hom gesit en wag het. Sy vader het hom na Samuel gebring.

Toe sê die Here: "Staan op, Samuel, want dit is hy! Dawid moet die koning word oor My volk. Hy het My met sy hele hart lief."



Wat haal Samuel toe onder sy mantel uit?

Dit was 'n horing. 'n Horing van 'n dier. Dit was hol binnekant en volgemaak met heerlike olie, *salfolie,* wat so lekker geruik het. Die geurige olie het Samuel op Dawid se kop uitgegooi. En hy sê: "So sê die Here: "Ek salf jou *tot* koning oor my volk Israel". Dit sal eers oor 'n rukkie wees. Maar dan sal Dawid koning word, omdat sy hart vol liefde vir God is."

Wat 'n wonderlike boodskap was dit. Dawid was maar 'n eenvoudige herderseun. Sou hy werklik koning word? Is dit moontlik?

Dawid het dit geglo, omdat God so gesê het. En wat God beloof, dit doen hy altyd.






Dawid was baie bly. Sy vader ook. Maar hulle het nie rond vertel wat daardie dag in hulle huis gebeur het nie. Hulle het daaroor doodstil gebly.

Want ... as koning Saul dit moet hoor! . . . Wie weet hoe verskriklik kwaad hy dan sal wees!...

## ***33. DAWID GAAN NA DIE KONING***

Saul het in sy paleis gesit. Hy het *op* 'n mooi, goue stoel gesit. Dit was sy troon.

Hy het pragtige klere gedra en 'n mooi, goue kroon op sy kop. Hy het ook 'n klomp knegte gehad wat vir hom doen alles wat hy se. Koning Saul was so ryk en so belangrik. Hy kon alles kry wat hy maar wou hê.

Maar al hierdie dinge het hom nie gelukkig gemaak nie. Hy was kwaad, maar ook hartseer.

Samuel, die ou kneg van die Here, het vir hom gesê dat hy nie altyd koning sal *bly* nie omdat hy nie 'n *goeie* koning was nie. Omdat hy die Here nie liefgehad het en gehoorsaam vir Hom was nie.

"Iemand anders sal koning word," het Samuel gesê. "Iemand anders wat die Here Self uitgekies het en wat Hom liefhet met sy hele hart. Hy sal op jou troon kom sit. Hy sal in jou paleis kom woon. Hy sal in jou plek koning word, omdat jy nie vir die Here gehoorsaam wil wees nie."

Maar *wie* die ander man was, dit het Samuel nie vir hom gesê nie.

Dit het Saul nie geweet nie. Maar hy het geweet dat alles net so sou gebeur. Want wat die Here sê, dit gebeur altyd!

Aan al hierdie dinge het Saul maar gedurig bly dink: Dit was vir hom vreeslik swaar om te weet dat hy nie meer lank koning sou bly nie. Daarom was hy so kwaad en hartseer.

"Die ander een sal nie koning word nie," het hy gedink. "Ek wil koning bly, my hele lewe lank.

En later sal my seun Jonathan koning word. Nie die ander een nie! ... Nee, hy *nooit* nie!"

Ook het hy gewens: "As ek tog maar net geweet

het wie die ander man is!" Hy het die ander man

gehaat Hy wou die ander man graag dood maak.

Hoe meer hy aan die ander man gedink het, hoe

kwater het hy geword Hy het partykeer so boos

geword dat sy knegte eintlik bang geword het vir

hom. Hy het sulke woeste buie gekry Dan skreeu

hy en hy slaan met *sy* vuiste en stamp op die

grond van pure boosheid en hartseer. Hy wou

sommer alles en almal verskeur.

Sy knegte was jammer vir hom Hulle het gesê:

"Ons koning is siek omdat God hom verlaat het.

Nou woon net boosheid in sy hart."

Hieroor was hulle baie hartseer. Hulle het

gewonder wat hulle vir hul koning kon doen. "Kan

ons hom nie help dat hy kan beter word nie?" het hulle gevra.

Toe dink hulle aan iets.

Hulle gaan na die koning en sê vir hom: "Weet u wat u moet doen, koning? U moet 'n man laat kom wat baie mooi musiek kan maak. Dit

sal baie goed wees vir u om na mooi musiek te luister. Dan sal u sommer beter word."

105

"Soek dan maar so 'n man," het die koning geantwoord.

Een van sy knegte sê toe: "Ek weet van so 'n man. Dit is 'n herder uit Betlehem, 'n seun van Isaï. Hy kan baie mooi op sy harp spel. Baie, baie mooi."

"Goed," antwoord die koning. "Laat hom dan haal."

Een van die knegte het na. Betlehem gegaan om Dawid te gaan haal. Op die manier het Dawid in die koning se paleis gekom.

Die koning was juis weer so erg toe Dawid daar kom. Hy was in een van sy woeste buie. Hy het sy voete gestamp. Van boosheid het hy hard geskreeu.

Dawid het stilletjies met sy harp na binne gegaan. In 'n hoekie het hy gaan sit en een van sy mooiste liedjies gespeel, wat hy dikwels ook in die veld by sy skape gespeel het.

Dit was so mooi! Dit het geklink na die gelui van silwer klokkies. Wie daarna geluister het, kon nie meer boos en verdrietig wees nie.

Die koning het die sagte musiek gehoor. Hy het stil geword. Hy het nie meer geskop en geskreeu nie.

Die mooi musiek het hom al sy slegte gedagtes laat vergeet. Hy het ook die ander man vergeet aan wie hy maar gedurig bly dink het. Die ander een wat later koning sou word.

Stadigaan het die koning begin beter word. Die mooi musiek het hom beter laat voel.

Die koning het na Dawid gekyk en gedink: "Die Dawid is darem 'n goeie seun. Ek is bly Jat hy hier is. Hy moet altyd by my bly."

Hy het baie van Dawid begin hou. Maar hy het nie geweet dat Dawid die *ander een* was wat later koning sou word nie!

As hy dit geweet het . . .

### *34. DAWID EN REUS GÓLIAT*

Daar was oorlog in die land.

Slegte vyande het na die land van die Israeliete gekom om hulle vee en koring te steel. Hulle wou baie graag die Israeliete wen sodat hulle daar baas kon wees. Die slegte mense was die Filistyne.

Maar koning Saul het haastig sy soldate bymekaar geroep en toe teen die vyand opgetrek om hulle weg te jaag.

Hy het tot naby die vyand getrek. Die twee laers was reg teenoor mekaar: Saul met sy soldate aan die een kant en die Filistyne aan die ander kant.

Het Saul reggekry om die vyand sommer gou weg te jaag?

Nee, hulle kon dit nie doen nie. Daar was so vreeslik baie Filistyne. En hulle was so verskriklik sterk! Veral één man onder hulle was die sterkste van almal. Hy was 'n reus en sy naam was Góliat. Hy het 'n gevaarlike stok met 'n skerp ysterpunt by hom gehad. Dit was 'n spies. En aan sy gordel was 'n gevaarlike swaard vasgebind. Hy het ysterklere aangehad en

'n ysterhoed op sy kop. Dit het eintlik geblink in die son.

Die reus het tot naby hulle gekom. Dan skreeu hy vir hulle: "Enigeen v/at dit wil waag, kan teen my kom veg. Hoe lyk dit? Of is julle almal te bang? Ek is tog sterker as julle almal. Toe, toe stuur iemand om teen my te veg!" . . .

Dan lag hy kliphard. En dan vloek hy so lelik, hierdie goddelose man. Hy het Saul en sy soldate geterg. Ja, hy het met hulle gespot. Maar hy het ook met God gespot!

Elke dag het hy maar weer gekom. Niemand het dit gewaag om hom te gaan wegjaag nie.

106





Nie eens Saul nie. En prins Jónatan, die seun van Saul, ook nie. Daar was ook drie broers van Dawid. Drie groot sterk soldate. Maar hulle wou dit ook nie waag nie.

Niemand het dit geprobeer nie. Hulle was almal bang vir die reus. As hulle hom sien aankom, het almal gebewe van bangheid.

En Dawid? . . .

Dawid was nie daar by nie. Hy was weer tuis by sy vader. Hy hoef nie meer musiek te maak vir die koning nie. Die koning het nie meer tyd gehad om daarna te luister nie.

Dawid het weer sy skape in die veld van Betlehem opgepas. Maar een aand het sy vader hom laat roep. Hy het gesê: "Dawid, jy moet bietjie na jou broers wat soldate in koning Saul se leer is, gaan. Jy moet gaan kyk of dit met hulle goed gaan. En dan moet jy ook iets te ete vir hulle saamneem — brood en koring."

Dawid wou dit baie graag doen. Want hy wou baie graag iets van die oorlog sien!

Vroeg-vroeg die volgende oggend was hy al op pad. Hy moes vér loop. Maar eindelik kom hy by die soldate van koning Saul uit. Net toe hy daar kom, kom die groot reus Góliat ook weer aangestap.

Daar staan hy toe weer en skreeu. Ja, hy het weer gestaan en spot en vloek.

Dawid het dit nou ook gehoor. Hy het eintlik geskrik toe hy die vreeslike dinge hoor. Die goddelose man het met die

koning gespot. En wat nog baie erger

was, hy het ook met God vir wie Dawid

so lief was, gespot. Nee, dit mag nie

gebeur nie.

Dawid het kwaad geword. Was daar dan

niemand wat die slegte man kon straf

nie?

Nee, niemand wou dit waag nie.

"Dan sal *ek* dit doen," sê Dawid toe.

"Regtig?" vra die soldate vir hom. "Sal jy dit regtig waag? As jy hom wen, sal jy alte gelukkig wees. Dan sal jy groot presente kry en dan mag jy ook met die koning se dogter trou. Die koning het dit belowe!"

Toe neem hulle Dawid na die koning.

Die koning vra: "Sal jy teen die reus veg? Dit kan jy tog nie doen nie. Jy is maar 'n jong herderseun en hy is 'n sterk soldaat. Hy is baie groter en baie sterker as jy! Nee kyk, jy kan nie teen hom veg nie."

Dawid antwoord: "Maar ek *kan,* koning, want die Here sal my help. Toe ek nog skape 107



opgepas het, het ek eendag teen 'n leeu geveg. Toe het die Here my ook gehelp sodat ek die leeu doodgeslaan het. En hierdie slegte man wat so met God spot, sal ek net so doodslaan. Die Here wat my teen die leeu gehelp het, sal my ook teen die reus help."

Toe was die koning tevrede.

Hy het ysterklere laat haal en dit vir Dawid aangetrek. Sy koperhoed het hy op sy kop gesit.

En sy eie groot swaard het hy vir Dawid gegee. So wou hy van Dawid 'n soldaat maak.

Maar die ysterklere en hoed was gans te swaar vir Dawid. Hy het nog nooit tevore daarmee geloop nie. Sommer een-twee-drie het hy dit weer uitgetrek. Die swaard het hy ook teruggegee, want hy kon nie daarmee veg nie. Al hierdie dinge het hy nie nodig gehad nie.

Die Here sou vir hom sorg.

Hy het niks anders saamgeneem nie, behalwe net sy stok en sy slingervel. 'n Slingervel is 'n soort riem op so 'n manier gemaak dat jy 'n klippie vèr daarmee kon gooi.

Dawid het na 'n riviertjie daar naby gegaan en vyf ronde, gladde klippies vir hom opgetel.

Dié het hy in sy sak gesteek. En toe stap hy na die reus toe.

Reus Góliat het hom sien aankom. Hy het gelag en gevloek.

"Aitsa," het hy uitgeroep, "wie kom daar aan? Dis vir jou te sê! Hy het nie eens 'n swaard by hom nie. Haai, dink jy miskien ek is 'n hond wat jy met 'n stok kan wegjaag? Kom hier dat ek jou iets wys! Ek sal jou doodslaan en die wilde diere sal jou opvreet!"

Hy het geskreeu van kwaadheid. Almal wat die vreeslike stem gehoor het, het bang geword.

Maar Dawid het nie bang geword nie, want hy het geweet dat God baie naby hom was.

Dawid het net gesê: "Jy kom na my met 'n swaard en 'n spies, maar ek kom na jou omdat jy God bespot het en daarom sal ek jou straf."

Toe sit hy 'n klippie in die slinger. Voor die reus met sy spies kon gooi, het Dawid al sy slinger rondgeswaai. Die klippie het daar uitgevlieg. Dit fluit deur die lug. En dit vang die reus net mooi op sy voorkop en gaan diep in.

Die groot, sterk reus . . . hy waggel en swaai rond! ... En boems ! Daar val hy op die grond.

Daar lê hy toe!

Dawid hardloop gou na hom toe, gryp sy swaard en met sy eie swaard kap hy Góliat se kop af. Toe was reus Góliat dood. Toe kon hy nooit meer spot nie.

Sy vriende, die Filistyne, het baie geskrik. Maar Saul se soldate was bly. Hulle het geskreeu en gejuig. Toe was hulle nie meer bang nie. Nou

sou hulle veg, noudat hulle gesien het hoe God vir

Dawid gehelp het. Hulle het aangehardloop gekom

en die vyand weggejaag.

Toe was die oorlog verby.

Die koning het Dawid weer laat roep. "Nou moet jy

altyd by my bly," het hy gesê. "Jy mag nie weer 'n

herder word nie. Jy is so fluks en so dapper. Jy

mag die baas wees oor 'n hele klomp van my

soldate. En as daar weer vyande kom, moet jy

hulle met jou soldate wegjaag."

Prins Jónatan, die seun van Saul, was ook daarby.

Jónatan het baie van Dawid gehou. Hy het allerhande mooi dinge vir hom gegee: sy eie mooi mantel en sy swaard, sy boog en sy mooi gordel. "Ons moet altyd vriende bly," het hy .

vir Dawid gesê. En Dawid wou baie graag. Want hy het ook baie van Jónatan gehou.

Dit was 'n mooi en goeie dag. Nou was Dawid die vriend van die koning. En die vriend van 108



die prins.

Maar hy was ook die vriend van God. En dit was nog die heerlikste van alles.

## *35. DAWID MOET VLUG*

Dawid was nou nie meer 'n skaapwagter nie. Hy het 'n generaal geword. Hy was nou die baas van 'n groot klomp soldate. As daar weer vyande in die land kom, moes hy hulle wegjaag. Dit kon hy goed doen. Want die Here het hom altyd gehelp.

Dawid het in 'n mooi huis, naby die koning se paleis, gewoon. Baie keer het hy by die koning gaan eet.

Dié dogter van die koning was sy vrou. En die seun van die koning was sy allerbeste vriend.

Dawid het 'n baie belangrike man geword. As hy by mense verbygaan, *het hulle diep vir hom gebuig. Dan* sê hulle vir mekaar: "Dawid is so sterk en so dapper! . . . Hy is die dapperste en sterkste van almal!"

Maar Dawid het nie hoogmoedig geword nie, hoor! Hy het aangehou om die Here lief te hê.

Hy het geweet: Hy (Dawid) is nie sterk nie. Hy kan *nie veel* doen nie. Maar as die *Hete* hom help, dan kan hy alles doen.

Een keer was daar weer oorlog in die land. En Dawid het met sy soldate weer al die vyande weggejaag.

Die hele land het daaroor feesgehou. Toe Dawid met sy soldate terugkom, het die mense vir hom gestaan en wag. Baie vrouens en meisies het in 'n groot optog voor hom uitgeloop.

Almal was bly omdat die oorlog verby was. Hulle het musiek gemaak. En hulle het 'n lied gesing.

Wat het hulle gesing? . . .

"Saul het *duisend* vyande weggejaag, maar Dawid *tienduisend!" . . .*

Dit het hulle gesing.

Koning Saul het hierdie lied ook gehoor! . . .

Hy het so jaloers geword.

En hy het baie, baie kwaad geword en vererg gedink:

*"Dawid tien* duisend en *ek* maar *duisend?* Is Dawid dan belangriker as ek? Dit lyk amper asof *hy* die koning is!" . . .

Sy oë het sommer gevonkel van boosheid.

Daardie lied kon hy nie maklik vergeet nie. Hy het die

hele dag daaroor geloop en dink. En gedurende die

nag kon hy nie slaap van al die dink aan daardie lied


nie.

Die volgende dag was die koning weer baie

omgekrap. Want *toe* het hy meteens geweet wie die

"ander een" was wat in sy plek sou koning word! . . .

Dit was Dawid! . . . Hy het dit nou verseker geweet! Hy het dit aan die mense gesien: Hulle het soveel van Dawid gehou. Ook aan Dawid self het hy dit gesien: Hy het God baie liefgehad en kon met die Here se hulp alles doen. O ja, Dawid sou 'n baie goeie koning wees! . . .



Koning Saul probeer om Dawid dood te maak.

110

"Die mense wil my nie meer hê nie," het Saul gedink. "Vir hóm, vir Dawid, ja, die wil hulle koning maak."

Toe het hy verskriklik kwaad geword. Toe het hy weer een van sy wilde buie gekry. Hy het geraas en geskreeu. Hy het sy voete geloop en stamp daar in die paleis. Al sy knegte het vir hom bang geword.

Maar Dawid was nie bang nie. Hy het die koning jammer gekry. Met sy harp het hy stilletjies binne gegaan om vir die koning te gaan speel. Hy het in 'n hoekie gaan sit en op sy mooiste gespeel. Want hy wou die arme koning so graag help.

Maar hierdie keer kon hy die koning nie help nie. Nee, die keer het Saul nie beter geword toe Dawid so mooi speel nie. Want die keer het hy geweet wie "die ander een" was!

Skelm-skelm loer hy na Dawid, en dink: "Ek sal Dawid doodmaak! Dan kan hy tog nie koning word nie ..."

Toe gooi hy sy spies so hard as hy kon na Dawid. Maar gelukkig was dit nie raak nie! Die Here het daarvoor gesorg. Net langs Dawid se kop het die spies in die muur bly steek.

Dawid het baie geskrik. So iets het hy nie verwag nie. Gou-gou het hy uit die paleis gehardloop. Hy was bly dat die Here vir hom gesorg het. Maar hy was ook hartseer omdat die koning weer so erg was en hy die koning glad nie kon help nie.

Sommerso meteens het alles lelik geword. Dawid durf nie meer naby die koning kom nie. Hy moes dadelik weg, ver weg. Jónatan het ook so gesê. Want die koning sou maar weer kort-kort probeer om hom dood te maak. Daarom moes Dawid vlug en nooit weer terug kom nie.

Want die koning sou nooit weer vir hom goed word nie. Hy moes maar êrens gaan wegkruip

— in die bosse of in die berge — waar die koning hom nie kon kry nie.

Nog één keer het die twee, Dawid en Jónatan, bymekaar gekom. Êrens buite die stad, in die veld. Hierdie twee getroue vriende moes van mekaar afskeid neem. Wie weet, miskien sou hulle mekaar nooit weer sien nie . . .

Hulle was baie hartseer. Want hulle het mekaar baie liefgehad. Hulle het mekaar omhels. En altwee het gehuil.

Jónatan het gesê: "Wees maar tevrede, Dawid! *Jy* sal tog later koning word. Jy' en nie ek nie. Die Here wil dit so hê en daarom weet ek dit is reg. Sal jy eendag, wanneer jy koning is, goed wees vir my en my kinders? . . . Sal jy dit vir my belowe, Dawid?"

Dit het Dawid baie graag belowe. Dit was net vir hom baie swaar om afskeid te neem van sy liewe vriend, sy allerbeste vriend, Jónatan.

Maar hy *moes.*

Jónatan het na die paleis terug gegaan. Dawid het in 'n ander rigting weggevlug.

Waarheen?

Hy het self nie geweet nie.

Van toe af was hy net soos 'n voel wat nêrens meer veilig was nie. Want die koning sou verseker kort-kort probeer om Dawid te vang en dood te maak.

Maar hy het geweet dat die Here vir hom sou sorg.

Dit het hom gerus gestel.

## *36. ONS MOET ONS VYANDE LIEFHE*

Dit arme, arme Dawid! Nou het hy nêrens meer 'n plekkie gehad om te rus nie!

Hy mag nie meer in sy huis kom nie. Want. dan sou die koning hom dadelik vang.

111

By sy vader en moeder kon hy ook nie meer gaan woon nie. Want ook daar sou die koning hom maklik in die hande kry.

Hy moes maar in die bosse gaan wegkruip. Of in die woestyn. Of tussen die berge. Nou op een plek; dan weer op 'n ander plek. En nêrens was hy veilig nie. Want gedurig het die koning hom agtervolg.

Soos 'n jagter agter 'n voel of 'n bok jaag, so het koning Saul met sy soldate agter Dawid gejaag.

Hy wou Dawid vang. Hy het die hele land deurgesoek na hom. En partykeer was hy so naby Dawid dat hy hom amper in die hande gekry het.

Maar hy het hom darem nie gekry nie. Daarvoor het die Here gesorg.

Een keer het Dawid in 'n spelonk gesit.

Weet julle wat 'n spelonk is? Dis 'n baie groot, donker gat in 'n berg. Dawid het daar weggekruip sodat die koning hom nie kon kry nie. Want koning Saul was daar naby. En in die donker spelonk het Dawid gesit en wag dat die koning weer moes weggaan . . .

Maar hy was nie alleen nie. By hom was van sy vriende. Hulle was ook manne vir wie die koning kwaad was sodat hulle moes vlug. Koning Saul was 'n slegte man. Daar was so baie mense wat vir hom bang was.

Doodstil het die manne daar in die donker gesit en wag.

Hulle durf nie praat nie. Hulle het skaars geroer . . .

Koning Saul en sy soldate het baie naby gekom. Hulle was sommer daar by die ingang van die spelonk. Maar hulle het nie geweet dat Dawid daar sit nie!

Die koning was so moeg en so warm van al die gesoek. Toe sien hy die donker spelonk en hy dink: "Daar binne is dit lekker koel. Ek gaan 'n bietjie daar rus . . ."

"Wag bietjie," sê hy vir sy soldate. Toe staan hulle almal stil. Hulle mag 'n rukkie daar in die skaduwee van die bome gaan rus. Maar Saul het binne-in die spelonk gegaan om daar te rus.

Dawid en sy manne het hom gesien. Hulle het groot geskrik! Hulle harte het eintlik geklop van die skrik . . . Hulle het hulle asem opgehou.

Maar gelukkig het die koning hulle nie gesien nie. Hy kon hulle nie sien nie, want hulle het heel agter in gesit en dit was daar baie donker. Maar voor in die spelonk was dit lig. Daar het koning Saul op die grond gaan lê om te rus. Na 'n rukkie het hy ingesluimer.

Dawid se vriende het gesien dat die koning slaap. Toe was hulle nie meer bang nie. Hulle het gelag. Toe sê hulle: "Nou het ons ons vyand in die hande! Gaan nou, Dawid! Gaan straf hom omdat hy jou so swaar laat kry. Gaan maak hom dood! Dan kan hy ons nie meer agtervolg nie. Dan word jy ons koning . . ."

Maar op so 'n manier wil Dawid nie koning word nie. Daarom antwoord hy: "Nee kyk, dit doen ek nie. Ek wil nie 'n moordenaar wees nie. Die Here sal hom straf, nie ek nie."

Maar na 'n rukkie staan hy stilletjies op. Op sy tone gaan hy na die koning toe. Hy neem sy groot, skerp swaard in sy hand ... En toe . . .

Dink julle hy het koning Saul se kop afgekap? . . .

O nee, dit het Dawid nie gedoen nie! Hy het maar net stilletjies 'n stuk van Saul se mantel afgesny. Met kloppende hart het hy saggies weer na die ander teruggesluip, met die stuk mantel in sy hand.

'n Rukkie later het Saul wakker geword. Hy het opgestaan en weer na buite gegaan. Toe sê hy vir sy soldate: "Voorwaarts mars!" En daar gaan hulle almal.

112

Maar toe staan Dawid ook op en gaan gou uit die spelonk. Saul was nog nie ver weg nie.

En Dawid roep: "My heer die koning!"

Saul kyk om. Hy was so verbaas. Waar op aarde kom Dawid meteens vandaan? . . .

Dawid sê: "My heer die koning, waarom is u tog so kwaad vir my? Ek het u tog geen kwaad gedoen nie. Kyk maar, ek kon u doodmaak as ek wou, maar ek het dit nie gedoen nie. Ek het net maar 'n stukkie van u mantel afgesny ..."

Toe hou hy die stuk mantel op sodat die koning kan sien.

Toe skaam Saul hom baie.

Hy het eintlik trane in sy oë gekry. Van skaamte en verdriet het hy gehuil. En hy sê: "O, my seun Dawid, jy is 'n beter mens as ek. Ek het *kwaad* aan jou gedoen. Maar jy het *goed* aan my gedoen . . . Vir jou het ek gehaat, maar jy het my *liefgehad."*

Toe het hy dadelik met sy soldate weggegaan. Hy wou Dawid nie meer doodmaak nie. En weet julle waarom? . . . Omdat Dawid sy vyand liefgehad het.

## *37. DIE SPIES EN DIE KRUIK*

Onthou julle nog van die donker spelonk waar koning Saul gaan lê en slaap het? . . .

Wie het daar agter in die spelonk gesit?

Dit was Dawid.

Daar kon hy Saul doodgemaak het. Maar hy het nie. Hy het net 'n stukkie van Saul se mantel afgesny.

Dawid het sy vyand liefgehad.

Daaroor het Saul hom geskaam. En daarna wou hy Dawid nie meer kwaad aandoen nie.

Vir 'n rukkie nie. Maar later tog weer. Alte gou het die koning vergeet hoe goed Dawid vir hom was. En toe het hy maar weer begin om Dawid te agtervolg. Elke keer het hy maar weer probeer om Dawid te vang.

Eenkeer het hy weer die hele dag na Dawid gesoek. Maar hy kon hom nie kry nie. Dit het reeds aand geword. Waar kon die koning die nag slaap?

Die soldate het 'n tent opgeslaan vir die koning. Daar binne het hy gaan lê. Sy spies het hy regop in die grond gesteek naby sy kop. So kan hy dit dadelik gryp in die nag as hy dit dalk nodig kry. En 'n kruik met water het hy langs hom neergesit. As hy miskien gedurende die nag dors kry, kon hy dit maklik bykom.

Toe het hy gaan slaap. Hy was baie moeg van die loop en soek na Dawid. Maar eers het hy

'n paar soldate geroep en vir hulle gesê: "Julle mag nie slaap nie, hoor! Julle moet wagstaan en goed kyk dat hier nie vyande naby kom nie. As daar iets gebeur, moet julle my dadelik wakkermaak."

Daarna het hy gaan lê.

Gou-gou was hy vas aan die slaap.

Ook die soldate het geslaap. Hulle was so moeg.

En die soldate wat moes wagstaan? . . .

Ook hulle was baie, baie moeg! . . . Hulle kon nie regkry om so lank stil te staan nie. Toe het hulle ook 'n bietjie gaan lê en . . . aan die slaap geraak!

Op die ou end was almal vas aan die slaap; koning Saul en al sy soldate.





Dit was nag. Net die sterre het geskyn. Dit was donker

en stil . . .

En kyk, in die stil, donker nag het 'n paar mense

versigtig aangesluip gekom. Dit was twee manne,

elkeen met 'n swaard. Nader en nader het hulle gekom.

Dit was Dawid en sy vriend Abisaï. Dawid het die koning

gesien toe dit nog lig was . . . Hy het gesien dat Saul die

nag daar gaan slaap. Saul en Dawid was weer naby

mekaar.

En nou het hy en sy vriend saggies nader gekom. Op

hulle tone, voetjie vir voetjie het hulle nadergekom. Hulle

het versigtig tussen die slapende soldate deurgesluip.

O, as net één van die soldate sou wakker word! ... As

net een van hulle vir Dawid daar sien! . . .

Maar dit het nie gebeur nie. Hulle het baie vasgeslaap. Dawid en Abisaï het baie saggies by hulle verbygekruip.

Toe kom hulle by die koning se tent. Stilletjies het hulle binnegegaan.

Daar lê die koning. Dawid en Abisaï staan langs hom. Hulle kon met hom maak net wat hulle wou. Hy slaap mos . . .

Abisaï fluister: "Sal ek hom nou doodsteek, hierdie slegte man? Hy het dit tog verdien. Want hy wil jou mos doodmaak, Dawid!"

Maar Dawid antwoord saggies: "Pasop as jy dit doen, hoor. Dit mag nie gebeur nie! Die Here het hom koning gemaak. Die Here sal hom

Self ook straf."

Hy neem toe net Saul se spies weg. En ook sy kruik wat daar langs hom staan. En met die spies en die kruik sluip hy weer stilletjies in die donker weg, met Abisaï al agter hom aan.

Dawid het sy vyand nog altyd liefgehad.

Toe word dit weer oggend. Die son het begin opkom. Die voëls het orals in die bome begin sing.

Dawid het op 'n heuwel geklim. Die heuwel was naby Saul se soldate. Toe roep hy hard na hulle. Só hard dat hulle wakker word.

Hy sê vir hulle: "Waarom pas julle jul koning nie beter op nie? Hy kon vanoggend dood gewees het! Kyk maar, hier het ek sy spies en sy kruik. Ek kon hom kwaad gedoen het, maar ek het nie!" . . .

Toe word Saul ook wakker. Hy roep: "Is dit jou stem, my seun Dawid?"

"Ja, koning," antwoord Dawid. "Waarom agtervolg u my weer? Ek het u tog geen kwaad gedoen nie . . . Ek was vannag by u, maar ek het my hand nie teen u opgelig nie. Glo u nou dat ek nie u vyand is nie?"

Toe skaam die koning hom weer. Verskriklik baie!

En hy sê: "Ek is baie spyt, Dawid. Ek is 'n slegte man. Kom hier! Kom saam met my na my paleis. Ek sal jou nooit weer kwaad aan doen nie."

Maar Dawid het dit nie gedoen nie. Hy kon dit nie waag nie. Hy het geweet die koning sal Sy belofte maar weer vergeet.



Een van die soldate het die spies en die waterkruik

by Dawid gaan haal en dit vir die koning gebring.

Daarna gaan Saul en Dawid elkeen maar weer sy eie

pad.

Saul het na sy paleis teruggegaan.

Dawid het ver weggegaan na 'n ander land, waar die

koning hom nie sou kry nie.

Daarna het hulle mekaar nooit weer gesien nie.

## *38. DAWID WORD KONING*

Dawid het in 'n vreemde land gaan woon waar die koning hom nie in die hande kon kry nie.

Terwyl hy daar was, het hy eendag baie slegte nuus gekry.

Daar was weer oorlog in die Israeliete se land. Die Filistyne, daardie slegte vyande, het teen hulle kom veg. Toe moes Saul en Jónatan en

al die soldate gaan veg om hulle weg te jaag.

En toe eendag het 'n boodskap by Dawid gekom dat in daardie oorlog Saul doodgemaak is en ook Jónatan . . .

Daarna hoef Dawid nie meer in die vreemde land te bly nie. Want daar was nou niemand vir wie hy bang hoef te wees nie. Sy vyand was dood. Sy lewe was weer veilig. God het die slegte koning Saul gestraf oor al die verkeerde dinge wat hy gedoen het.

Dawid was toe seker baie bly?

Hy het toe seker 'n vrolike lied gesing?

O nee, hy was baie hartseer! Oor Jónatan, maar ook oor Saul. Hy het selfs gehuil. Hy kon nie eet of drink nie, só hartseer was hy.

Daardie aand het hy sy harp geneem. Toe het hy 'n lied gesing. Maar dit was 'n baie treurige lied, ja, dit was 'n *treurlied* oor Saul en Jónatan.

"O Jónatan, Jónatan, ek het jou so lief!

*Jou liefde was so* wonderlik groot ..."

So het Dawid se lied in die aand-stilte geklink.

Maar na die droewige dag het ook 'n blye dag gekom.

Toe het daar iets moois gebeur.

God het dit lank gelede al belowe. Toe Dawid nog by sy vader gewoon het en die skape in die velde van Betlehem opgepas het. Toe was hy nog 'n herderseun.

Samuel het daarheen gekom. Onthou julle nog? Hy het 'n horing vol olie by hom gehad. Met die olie het hy Dawid gesalf. En hy het gesê

dat Dawid koning sou word. Dit was 'n boodskap wat God gestuur het.

Dit was so lank gelede! . . . Dawid moes baie lank wag voor daardie dag gekom het. Dit het partykeer amper gelyk asof God dit heeltemal vergeet het.

Maar God het dit nie vergeet nie . . .

God vergeet nooit iets nie. Wat God beloof, dit doen hy altyd.

Toe Saul dood is, het Dawid koning geword. In Jerusalem het hy in 'n pragtige paleis gaan woon. Hy was nou die baas oor die hele land. Al die mense moes toe vir hom gehoorsaam wees. Hy kon nou alles kry wat hy graag wou hê.

116

Daarom was hy bly en dankbaar.

Hy het geweet: "Ek is wel koning, maar die Here is my Koning. Die mense moet vir *my* gehoorsaam wees, maar ek moet vir Hom gehoorsaam wees."

Dawid was 'n goeie koning. Hy was 'n man soos God graag wou hê hy moet wees. Die Here het hom ook liefgehad.

En Dawid het die Here nooit vergeet nie.

Hy het ook nooit vergeet dat hy vroeër maar net 'n arme herderseun was nie.

Dikwels het hy daaraan gedink: "Hoe goed het die Here altyd vir my gesorg. So baie kere het Hy my uit moeilikhede gehelp. Uit die hemel sien Hy my altyd raak en sorg vir my. Ja, niks ontbreek my nie."

Dan neem hy sy harp. En soos vroeër in die veld, so het hy ook in die paleis gesing:

"Die Here is my herder, Niks sal my ontbreek nie . . ."

Sy knegte het dan stilgestaan en eerbiedig geluister.

En in die hemel het God ook geluister.

## *39. DIE OPSTANDIGE SEUN, ABSALOM*

Daar was eendag 'n prins. Sy naam was Absalom. Hy was 'n seun van koning Dawid.

Absalom was 'n baie mooi prins. Hy het sulke pragtige, lang krulhare gehad. Hy het ook baie mooi klere aangetrek. Hy het 'n mooi wa besit wat deur pragtige sterk perde getrek is. En as hy dan deur die strate ry op hierdie mooi wa, met al sy knegte by hom, het Absalom baie hoogmoedig gevoel. As hy sy kop so trots oplig, het sy mooi, golwende hare soos 'n kroon om sy kop gehang. Al die mense het stilgestaan om na hom te kyk en diep te buig.

Dan sê hulle vir mekaar: "Kyk, daar gaan ons prins, ons mooi prins Absalom!"

Absalom was baie vriendelik met die mense . . . baie vriendelik. Hy het so mooi en lief met hulle gepraat. Hy het ook graag na hulle geluister. Dit het partykeer gebeur dat hy een van die mense sommer daar op straat 'n soen gee!

Daarom het die mense so baie van prins Absalom gehou. Hulle het gesê: "Wat 'n liewe, goeie prins is dit . . . Wat 'n liewe, goeie koning sal hy later nie wees nie! ... O ja, ons wil hê Absalom moet later ons koning word!" As Absalom dit hoor dan lag hy so stilletjies . . . Want dis net wat hy graag wou hê. Hy wou baie graag dat die mense sulke dinge van hom sê. Hy wou graag hê dat hulle baie van hom moet hou. Daarom het hy uit sy pad gegaan om vriendelik en goed vir die mense te wees: Hy wou hê *almal* moes naderhand sê: "Absalom moet ons koning word ..."

Ja, Absalom wou alte graag koning word. Dan mag *hy* mos baas in die mooi paleis wees . . .

Dan mag hy op die goue troon gaan sit . . . Dan mag hy die goue kroon op sy mooi hare dra.

Dan is *hy* die baas van die hele land en die grootste en rykste van al die mense!

Maar sy vader Dawid was nog koning. Hy moes eers doodgaan voor Absalom koning kon word.

En daarvoor het Absalom net gedurig sit en wag . . . dat sy vader moes doodgaan . . .

En by homself het hy gedink: "Ai, dit duur darem té lank voordat ek koning kan word . . . Ek wens dit was al tyd. Ek wens dat my vader tog wil siek word . . . Ek wens dat my vader liewer dood was ..."

So 'n slegte man was Absalom, dat hy gewens het sy vader moes doodgaan!

Hy het so lief en goed *gelyk.* Maar hy was nie regtig in sy hart lief en goed nie. Hy het maar 117

so gemaak, net om koning te word. Hy was 'n hoogmoedige, slegte man.

Absalom was 'n *mooi* prins. Maar hy het 'n lelike, valse hart gehad. Maar dit het die mense nie geweet nie.

Absalom het lank gewag dat hy tog kon koning word. Maar sy vader Dawid het nie siek geword nie. Miskien duur dit nog baie jare voor hy doodgaan.

Toe dink Absalom: "Waarom sal ek so lank wag? Ek kan my vader mos wegjaag. Ek kan hom ook doodmaak as ek wil. Dan kan ek dadelik koning word."

Oor hierdie dinge gaan hy toe met sy vriende praat. Hulle was net so sleg soos hv, daarom het hulle gesê: "Doen dit gerus. Ons sal jou help." En wat dink julle het die slegte, valse prins toe gedoen?

Ewe vriendelik het hy na sy vader gegaan. Baie eerbiedig vra hy: "Vader, mag ek maar na Hebron gaan? Ek wil vir die Here daar gaan offer."

Dawid antwoord: "Gaan maar gerus, my seun."

Toe gaan Absalom na Hebron. Dit was 'n stad nie baie ver van Jerusalem af nie. Daar het hy al sy vriende en ook almal wat gewillig was om hom te help, bymekaar geroep. Daar het so baie mense gekom dat hulle sommer 'n hele klomp was, sommer 'n hele leer! En met die groot leer het Absalom na Jerusalem op getrek om sy vader te gaan wegjaag.

Sy knegte het op basuine geblaas. En oral het die mense uitgeroep: "Absalom is koning in Hebron! Absalom is koning in Hebron! . . ."

Arme Dawid! . .* . Hy het so geskrik toe hy dit hoor. Hy kon dit byna nie glo dat sy seun se sleg was nie. Dat Absalom kom soveel hartseer wil aandoen nie . . .

Maar dit was tog so. Absalom was al aan kom met sy leer. Wat moes Dawid toe doen?

Moes hy ook sy knegte en sy soldate bymekaar roep? Moes hy veg teen sy eie seun? . . .

Hier in Jerusalem? . . .

Nee, dit wou hy nie doen nie. Hy het gedink: "Ek sal weggaan. Ek sal vlug. Vlug vir my eie kind ... O Absalom, my seun, my seun, wat 'n groot verdriet doen jy my tog aan!" . . .

Maar hy het ook gedink: "Hierdie moeilikheid sien die Here ook. Die Here weet alles. As Hy wil hê dat ek nog koning moet bly, sal Hy my

weer terug bring na Jerusalem."

Toe het hy weggegaan. Hy het gehuil. En huilend het hy deur die strate gegaan. Sy vriende het saam met hom gegaan. En sy knegte. Ook 'n hele klomp mense wat baie van hom gehou het. Dit het 'n groot trek geword. Maar dit was 'n baie *verdrietige* trek. Hulle het uit die stad gegaan, die veld in. Al verder en verder . . . Deur 'n rivier en oor berge. Ver weg in 'n uithoek van die land. Daar het Dawid gaan woon.

Teen daardie tyd was Absalom al in Jerusalem. Hy het in die paleis van sy vader gaan woon. En ewe hoogmoedig op die troon gaan sit. Toe was hy mos die koning. Was hy toe tevrede? . . .

O nee, nog nie heeltemal nie. Die slegte Absalom. Hy wou nog meer hê. Hy was nou wel koning, maar hy wou ook koning *bly.* En daarom wou hy sy vader vang. Dan kon niemand hom ooit van die troon af jaag nie.

Toe maak hy sy groot leer bymekaar en trek agter Dawid aan.

Dawid kon toe niks anders doen nie. Hy moes toe maar teen sy eie seun veg.


Hy het sy soldate uitgestuur. Maar hy het nie saamgegaan nie. Hy het agter gebly en gewag.

Hy was so verdrietig en onrustig. Nie oor homself nie! ... Nee, aan homself het Dawid glad nie gedink nie. Hy het maar net aan sy seun gedink. Absalom het hom so swaar laat kry.


Maar tog het Dawid hom nog liefgehad.

Hy het gedink: "As daar tog net nie iets met Absalom gebeur nie. As hy tog net nie 118











doodgemaak word nie. Want dan moet hy met sy sondige hart by God kom. Dan sal God hom straf oor al sy sonde . . ."

Wat is heerliker as om saam met

Mammie na die blomtuin te gaan,

na die blomme te kyk en van die

mooistes vir die blompotte in die

huis te pluk?

As ons sien hoe lekker die

sonnetjie op die blomme skyn en

hoe pragtig die rein, wit lelies lyk,

wil ook ons op ons knietjies val

en vir die Here baie, baie dankie

sê dat Hy soveel mooi dinge in

die wêreld gemaak het.



Vir al sy soldate het hy gesê: "Moet tog nie my seun kwaad aandoen nie . . . Werk saggies met hom."

Só lief het hierdie vader sy kind gehad.

In 'n groot bos het die twee leërs bymekaar gekom. Die leer van Absalom en die leer van Dawid. Daar het hulle teen mekaar begin veg.

Absalom het voor sy soldate op 'n esel gery. Hy het so hard as hy kon, geveg. Maar die soldate van Dawid was sterker, want die Here het hulle gehelp. Daarom het hulle ook gewen en Absalom se soldate het almal begin vlug.

Absalom moes naderhand ook maar vlug. Hy was vreeslik bang! So hard as hy kon, het hy op sy esel weggejaag. Maar die bos was baie

dig. Die bome het naby mekaar gestaan. En die takke het laag afgehang. Absalom het onder die takke probeer deurjaag. Toe haak sy hare in die takke vas. Die esel was so verskrik dat hy onder sy baas uitgehardloop het. Daar bly Absalom toe aan die takke hang. Sy mooi, lang hare het so styf vasgesit in die takke dat hy dit glad nie kon loskry nie.

Daar het hy bly hang aan die hare waarop hy vroeër so hoogmoedig was.

Só het Dawid se soldate hom gekry. En toe het hy sy verdiende straf gekry.

Hy wou sy eie vader vang. Nou is hy self gevang.

Hy wou sy vader doodmaak. Nou word hy self doodgemaak!

Dawid het gesit en wag. Hy was bekommerd en hartseer. Bang het hy daar gesit. Toe kom daar 'n man aangehardloop. Die man was baie bly en het uitgeroep: "O, koning, ons het gewen!"

Maar Dawid was nie bly nie. Hy het heel eerste gevra: "Hoe gaan dit, met my seun, met Absalom?"

Die man het geantwoord: "Ek weet nie."

Toe kom daar nog 'n man aangehardloop. Ook hy het van ver af geroep: "O, koning, ons het gewen!"

Weer het Dawid gevra: "Hoe gaan dit met my seun, met Absalom?"

Die man antwoord: "Absalom is dood."

Toe begin Dawid baie hartseer te huil. En in sy groot verdriet het hy gesnik: "O, my seun Absalom! My seun, my seun! . . . Ag, as ek tog maar liewer in jou plek kon sterwe . . ."

Só lief het Dawid, sy kind gehad — al was hy so 'n slegte kind.

'n Rukkie later het Dawid weer teruggegaan na Jerusalem. Hy het weer in sy paleis gaan woon en weer op sy troon gaan sit. Alles was weer net soos vroeër.

Nee, darem nie alles nie. Want prins Absalom het nie meer deur die strate gery nie. Die mooi seun van Dawid het nie meer geleef nie. En elke keer as Dawid aan die stout seun van hom terugdink, was hy maar weer hartseer. Dan het hy gesug: "Ag, Absalom, my seun, my seun . . ."

## ***40. KONING SALOMO***

Wie van julle wil graag 'n koning wees? . . . .

Dan kan julle mos in 'n mooi paleis woon. Dan is julle baas oor 'n hele klomp knegte. Dan kry julle 'n mooi rytuig om deur die strate te ry. Dan dra julle 'n goue kroon op julle kop. Ja, dan kan julle alles kry wat julle graag wil hê. Dan is julle mos die rykste en die vernaamste in die hele land! Ai, sal dit tog nie lekker wees nie? ...



Ja, maar sal julle 'n *goeie* koning kan wees? . . .

'n Koning moet vir al die mense in sy hele, groot land goed kan sorg. Hy moet gedurig aan sy mense dink en elke dag vir hulle werk. Hy moet sorg dat al sy mense *gelukkig* is. Hy moet baie slim en verstandig wees — anders kan hy nie 'n goeie koning wees nie.

Julle moet maar liewer nie wens om koning te wees nie.

Dit lyk baie mooi.

Maar dit is nie so maklik nie. Eintlik is dit baie keer vreeslik moeilik.

Salomo het dit ook so moeilik gevind om koning te wees.

Hy was 'n seun van koning Dawid. Toe was Dawid al dood. En Salomo het koning geword.

Hy het ook in die mooi paleis in Jerusalem gewoon. Hy was toe die baas oor die hele land. .

Maar Salomo was nie hoogmoedig nie. Hy wou so graag 'n goeie koning wees. Hy wou baie graag vir al sy mense, vir die hele groot volk van Israel, goed sorg. En hy was nog maar so jonk ...

Salomo het gedink: "Die werk is vir my gans te moeilik. Ek is nog glad nie verstandig en slim genoeg nie. Daarom kan ek nog nie 'n goeie koning wees nie."

Daarom was hy ook bang vir die groot werke wat hy moes doen.

Maar eendag het daar iets moois gebeur. Daarna was Salomo nooit meer bang en onrustig nie.

Salomo het vir die Here 'n offer gebring. Toe het hy gaan slaap. En terwyl hy geslaap het, het die Here met hom gepraat.

Die Here het gesê: "Salomo, ek wil graag iets vir jou gee. Maar jy mag self kies wat jy graag wil hê. En wat jy ookal kies, dit sal jy kry."

Salomo het hieroor baie bly geword. Wat sou hy tog kies? . . . Dat hy baie ryk moet word? ...

Of dat hy baie sterk en magtig moet word? ... Of dat hy baie lank moet lewe? . . .

Nee, aan al hierdie dinge het Salomo nie gedink nie. Hy het net maar daaraan gedink dat hy so graag 'n *goeie* koning wil wees.

Toe vra hy: "Here, gee my 'n wyse en verstandige hart, sodat ek 'n goeie koning kan wees."

En die Here het gesê: "Dit is goed, Salomo. Ek sal jou so wys en verstandig maak, soos nog nooit tevore 'n mens was nie. En omdat jy so iets moois gekies het, sal ek jou boonop ook nog ryk en sterk en magtig maak. En as jy gehoorsaam is, sal ek jou ook oud laat word en gelukkig laat wees."

Toe het Salomo wakker geword. En na dié woorde van die Here was hy nie meer bang en onrustig nie.

Toe was dit vir hom mooi en lekker om koning te wees, want hy het geweet dat hy 'n *goeie* koning sou wees.

God sou hom help.


Die Here sou hom 'n slim en goeie koning laat wees.

Eendag het koning Salomo in sy paleis gesit. Toe het daar twee vrouens na hom gekom.

Hulle het rusie gemaak. Hulle wou hê die koning moes sê wie van hulle reg is.

Die vrouens het elkeen 'n kindjie gedra.

Die een kindjie het vrolik rondgekyk. Hy het geleef en was gesond. Die ander kindjie se ogies was toe en het stil en wit in die arms van die ander vrou gele. Daardie kindjie was dood.



"Die lewendige kindjie is myne," het die een vrou gesê.

"O, nee, dit is myne," het die ander vrou gestry.

Toe sê Salomo: "Vertel my alles." Een van die vrouens

het begin vertel: "O koning,

die ander vrou en ek woon

saam in één huis. Ons slaap

saam in dieselfde kamer.

Elkeen van ons het 'n kindjie

gehad. Maar vannag is een

van ons kindertjies dood. Dis

haar kindjie wat dood is.

Myne is hier en hy lewe."

Maar die ander vrou sê:

"Nee, o koning, die kindjie

wat lewe, is myne, die dooie

kindjie is hare."

"Ek wil die lewende kindjie hê, want ek is sy moeder," roep die ander een weer uit.

En so gaan hulle aan. Niemand het geweet wie van die twee nou eintlik die waarheid praat nie. Maar Salomo moes uitvind. Hy moes sê watter van die twee vrouens die lewendige kindjie mag kry.

Toe vra hy: "Julle wil dus altwee die lewendige kindjie hê?"

"Ja, koning," sê die een.

"Ja, koning," antwoord die ander •een.

En toe sê Salomo iets wat hulle almal vreeslik laat skrik het. Hy sê: "Nou ja, dan sal ons maar die lewendige kindjie middeldeur sny sodat elkeen van julle die helfte kan kry."

Die koning het dit nie regtig bedoel nie. Maar hy het dit baie ernstig gesê. Dit het gelyk asof hy dit regtig wou doen. Hy het een van sy knegte met 'n groot swaard nader geroep en vir hom gesê: "Sny die kind middeldeur."

Met sy een hand het die kneg die kindjie gegryp en met sy ander hand die groot swaard . . .

Maar toe begin die een vrou vreeslik te huil.

"Moenie dit doen nie," het sy uitgeroep. "Moet die kindjie tog geen kwaad aandoen nie. Gee hom dan maar liewer vir die ander vrou. As my kindjie tog maar net nie doodgemaak word nie . . ."

Dit was 'n goeie vrou. Sy het die kindjie liefgehad.

Maar die ander vrou was 'n slegte vrou. Sy het nie vir die kindjie omgegee nie. Want sy het gesê: "Ja, doen dit maar. Sny die kindjie middeldeur. Dan het ons altwee tog niks nie."

Toe het die koning geweet wie die regte moeder was. Dadelik sê hy toe vir sy kneg: "Gee die kindjie aan die goeie vrou, want sy het die kindjie lief. Dit is die regte moeder."

Die goeie vrou het die lewendige kindjie gekry en baie gelukkig huis toe gegaan. En die ander vrou het die dooie kindjie gekry, want dit was hare.

En al die mense wat hiervan gehoor het, het gesê: "O, maar, ons koning is darem 'n slim en

'n goeie koning . . ."

Salomo het lank koning gebly. Hy het goed vir sy volk gesorg. Hy het die mense in sy land gelukkig gemaak.

Hy het ook 'n pragtige tempel gebou. Dit was 'n mooi huis vir God, 'n baie groot kerk. En in daardie mooi tempel het al die mense altyd gegaan om te offer en te bid.

Ja, Salomo was 'n baie goeie koning. Maar nie die beste koning wat ooit geleef het nie! . . .

Hy was wel ook baie verstandig. Maar later het daar 'n koning gekom wat nog baie wyser en verstandiger was. Hy het nog baie beter vir sy mense gesorg as koning Salomo. En Hy het hulle ook nog baie gelukkiger gemaak.

Hierdie koning is vandag nog hier.

En weet julle wie Hy is? . . .

Die Here Jesus.

Hy is *ons* koning. Hy sorg vir ons almal. Hy wil ons almal gelukkig maak. En as ons vir Hom gehoorsaam is, dan sal ons later by Hom in die hemel wees.

In sy Koninkryk!

## *41. ELIA EN DIE SLEGTE KONING AGAB*

Daar was eendag 'n koning.

Sy naam was Agab.

Maar hy was 'n baie slegte koning. Hy het ook 'n vrou gehad. *Sy* was koningin Isébel. En sy was nog baie slegter as die koning.

*Hulle het in 'n mooi paleis in die* land van die Israeliete gewoon. Hulle was koning en koningin oor die volk van God. Maar hulle het die volk

nie gelukkig gemaak nie. Hulle het die volk moedswillig baie ongelukkig gemaak.

Weet julle wat hulle gedoen het?

Hulle het gesê: "Ons wil God nie meer liefhê nie. Ons wil 'n ander God hê Toe het hulle 'n beeld gemaak. Die beeld het hulle Baal genoem. En hulle het gesê: "Dis nou ons God dié."

Voor daardie beeld het hulle neergekniel. En daar het hulle gebid. Hulle het slegte priesters laat kom om offers vir die beeld te bring. Aan God het hulle nie gedink nie.

Vir die mense het hulle gesê: "Julle moet ook hierdie beeld aanbid. Julle moenie meer tot God bid nie. Julle moet God maar vergeet!"

Dit het die mense toe ook gedoen, amper al die mense. Hulle het gedink: "As die koning so sê, is dit tog reg, nie waar nie?"

Voor daardie lelike ou beeld het hulle gaan bid. Hulle het God vergeet. En van toe af was hulle nie meer gelukkig nie. Want wie die Here vergeet, kan nooit regtig gelukkig wees nie.

Maar God wou nie hê dat Sy mense Hom moes vergeet nie!


Hy laat nie met Hom spot nie.

Nie baie lank daarna nie, het die straf gekom.

Eendag het koning Agab in sy paleis gesit. Hy het tog te mooi gelyk daar waar hy op sy goue troon gesit het.

Skielik gaan die deur oop en 'n vreemde man kom binne. Hy het maar baie armoedig gelyk.

Om sy skouers het 'n lang, grys mantel gehang. En om sy lyf het hy 'n gordel wat van velle gemaak was, gedra. Al het hy arm gelyk, was hy tog glad nie bang in die pragtige paleis nie.



Kwaai kyk hy na die koning, en sê: "Ek is Elia, die profeet, die kneg van die Here. God Self het my gestuur om vir u te kom vertel hoe Hy u gaan straf oor u sondes. Die straf sal wees dat dit glad nie meer sal reën nie. En snags sal daar ook nie eens dou wees nie. En dit sal so bly totdat die Here my weer na u toe stuur."

Toe draai hy om en gaan weer weg. Dit het baie stil geword in die paleis. Die koning en sy knegte het baie geskrik vir die vreemde man en sy snaakse woorde. Maar toe begin hulle te lag. Toe begin hulle ook te spot. Hulle sê: "Aag wat, so 'n snaakse kêrel! Wat verbeel hy hom dat hy vir die wolke kan sê wanneer dit moet reën en wanneer nie! ... Natuurlik sal dit reën. Ons is tog nie bang vir sy stories nie!"

Maar die dae het verby gegaan en dit het *nie* gereën nie!

Toe het *weke* verby gegaan en nog het dit nie gereën nie. En elke dag het die son so warm geskyn.

Alles op die aarde het verdroog. Die gras het doodgebrand. Die blomme het verskroei. Die blare van die bome het verdor. En die koring het op die lande verdroog en verbrand.

Maar daardie koring het die mense nodig gehad om brood van te maak ... En nou het hulle geen koring gehad nie. Nou kan hulle nie meer brood bak nie. Almal het begin honger ly.

Toe het die koning bang geword! Want toe het hy geweet dat Elia die waarheid gepraat het.

"Elia is die oorsaak dat ons so swaar kry," het hy gesê. "Dis hy wat ons so ongelukkig maak.

Gaan haal hom bietjie! Ek sal hom wys! Gaan soek hom oral!"

Agab se soldate het die hele land deurgesoek na Elia. Hulle het gesoek en gesoek, maar hulle kon hom nêrens kry nie.

En die reën wou maar nie kom nie!

Weet julle waar Elia was?

Êrens tussen die berge was daar 'n klein spruitjie. In die spruitjie was nog 'n bietjie water.

By hierdie spruitjie tussen die berge het Elia gaan bly. Daar het God hom laat wegkruip dat die slegte koning hom nie in die hande kon kry nie.

Dit was 'n veilige plekkie. Daar kon die soldate hom nie kry nie. En God het baie goed vir hom gesorg.

Snags het Elia in 'n spelonk geslaap. Dit was 'n diep gat in die berg.

As hy dors was, het hy van die water in die

spruitjie gedrink.

En honger het hy ook nie gely nie. Want elke more

en elke aand het God vir hom iets te ete gestuur.

En kan julle raai wie daardie kos vir Elia gebring

het? . . .

Rawe.

Groot, swart voëls.

Elke more het hulle van ver af aangevlieg gekom met 'n stuk brood of 'n stuk vleis in die bek.

Dit het hulle by Elia laat val.

En elke aand het hulle weer gekom. Want God het vir die rawe gesê dat hulle so vir Elia moes sorg.

Die Israeliete het honger en dors gely. Omdat hulle God vergeet het.

Maar Elia het genoeg gehad om te eet en te drink.



Omdat *hy* 'n getroue kneg van die Here was.

## *42. ELIA BY DIE VROU IN DIE VER LAND*

Elia het lank by die spruitjie tussen die berge gewoon. Dit was 'n mooi plekkie. Daar kon die soldate van die koning hom nie kry nie. En hy het genoeg kos gehad om te eet. Want die

rawe het vir hom brood en vleis gebring.

Maar eindelik moes hy tog daar weggaan. Die water het opgeraak. Die spruitjie het heeltemal opgedroog. Toe het Elia niks meer gehad om te drink nie.

Maar God het geweet wat om te doen. God het gesê dat Elia na 'n ver land moes gaan.

Daar het 'n vrou gewoon wat gewillig sou wees om vir hom in die skaars tyd te sorg.

Elia het van sy wegkruipplekkie vertrek. Na 'n lang reis het hy in die ver land aangekom.

Elia was dors van die baie loop. En honger ook. Wie sou tog vir hom iets gee om te eet en te drink?

Daar sien hy meteens 'n vrou raak. Die vrou het onder die bome geloop. Sy was besig om droë takkies op te tel. Sy het al 'n hele bondel onder haar arm gehad.

Elia vra vir haar: "Sal u tog asseblief vir my 'n bietjie water gaan haal? Ek is so dors! "

Dit het die vrou gedoen. Sy het darem nog water gehad.

Toe vra Elia weer: "En brood? Het u miskien vir my 'n stukkie? Ek is ook so honger!"

Maar die vrou skud haar kop verdrietig en antwoord:

"Nee, meneer, dit kan ek nie doen nie. Ek het glad nie meer brood nie. Ek het nog net 'n handjievol meel. En in my kruik is daar maar 'n paar druppeltjies olie. Dit is al wat ek besit.

Ek het juis houtjies bymekaar gemaak om 'n vuurtjie te maak. Van die bietjie meel en olie wil ek één koekie gaan bak vir my en my seun. Daarna het ons niks meer om van te leef nie.

Dan moet ons maar doodgaan ..."

Hoe treurig tog! . . . Maar Elia het nie so treurig gelyk nie. Glad nie. Hy het juis *bly* gelyk.

Want hy het goeie nuus gehad. Die Here het dit vir hom gesê.

Elia praat toe weer met die vrou: "Gaan huis toe en gaan bak die koek. Maar gee dit eers vir my. Daarna kan jy vir jou en jou kind ook bak. Daar sal nog genoeg oorbly. Want só het die Here gesê: Die

meel in die kan en die olie in die kruik sal nie opraak nie. Ons aldrie sal elke dag genoeg daarvan kan eet totdat dit eendag weer reën en daar genoeg brood is."

Dit was wonderlike woorde! . . . Die vrou het dit geglo. Sy het huis toe gegaan. Sy het 'n vuurtjie gemaak. Sy het die handjievol meel geneem en daardie laaste bietjie olie, en 'n koek daarvan gebak. Die seuntjie het daar by haar gestaan. Hy was honger en baie lus vir die koekie.

En toe sien die moeder iets wat haar van blydskap kon laat sing! In die kan was daar tog weer meel en ook olie in die kruik. Net so veel, ja, nog meer as netnou. Wie het dit gedoen?

Sy het goed geweet: Die Here het dit gedoen. Dit was 'n baie groot wonderwerk wat gebeur het!


Die vrou het aangehou met bak . . .

Die eerste koek was vir Elia.

Die tweede was vir haar seuntjie.

Die derde was vir haarself.

Sy kon elke dag bak net soveel as wat sy nodig gehad het. En elke dag het daar nog genoeg meel en olie oorgebly. Elia het by haar gaan inwoon. Elke dag het sy vir hulle aldrie 125



koeke gebak, soveel as wat sy wou.

Die Here het wonderlik vir hulle gesorg.

Hulle was tevrede en het gelukkig saamgewoon.

Maar eendag het daar iets gebeur wat die vrou baie hartseer gemaak het. Haar seuntjie het skielik siek geword. Stil en bleek het die kind in haar arms gele. Hy het swakkies asemgehaal. Maar eindelik het hy glad nie meer asemgehaal nie. Toe was hy dood . . .

Die arme mamma! . . . Sy was baie hartseer. Sy het maar so bly sit met haar kind in haar arms. Sy het sy naam genoem, maar hy het haar nie gehoor nie. Sy het hom op sy bleek wangetjies gesoen, maar hy het niks gevoel nie. Haar kind was dood. Binnekort moes hy begrawe word. Dan het sy niemand meer gehad nie.

Elia het die arme vrou so jammer gekry.

Toe sê hy: "Gee jou kind bietjie hier vir my . . ."

Hy het die seuntjie wat dood was, van haar skoot opgetel. Hy het hom na sy eie kamer geneem. Daar lê hy die kind op sy eie bed neer. Toe kniel hy neer by hom.

Hy het gedink: "God het die kind laat sterwe; God kan hom ook weer lewendig maak ..."

En toe het hy baie eerbiedig vir die Here gevra: "Here my God, laat die kind asseblief tog weer lewendig word . . ."

Hy het aangehou om dit vir die Here te vra en ook geglo dat Hy dit kan doen.

En God het die gebed van Sy kneg verhoor.

Die kind het weer lewendig geword. Hy het weer begin asemhaal. Hy het sy ogies oopgemaak en sy kop opgetel. Vol blydskap het Elia hom opgetel en gou na sy moeder gebring.

"Kyk, jou seun lééf," het hy uitgeroep.

Die vrou kon amper haar eie oë nie glo nie. Maar dit was tog waar! ... Die kind het sy arms na haar uitgesteek . . . Wat 'n grote wonder het gebeur. Sy het haar seun uit die dood weer teruggekry! . . .

Die moeder het haar kind op haar skoot geneem en hom gesoen. Sy het eintlik van blydskap gehuil.



En vir Elia het sy gesê: *"Nou* weet ek dat u 'n groot profeet is. 'n Ware kneg van die Here."

En van toe of was sy nog baie gelukkiger as vantevore. Want toe het sy nog meer gesien hoe goed die Here vir haar gesorg het.

## *43. ELIA EN DIE SLEGTE PRIESTERS*

Elia het lank by die vrou in die vreemde land gewoon. En gedurende al daardie jare het dit nooit gereën nie. Dit was die straf wat die Here gestuur het vir die slegte koning Agab en die ongehoorsame volk Israel. Meer as «drie jaar lank het die straf aangehou.

Daar het byna niks meer op die land gegroei nie.

Maar toe was die straf swaar genoeg. Die Here het dit laat ophou.

Die Here het vir Elia gesê: "Gaan nou terug na koning Agab, want ek sal weer reën gee op die aarde."

Gehoorsaam het Elia gedoen net soos die Here gesê het. Hy het na koning Agab gegaan.

Die koning was natuurlik baie kwaad vir Elia. Hy het Elia mos oral laat soek om hom dood te maak. Sou Elia dit nou waag om na hom te gaan?

O ja, hy sou dit doen. Hy het maar alte goed geweet dat die Here vir hom sou sorg.

Die koning was baie kwaad toe hy Elia sien. "O so, is jy terug?" het hy kwaai gesê. "Jy het die volk van Israel bitter swaar laat kry!"

Maar Elia antwoord: "Nee, koning, *ek* het nie die volk laat swaar kry nie. Dis *u* wat dit gedoen het. Omdat u die Here vergeet het en die beeld Baal aanbid. Maar luister nou wat u moet doen. U moet die hele volk bymekaar laat kom op 'n hoë berg. Al die slegte priesters wat vir Baal offer, moet ook daar wees. Dit is wat u moet doen. So het die Here gesê."

En Agab het nie gewaag om te se: "Nee, ek sal dit nie doen nie."

Hy *moes* dit eenvoudig doen. Dit het amper gelyk asof Elia die koning was, so gehoorsaam was Agab nou.

En op 'n goeie dag het baie van die mense van die land op 'n hoë berg bymekaar gekom.

Die koning was daar.

En Elia was daar.

En die slegte priesters van Baal was ook daar. Hulle

was baie kwaad vir Elia. Hulle sou hom graag wou

doodmaak. Maar hulle mag dit nie doen nie. Hulle

moes maar na hom luister.

Toe sê Elia vir die mense: "Nou sal ek julle laat sien dat die Here julle God is en dat julle Hom nooit weer moet vergeet nie. Die Here kan *alles* doen. Maar Baal niks nie.

"Luister wat ons nou gaan doen. Die priesters van Baal moet 'n offer klaarmaak. En ek sal ook 'n offer klaarmaak. Maar daardie offers sal ons nie self aan die brand steek nie. Die priesters moet tot Baal bid en vir hom vra om hulle offer aan brand te steek. Ek sal tot die Here bid en Hom vra om my offer aan brand te steek. En die god wat vuur van die hemel stuur om die offer aan brand te steek, *hy* sal ons God wees."

Al die mense het hiermee saamgestem.



Die Here laat vuur uit die hemel kom om die offerande van Elia te verbrand.

128

En toe moes die priesters begin.

Eers het hulle met 'n klomp klippe 'n altaar gebou. Daarop het hulle hout neergesit. En op die hout het hulle die vleis van 'n bees gesit. Dit was hulle offer.

Toe het hulle almal saam begin te bid: "O Baal, hoor ons tog! ... O Baal, stuur vir ons vuur! ... O Baal, antwoord ons!"

Hulle het geroep en geroep. Al hoe harder. Hulle het eintlik moeg geword daarvan. Hulle het aangehou roep en skreeu: "O Baal, antwoord ons!" Hulle was naderhand hees van al die geroep. Maar daar het geen antwoord gekom nie. Geen vuur het van die hemel gekom nie.

Toe sê Elia: "Nou sal *ek* begin." Ook hy het 'n altaar gebou. Hy het hout daarop gesit. En op die hout het hy ook die vleis van 'n bees neergesit. Rondom die altaar het hy 'n sloot gegrawe. Daarna gooi hy alles papnat met water. Só nat dat die sloot eintlik vol water geword het! . . .

Die mense het doodstil gebly toe Elia voor sy offer gaan kniel het. Dit was sy beurt om te bid. Maar hy het nie geskreeu soos die slegte priesters nie. Hy het geweet dat God hom sou verhoor.

Baie eerbiedig het hy gebid: "Here, God van Abraham, Isak en Jakob, laat U volk nou sien dat U alleen hulle God is en dat ek U kneg is. Wys vir hulle sodat hulle U nooit weer sal vergeet nie. Antwoord my, Here ..."

Meer hoef Elia nie te sê nie. Verskrik het die mense weggespring van die altaar. Want daar het vuur uit die hemel op die offer geval en dit

met groot, warm vlamme verbrand. Die hout het verbrand en die vleis het verbrand en die vlamme het al die water in die slootjie opgelek!...

Toe die mense hierdie wonderwerk sien, het almal op hulle knieë neergeval en uitgeroep:

*"Die Here* is God! . . . *Die Here* is God!" . . .

Nou het almal gesien dat God *alles* kan doen en Baal niks nie! Nou het hulle geweet hoe dom, hoe verkeerd en hoe sleg hulle was dat hulle die wonderlike God vergeet het. Daarom het hulle Elia gehelp om die slegte priesters wat die volk sulke verkeerde dinge geleer het, te straf.

Meteens het dit 'n wonderlike, mooi dag geword. Want die swaar straf van die volk was nou verby. Al die mense *het teruggegaan* na *hulle huise.* Net Elia het op die berg agtergebly. Toe het hy wéér gaan bid. Dié keer nie vir *puur* nie, maar vir *reën.*

En kyk, God het ook dié gebed van Sy kneg verhoor. Dieselfde aand nog het groot, swaar wolke uit die see opgekom en die reën het neergestort.

Die groen grassies het gou daarna begin uitkruip. Die blomme, pragtige blommetjies, het die mense se harte bly gemaak. Die bome het weer blare gekry. Die koring het ook weer gegroei. Dit het ryp geword. Die mense het dit afgesny en gedors. Daarna het hulle dit gemaal. So het die mense weer meel gehad om brood van te bak. Almal kon weer genoeg eet.

Wie het vir hulle die brood gegee?

Baal?

O nee, nou het die mense baie goed geweet.

Baal kon *niks* doen nie. Maar die Here kon alles doen.

Dit was die Here wat vir hulle gesorg het. Hy alleen was God!

Toe Elia "n ou man was, het die Here hom hemel toe geneem.

129

130

### *44. RYK EN TOG ARM*

Daar was eendag 'n klein dogtertjie. Sy het saam met haar pappa en mamma in die mooi land Kanaän gewoon.

Toe het daar oorlog in die land gekom. Daar het baie vreemde soldate gekom. Hulle het alles wat hulle kon kry, gesteel en na hulle eie land weggeneem. Ook daardie klein dogtertjie het hulle saam met hulle na hulle ver land geneem. Hulle het gedink: "Sy is 'n mooi dogtertjie. Ons moet haar vir ons generaal present gee."

Die generaal se naam was Naäman. Hy was baie bly oor die dogtertjie. Hy het haar vir sy vrou gegee vir 'n diensmeisie.

Foeitog, die arme dogtertjie! Nou was sy nie meer by haar pappa en mamma nie. Nou was sy 'n klein diensmeisie in die groot huis van die vreemde mevrou en die vreemde meneer Naäman.

Maar die meneer Naäman was 'n baie goeie baas. Die meisie het baie van hom gehou.

Naäman was baie ryk. Hy het knegte en waens en perde en geld en allerhande mooi dinge gehad. Alles wat hy wou hê, kon hy vir hom koop.

Maar al het hy ook alles besit, was hy tog 'n baie *arm* en ongelukkige man. Want hy was baie siek. Hy het 'n vreeslike siekte gehad. Hy was melaats. Aan sy gesig was groot wit swere. Ook op sy hande en voete. Ja, op sy hele liggaam. En niemand kon hom gesond maak

nie. Die dokters ook nie. Daar was één ding wat Naäman se geld nie kon koop nie: Dit kon nie sy gesondheid vir hom terugkoop nie . . .

Arme, ryk, ongelukkige Naäman. Hy het al hoe erger geword. Miskien sou hy gou doodgaan.

Niemand kon hom help nie.

Maar die klein dogtertjie het iets geweet.

Sy het vir haar mevrou gesê: "As meneer tog net in my land was daar waar my vader en moeder woon . . . Dan sou hy weer gesond word. Elisa sou hom gesond kon maak. Elisa is

'n profeet, 'n kneg van God. Hy kan wonderwerke doen. En is seker hy sal meneer weer gesond kan maak ..."

So het die dogtertjie met haar mevrou gepraat. En die vrou het dit dadelik aan haar man gaan vertel.

Hy was baie hartseer, die arme Naäman. . . Maar nou het hy tog weer 'n bietjie moed gekry.

Wie weet, dalk word hy nog gesond soos die dogtertjie gesê het. Hoe wonder lik sal dit nie wees nie!

Toe gaan hy gou op reis na die land Kanaän waar die profeet Elisa gewoon het. Hy het in 'n pragtige rytuig gery. 'n Klomp knegte het saam met hom gegaan. Hulle het op mooi perde al langs die generaal se wa gery. Naäman het 'n hele klomp pragtige presente saamgeneem: geld en goud en silwer en allerhande mooi dinge. Dit was alles vir Elisa bedoel as hy tog net vir Naäman weer gesond kon maak.

Dit was 'n lang reis. Eindelik kom Naäman by 'n rivier. Dit was die Jordaan. Dit was 'n breë rivier. Hy moes daardeur gaan. Toe was hy in die land Kanaän. Na 'n ruk het hy by die huis van Elisa gekom.

Naäman het gedink: "Elisa sal seker daarvan hou dat so 'n ryk man soos ek na hom toe kom. Hy sal seker baie vriendelik wees. Hy sal natuurlik gou na buite kom en diep voor my buig. Dan sal hy vir my bid en sy hande op my siek liggaam lê. Ai tog, en dan sal ek miskien gesond word."

Maar Elisa het glad nie eens na buite gegaan nie. Hy het net sy bediende gestuur met 'h boodskap: "U moet uself sewe maal in die Jordaan gaan was. Dan sal u gesond word."

131

Toe word die deur weer toegemaak. En daar staan Naäman alleen. Dis nou te sê . . . om so kortaf behandel te word. Hy is ook sommer op die plek kwaad!

Hy sê: "Het ek die lang ent pad' gekom net om my in die Jordaan te was? Was sal niks help nie. Ek het my al baie keer vantevore gewas en dit het nie gehelp nie. Terug! Dadelik terug na my eie land. Ek sal maar so siek bly tot ek eendag dood is . . ."

En daar ry hy weer terug, kwaad en hartseer. En sy knegte gaan saam, almal ewe hartseer.

Hulle het so baie van Naäman gehou. Hulle wou tog so graag hê hy moes gesond word.

Toe sê hulle vir hom: "Waarom is u tog so kwaad? Waarom glo u die profeet nie? U kan dit tog mos probeer. Doen dit gerus. Was u maar sewe keer in die Jordaan. Sê nou net dit help u!"

Naäman laat hom ompraat. Miskien help dit tog . . .

Hy kom by die Jordaan. Daar trek hy sy mooi klere uit. Met sy seer voete en siek liggaam gaan hy in die rivier. En toe begin hy sy siek liggaam te was. Één maal . . . twee maal . . .

drie maal . . . Ag, dit help nog niks nie.

Vier maal . . . sewe maal moes hy hom was. En toe hy dit gedoen het, kom hy spring-spring en vrolik uit die water! Waar was sy sere toe? Weg, heeltemal weg! Sy hande was weer gesond. Sy voete ook. Ja, sy hele liggaam was sonder 'n enkele seertjie. Hoe wonderlik!

Het Elisa dit gedoen?

Naäman het beter geweet. 'n Mens kon sulke dinge nie doen nie. Dit was God wat dit gedoen het.

Maar Elisa was die Here se kneg en *hy* het vir Naäman gebid. Daarom het die Here Naäman gesond gemaak.

Naäman was so dankbaar dat hy Elisa eers dadelik wou gaan dankie sê.

Gou-gou ry hy terug na Elisa se huis. Al die mooi presente wat hy saamgebring het, laat hy van sy wa afhaal en lê dit voor Elisa neer: goud en silwer en mooi klere.

"Soek maar uit," sê hy toe. "Soek maar die beste en die mooiste vir jou uit! O, Elisa, ek is so bly! Neem maar alles wat jy graag wil hê."

Maar Elisa het net sy kop geskud. "Nee, ek wil niks hê nie," het hy geantwoord. "U moet my nie bedank nie, want dis nie ek wat u gesond gemaak het nie. Dis die Here. U moet vir Hom dankie sê."

Toe sê Naäman: "Ek sal offers vir die Here bring. Ek wil Hom altyd liefhê. Ek sal Hom nooit weer vergeet nie."

Naäman laai toe maar weer al die mooi presente op sy wa, die goud en die silwer en al die ander mooi dinge. Elisa het in sy huis gegaan. En Naäman het terug gery na sy land.

Maar Elisa se bediende het buite bly staan. Hy het die wa só agterna gestaan en kyk.

Die bediende se naam was Gehasi. Hy het ook na al die pragtige presente gekyk: die goud en die silwer en al die geld. Hoe graag sou hy tog daarvan wou hê. Hy wou baie graag ryk word! Dan kon hy 'n plaas koop met 'n huis daarop en skape en beeste. Dan kon hy baie bediendes aanhou. Dan sou hy 'n ryk man wees, 'n groot meneer!

Terwyl hy die wa agterna kyk, dink Gehasi: "Die Elisa was tog dom! Sovéél geld en so baie mooi dinge kon hy kry, maar hy sê 'nee dankie' vir alles . . . Maar ék gaan nie die kans laat verbygaan nie, hoor. *Ek* gaan van daardie goed iets in die hande probeer kry. Elisa is in die huis. Hy sal nie weet nie. Niemand sal iets sien nie . . ."

En toe hardloop Gehasi agter die wa aan. Hy skreeu: "Haai, wag 'n bietjie!" . . . En hy hardloop en waai met die arms en hy skreeu totdat hulle hom hoor, 132



Eindelik hou die wa stil en Naäman spring af.

Hy vra: "Wat is dit? Is daar iets verkeerd?"

Ja, wat moes Gehasi toe sê om geld in die hande te kry? Hy moes maar leuens vertel.

Hy antwoord: "O, meneer Naäman, Elisa het van plan verander. Hy wil tog graag van daardie mooi presente hê. Hy wil graag één sak vol silwer en twee van daardie mooi mantels hê. Want, u sien, daar het mense vir hom kom kuier. Daar het twee manne by hom gekom en nou wil hy graag vir hulle iets gee ..."

"O, maar dis gaaf," sê Naäman. Toe gee hy vir Gehasi *twee* sakke silwer en twee mooi mantels. Toe ry hy weer verder. En Gehasi het met sy ' mooi presente teruggegaan. Hy was sommer baie bly. Ja-nee, hy was baie slim gewees. Nou was hy ryk! Nou kon hy alles koop wat hy graag wou hê.

Voordat hy terug is huis toe, het hy alles eers goed

weggesteek, want Elisa mag daar niks van weet nie.

Asof daar niks gebeur het nie, gaan hy daarna huis toe.

Maar Elisa het alles geweet. Daarom vra hy: "Waar was

jy gewees, Gehasi?"

Gehasi skrik. Wat moes hy nou sê? Hy moet maar weer

leuens vertel . . .

Hy antwoord: "Ek was nêrens heen nie."

Toe skud Elisa baie hartseer sy kop en sê: "Gehasi, Gehasi, jy het gedink dat niemand jou sien nie. Maar

God het jou gesien. Dink jy dat daardie geld jou gelukkig

kan maak? Van nou af sal jy juis baie ongelukkig wees.

Naäman het gesond geword. Maar *jy* sal nou sy

vreeslike siekte kry. Dit sal die straf wees vir jou sonde."

Toe kom daar groot sere op Gehasi se gesig en op sy hande en voete. Ja, op sy hele liggaam. Van toe af was hy net so siek soos Naäman was.

Die geld het hy wel gehad. Hy was ryk. Hy kon 'n plaas koop en 'n huis en alles wat hy wou.

Maar wat het dit vir hom beteken? Hy was arm en ongelukkig.

Ryk en tóg arm. Omdat hy God vergeet het!

Van toe af was Naäman ryk. Hy het die Here nie vergeet nie.

En die klein dogtertjie daar by Naäman se huis . . . Sou sy nie ook 'n mooi present gekry het nie?

Wat dink julle, wat het sy gekies? . . .



## ***45. JONA***

Kleinspan, het julle al ooit die storie van Jona gehoor?

Jona was 'n profeet, 'n dienskneg van God. Maar hy was glad nie 'n gehoorsame dienskneg nie.

God het eendag vir hom gesê: "Jona, Ek wil jou êrens heen stuur. Jy moet na die groot stad Ninevé gaan. Want die mense van Ninevé doen baie sonde. Jy moet vir hulle gaan sê dat Ek alles sien wat hulle doen en dat Ek hulle sal straf as hulle nie ophou met hulle slegte dinge nie."

Toe dink Jona: "Nee kyk, dit gaan ek nie doen nie. Ek gaan nie na Ninevé toe nie. Laat die mense maar sonde doen. Hulle is die vyande van my volk. Ek gaan nie na hulle toe nie. Ek wil niks met daardie slegte vyande te doen hê nie ..."

Hy gaan toe tog op reis, maar in 'n ander rigting as wat God hom gestuur het. Hy moes na die ooste gaan, maar hy gaan na die weste. Hy wou vir God vlug.

Jona het gedink: "Ek gaan wegloop. Sommer baie ver weg. Só ver dat God my nie sal kry nie. Dan hoef ek mos nie na Ninevé te gaan nie . . ."

Hy het geloop en geloop totdat hy by die groot see gekom het. Toe kon hy nie verder loop nie.

Maar aan die kant van die see was 'n skip. Dié was net van plan om te vertrek.

Toe dink Jona: "Ek gaan saam met daardie skip. Dan kom ek nog verder weg. Dan sal God my glad nie weer kry nie."

Toe klim hy op die skip en ry saam op die groot see. Die kaptein was tevrede dat Jona saam reis. Jona het hom mos betaal.

Die lug was pragtig blou. En die see stil en kalm. Die son het warm geskyn. Klein golfies het saggies teen die skip aangespoel. Ai, maar dit was lekker om so oor die groot water te ry!

Maar vir Jona was dit nie lekker nie. Hy het nie gewaag om bo-op die skip tussen die ander mense te bly nie. Hy was te bang dat God hom sou sien. En hy was ook so moeg van die ver ent pad. Hy het onder in die skip gaan lê en slaap. Daar kon hy sy moegheid vergeet.

Terwyl hy slaap, kon hy ook sy bangheid vergeet . . .

Maar God het Jona tog gesien, al het hy ook hoe diep weggekruip in 'n donker hoekie. God het sy ongehoorsame kneg gevind op die groot

see . . .

Toe het God 'n groot storm na die skip gestuur. Die storm was gehoorsamer as Jona, want dit het dadelik gegaan. Groot, swart wolke het in die lug gehang. Die son het daaragter weggekruip. Die wind het so kwaai gewaai dat die skip byna omgeslaan het. Die klein ou golfies het naderhand so groot soos huise geword en die skip amper stukkend geslaan.

Toe het die kaptein bang geword. En die ander mense ook.

Maar onder dit alles het Jona lekker gele en slaap.

Eindelik kom die kaptein by hom en skud hom wakker. Hy sê: "Word tog wakker! . . . Staan op en help ons! Bid tot jou God, anders verdrink ons almal in die woeste waters."

Toe gaan Jona bo na die dek van die skip. Daar sien hy vir die eerste maal die vreeslike golwe en die donker lug. Hy hoor die woeste storm . . . En toe weet hy dat God hom tog gevind het!



Daar het 'n groot vis gekom wat vir Jona ingesluk het.

Hy was eerlik genoeg om te sê: "Dit is my skuld dat die storm gekom het. God het dit agter my aangestuur omdat ek 'n baie verkeerde ding gedoen het. Ek was ongehoorsaam gewees. Ek moes na die ooste gaan, maar ek het na die weste gegaan. Ek wou vir God gevlug het. Maar nou weet ek: Mens kan dit nooit doen nie!"

Toe sê hy vir die kaptein: "Neem my maar en gooi my in die see. Dit is my straf. Dit het ek verdien. Dan sal die see stil word. Dan sal God die storm laat ophou."

Maar die kaptein en sy manne wou dit nie graag doen nie. Hulle was jammer vir Jona. So hard as wat hulle kon, het hulle geroei en probeer teruggaan na die land. Maar hulle kon die skip nie stuur waar hulle wou nie. Die storm was te erg. Die see het al hoe wilder geword.

Die golwe het partykeer sommer bo-oor die skip geslaan.

Eindelik moes hulle dit maar doen!

Hulle het Jona geneem en hom in die see gegooi, in die wilde, woeste water . . .

Toe Jona onder die golwe verdwyn, het die storm ook sommer dadelik bedaar. God het dit stil gemaak. Die wind het nie meer gewaai nie. Die golwe het nie meer teen die skip geslaan nie. Die swart wolke het uit die lug verdwyn. Die hemel was weer blou en die son het pragtig geskyn. Die skip kon rustig verder gaan op die spieëlgladde see . . .

Die manne het dit gesien gebeur en was verwonderd. Hulle het vir mekaar gesê: "O, hoe sterk en magtig is God. Selfs die wind en die see is vir Hom gehoorsaam. Nou wil ons ook altyd vir Hom gehoorsaam wees."

En Jona? . . .

Het hy verdrink? Was Jona dood?

Nee, Jona was nie dood nie! God het vir hom gesorg. God het 'n baie groot vis gestuur. Die vis het Jona ingesluk. Toe was Jona in die maag van die vis.

Dit was baie donker en ook glad nie lekker binne-in die vis nie. Toe dink Jona: "God sien my ook hier. Die Here sien ons oral. En Hy hoor my ook hier. Hy hoor ons altyd waar ons ookal is . . ."

Toe het Jona gebid. Hy was baie jammer dat hy so ongehoorsaam was en het vir die Here gesê: "Ek sal nou altyd gehoorsaam wees."

Die vis het geswem waar God hom gestuur het. Hy het na die land toe geswem. En toe hy by die strand kom, het hy sy kop bokant die water uitgesteek en Jona uitgespuug. Op so 'n wonderlike manier het Jona weer in sy eie land teruggekom.

Daarna het God weer met Jona gepraat. Hy het vir hom gesê: "Jona, jy moet weer op reis gaan. Jy moet na die groot stad Ninevé gaan. Ek sal later vir jou sê wat jy vir die mense moet gaan vertel."

Jona het nie weer gewaag om ongehoorsaam te wees nie. Die keer het hy reg geloop. Hy het reguit na die groot stad Ninevé gegaan.

Wat moes Jona vir die mense gaan sê?


Hy moes vir hulle sê: "Oor veertig dae sal God hierdie slegte stad Ninevé straf. Hy sal die hele stad verwoes!"

Reg so ! Dit was 'n mooi boodskap, het Jona gedink. Hy wou graag hê sy vyande en sy volk se vyande moes doodgemaak word!

Hy het die hele stad deurgeloop en oral hard uitgeroep sodat almal kon hoor: "Nog veertig dae, dan sal Ninevé verwoes word!"

Die mense het hierdie vreeslike woorde gehoor en baie geskrik. Die koning het dit ook gehoor en hy het netso geskrik. Ja, hulle almal het maar alte goed geweet waarom die vreeslike straf oor hulle moes kom: omdat hulle soveel sonde gedoen het!

136



Maar hulle het spyt gekry. Almal was baie jammer. Almal het gehuil só jammer en bang was hulle. Toe sê die koning: "Ons moet almal bid. Ons moet God vra om ons hierdie keer nog te vergewe. Miskien sal Hy ons dan nie straf nie. En niemand, niemand mag weer kwaad doen nie. Ons moet ons bekeer. Almal in hierdie stad . . ."

En hulle het dit ook gedoen. Almal het gebid: die mans en die vrouens en die kinders, ja, almal! Ook het hulle nie weer sonde gedoen nie.

God het dit gesien. Hy het hulle gebede gehoor.

Toe het hy hulle jammer gekry en hulle nie meer

gestraf nie . . .

En Jona? . . . Waar was Jona? . . .

Jona het op 'n berg daar naby die stad gaan sit.

Daar het hy gewag dat die stad verwoes moes

word. Hy wou dit baie graag sien. Hy wou hê dat

die stad verwoes moes word. Sy vyande het mos

daar gewoon. En daarom was hy ook nie vir hulle

jammer nie . . .

Hy het gewag en gewag maar niks het gebeur nie.

Toe het Jona sommer kwaad geword.

Maar God wou hom 'n les leer. Luister bietjie wat het toe gebeur: Sommer daar by Jona het ewe skielik 'n boompie begin te groei: So vinnig het die boom gegroei dat Jona dit kon sien groter word! Dit het 'n groot boom geword met takke en blare.

Toe het Jona lekker in die skaduwee van die wonderboom gesit. Hy was baie bly oor die koelte van die boom.

Maar die volgende more het God 'n wurm gestuur. Dit het die wortels van die boom opgeëet, sodat die boom doodgegaan het. Die blare het droog geword en afgeval. Toe het Jona nie meer skaduwee gehad om in te sit nie. Dit was verskriklik warm. Die son het hom byna doodgebrand.

Toe het Jona weer kwaad geword, kwaad en jammer, Hy was baie jammer dat die boom doodgegaan het. Die boom het vir hom koelte gegee en dit was ook so 'n mooi boom, die wonderboom wat God laat groei het . . .

Maar deur die boom te laat groei en weer te laat doodgaan, het God vir Jona 'n les geleer: Die Here wou hom daardeur laat sien hoe dom en hoe sleg hy was.

God het met hom gepraat: "Jona, Jona, jy is jammer vir 'n boom! Mag Ek dan nie jammer wees vir al die baie mense wat in Ninevé woon nie? Al die kindertjies en al die diere?" . . .

Jona het hom toe seker baie geskaam. Miskien het hy gedink: "Ja, ek was darem baie sleg en dom . . . Maar God is slim en goed! Hy sorg vir al die mense. Hy het die mense en ook die diere lief . . ."

## *46. DIE GOEIE KONING HISKIA*

Daar was eenmaal 'n jong man wat die Here baie liefgehad het. Sy naam was Hiskia en hy was 'n prins.

Toe sy vader dood is, het hy koning geword. Toe het hy in die mooi paleis in Jerusalem gaan woon. Daar het hy oor die volk van God regeer.

Maar dit het byna gelyk of die volk van God nie meer Sy volk is nie. Want die meeste van hulle het die Here vergeet. Oral oor die hele land het hulle beelde gemaak. En daardie 137

beelde het hulle aanbid. Aan God het hulle nie meer gedink nie. En aan die mooi huis van die Here, die tempel in Jerusalem wat Salomo gebou het, het hulle ook nie meer gedink nie.

Niemand het eens meer na die tempel gegaan om 'n offer te bring of daar te aanbid nie.

Slegte mense het die deure van die tempel met spykers toegeslaan sodat niemand daar kon ingaan nie.

Die arme volk! As hulle net wou, kon hulle so gelukkig wees. Maar nou was hulle baie ongelukkig. Want elke jaar het hulle vyande gekom om al hulle goed te steel. Hulle het die koring kom wegsteel

en na hulle eie land geneem sodat die arme Israeliete niks gehad het om te eet nie. Maar dit was hulle straf omdat hulle God vergeet het.

Hiskia was nie tevrede met hierdie dinge nie. Hy het gedink: "So durf dit nie langer aangaan nie. My volk moet weer leer om die Here lief te hê. Hulle moet weer God se eie volk word.

Ek sal my bes doen om hulle weer te leer om Hom lief te hê. Dit sal my belangrikste werk wees."

En toe het Hiskia begin werk. Al die beelde in die land het hy laat stukkend slaan. Die tempel het hy weer laat oopmaak en laat skoonmaak. Daarna het hy boodskappers deur die hele land gestuur om die mense na Jerusalem te laat kom.

Hy het gesê: "Ons sal almal saam offers bring en die Here aanbid in Sy mooi tempel. Ons sal Hom vra om julle al julle slegte dinge te vergewe."

Hulle het toe so gemaak.

En hulle het ook saam feesgevier.

Van toe af het dit weer baie goed met die Israeliete gegaan. Vandat hulle God weer leer liefkry het, het hulle ook gelukkig geword. Hulle het weer 'n sterk volk geword.

Die vyande het hulle nie meer gepla nie. Want Hiskia het teen die vyande gaan veg en hulle almal weggejaag.

Maar Hiskia was nog nie tevrede nie. Sy werk was nog nie klaar nie. Hy wou hê sy volk moes God nog meer liefhê. En daar was ook nog ander vyande teen wie hy wou veg. Hy wou sy volk nog sterker en nog gelukkiger maak.

Maar toe word Hiskia skielik siek. Hy het op sy bed in sy paleis gele en al hoe sieker geword. Die dokters kon niks aan hom doen nie. Niemand kon hom help nie.

Hiskia was baie hartseer. Dit was vir hom swaar om so siek te wees. Want daar was nog so baie dinge wat hy graag wou doen. Hy het geweet sy werk was nog nie klaar nie. Hy het so gewens om tog weer beter te word.

Toe gaan die deur van sy kamer oop. En wie dink julle kom daar binne?

Dit was Jesaja. Hy was 'n profeet, 'n kneg van God. Hy lyk so ernstig en so hartseer. Hy het

'n boodskap van God vir die koning gehad. Maar dit was 'n baie treurige boodskap . . .

Hy sê: "Koning, u moet maar u familie en vriende groet. Want u moet sterwe . . ."

Sterwe? . . . Nou al? . . .

Hiskia het baie geskrik. Nee, hy was nie bang om te sterwe nie. Hy het mos die Here liefgehad en hy het goed geweet dat hy na die hemel sou gaan. Maar hy wou nog so baie doen vir sy volk. Sy werk, sy groot werk was nog nie klaar nie!

Jesaja het weer weggegaan. Hiskia het hom omgedraai met sy gesig na die muur. En hy het bitterlik gehuil, want hy was baie hartseer. Moet hy doodgaan en die goeie werk wat hy vir die Here doen net so half-klaar laat staan? Sy kussing het eintlik nat geword van die trane.

"O Here," huil hy, "laat my tog nog 'n rukkie lewe! . . . Laat my tog nog 'n rukkie werk vir my volk! Ek wil my volk so graag nog sterker en nog gelukkiger maak."




Sy gebed het opgegaan na die hemel. En 'n rukkie later het sy kamer se deur weer oopgegaan. En wie kom toe binne?

Dis wéér Jesaja, die profeet. Maar dié keer lyk hy nie hartseer nie. Want nou het hy goeie tyding vir die koning . . .

Hy sê: "Luister, o koning! So sê die Here: Ek het jou gebed gehoor en jou trane gesien. Kyk, Ek sal jou gesond maak. Jy sal nog 'n hele lang tyd lewe — vyftien jaar. En Ek sal jou help teen jou vyande."

Hiskia kon hierdie woorde byna nie glo nie, so 'n lieflike boodskap was dit. Maar hy moes dit glo, want God het dit gesê. En die Here kan tog alles doen.

Drie dae later was die koning heeltemal gesond. Toe het hy vir die eerste keer weer kon rondstap.

En waarheen dink julle het hy gegaan:

Natuurlik na die tempel, na die huis van God.

Die Here het hom so wonderlik gesond gemaak. Nou wou hy Hom daarvoor gaan dankie sê.

'n Paar jaar later het God nog 'n groter wonderwerk laat gebeur.

'n Vreemde koning met 'n groot leer soldate het Hiskia se land binne geval. Hulle was vyande van die Israeliete. Hulle wou binne-in Jerusalem kom. Hulle wou alles daar uit steel, die huise verbrand en Hiskia vang.

Maar rondom Jerusalem was 'n hoë, dik muur. Die vyande kon nie daaroor klim nie. In die muur was daar 'n hele paar poorte, maar die Israeliete het die poorte gou toegesluit.

Daardeur kon die vyande dus ook nie gaan nie.

Maar moenie glo hulle het weggegaan nie. Hulle het 'n groot kring rondom die stad gemaak en toe maar bly sit en wag ... en wag. Want nou kon daar geen mens uit die stad en ook geen mens in die stad me. Op die manier kon niemand van die plase daar buite kos bring vir die mense wat binne-in die stad was nie. Daar was nog 'n bietjie kos in die stad, maar dit sou nie so baie lank hou nie. Dan sou die mense begin honger ly. En dan sou hulle die poorte van die stad uiteindelik maar moes oopmaak . . .

Die mense het begin bang word! Hiskia het ook bang geword . . . Maar hy het geweet: "Nou is daar net Één wat ons kan help en red." Hy het na die tempel gegaan en daar gaan bid: "O

Here, help ons tog!"



Daarna het Jesaja na hom gekom en gesê: "U hoef nie meer bang te wees nie, o koning.

Want die Here het gesê: Ek sal jou help. Die vreemde koning sal nie in die stad kom nie."

Die vreemde koning skryf toe 'n vreeslike, goddelose brief aan Hiskia.

Weet julle wat het in daardie brief gestaan?

Daar was geskrywe: "Moenie dink dat julle God julle sal help nie. Hy sal dit nie doen nie. Hy kan dit nie doen nie. Want ek is baie sterker as julle God. Moenie dat Hy julle so bedrieg nie!"

Wat het Hiskia met hierdie verskriklike brief gedoen? . . .

Hy het dit na die tempel geneem. Daar het hy dit neergelê. Hy het gedink: "God moet maar Self die brief lees. Die Here moet die goddelose koning Self antwoord."

Dit het God ook gedoen!

Want in daardie nag het 'n engel van die hemel gekom en hy het deur die leer van die vyand gegaan. Die engel het die antwoord van God op daardie vreeslike brief gebring. Hy het 'n verskriklike straf gebring. Want toe die more kom, het daar honderd-duisend soldate van die vreemde koning dood gele op die grond. En die ander wat nog oorgebly het, het vreeslik geskrik. So erg, dat hulle almal weggehardloop het na hulle eie land. Hulle het nooit weer gewaag om terug te kom nie. Só bang het hulle geword vir die God van Hiskia.

So lank as wat Hiskia geleef het, het daar nooit weer vyande gekom nie. Die Israeliete het baie gelukkig in hulle land gewoon.

## *47. IN DIE LAND BABEL*

Julle onthou nog vir Hiskia? . . .

Hy was die koning wat die Here so liefgehad het. Hy was die man wat die afgodsbeelde laat stukkend slaan het. Hy het vir sy volk gesê dat hulle net die Here moet aanbid. Dis ook hy wat al die vyande kon wegjaag omdat God hom gehelp het. Hy het sy volk Israel sterk en gelukkig gemaak.

Dit was 'n goeie tyd so lank as wat Hiskia koning was.

Maar toe Hiskia dood is . . .

Toe het alles weer verkeerd gegaan met die Israeliete.

Toe het daar ander konings gekom wat die Here nie liefgehad het nie. En hulle het ook weer die beelde aanbid.

Die volk het dit gesien en dieselfde gedoen. Daarom het hulle die Here vergeet.

Baie, baie lank was God geduldig met Sy volk. Hy het hulle so baie keer gewaarsku. Maar die volk van Israel wou nie na Hom luister nie. Toe het God hulle baie swaar gestraf oor al hulle ongehoorsaamheid.

Daar het vreemde soldate in die land gekom. Hulle het binne-in Jerusalem gekom. Die pragtige tempel het hulle verbrand en die hele stad verwoes. Die soldate het al die mense van die stad gevang en saam met hulle geneem. Met kettings is hulle aanmekaar vasgebind en so moes hulle saam met die soldate na die vreemde land gaan. Daar moes hulle vir die vreemde koning werk. Daar moes hulle baie lank bly totdat God hulle genoeg gestraf het.

Daardie ver land se naam was Babel.

Die vreemde koning se naam was Nebukadnesar.

Koning Nebukadneser was 'n baie sterk en magtige koning. Hy was baas oor 'n baie groot deel van die wêreld.



Hy het in 'n pragtige paleis gewoon en het baie knegte gehad. 'Maar hulle was nie sommer sulke gewone knegte nie. Hulle was almal prinse. Want die koning het gedink dat hy so belangrik is dat hy ook baie belangrike knegte moet hê . . .

Onder hulle was ook vier prinse uit die Israeliete. Een van hulle se naam was Daniël.

Dit was baie moeilik en ook gevaarlik om 'n kneg van koning Nebukadnesar te wees. Want die koning was so hoogmoedig en so kwaai! As een van die knegte iets verkeerd doen, het die koning sommer sy kop laat afkap!

Maar Daniël en sy drie vriende was nie bang nie. Hulle het die Here liefgehad. En daarom het hulle geweet: "Die Here sal altyd vir ons sorg."

Dit was nag. Al die mense het geslaap.

Koning Nebukadneser het ook geslaap. Toe droom hy.

Dit was sommer 'n baie nare droom. Hy het eintlik wakker geskrik, só snaaks was die droom!

. . . Maar toe hy wakker word, het hy meteens vergeet wat hy gedroom het. Maar sy hart het nog benoud geklop van die droom. Hy kon glad nie weer aan die slaap raak nie . . . Dit was al vir hom asof die droom iets beteken het.

Toe roep hy sy knegte bymekaar. Sy baie slim knegte, wat baie boeke gelees het en gedink het dat hulle alles weet. En toe almal by hom is, sê die koning: ,,Ek het 'n droom gehad en ek wil weet wat dit beteken."

Die slim manne buig diep voor die koning en sê: "O koning, vertel ons maar wat u gedroom het; dan sal ons vir u sê wat dit beteken."

Maar wat sê die koning toe?

"Wat ek gedroom het, moet julle ook vir my vertel," antwoord hy. "As julle dit kan doen, sal ek julle baie geld gee. Maar as julle dit nie doen nie, laat ek julle almal se koppe afkap."

Die slim manne het baie bang geword.

"Maar koning," sê hulle, "hoe kan ons nou weet wat u gedroom het? . . . Op die hele wereld is daar nie 'n mens wat dit vir u kan sê nie!" . . .

Toe word die koning baie kwaad: "Julle is almal bedrieërs," skreeu hy. "Julle sê dat julle alles weet en nou weet julle niks nie!" . . .

Toe roep hy sy soldate en sê dat hulle al die slim manne in sy land se koppe moes afkap.

Met hulle skerp swaarde het die soldate deur die land gegaan en ook by Daniël gekom.

Daniël en sy vriende was ook slim manne. Hulle moes ook doodgemaak word.

Maar Daniël het dadelik na die koning gegaan.

"Koning," het hy gevra, "sal u tot more wag? . . . Miskien kan ek u more sê wat u gedroom het."

Hiermee was die koning tevrede. Toe gaan Daniël terug na sy vriende en sê: "Daar is Iemand wat weet wat die koning gedroom het. Dit is God. Ons moet Hom vra of Hy miskien aan ons wil sê. Sal julle ook bid? God is so goed. Hy wil ons graag help as ons eerbiedig vir Hom vra."

Die vriende het dit gedoen. Hulle het gevra dat die Here hulle tog moet help, dat hulle nie hoef te sterwe nie. En in daardie nag droom Daniël dieselfde droom wat die koning gehad het. En God het hom ook gesê wat die droom beteken.

Hoe bly was Daniël toe! . . . Hy het God daarvoor gedank. En toe het hy gou na die koning gegaan.

Die koning vra hom: "Kan jy my nou vertel wat ek gedroom het?"

Daniël skud sy kop.

"Nee, koning," antwoord hy, "ek kan dit doen nie. Maar daar is 'n God in die hemel en Hy weet alles. Hy het dit vir my gesê."

En toe vertel hy die droom.

Hy sê: "U het 'n baie groot beeld gesien, koning. Só groot dat u eintlik geskrik het. Die kop van die beeld was van goud gemaak en die bors van siiwer. Die lyf was van koper. Die bene was van yster en die voete van yster en klei. Daar naby was 'n berg en van die berg het 'n groot klip aangerol gekom. Die klip het teen die voete van die beeld gestamp. Die hele beeld het omgeval en die klip het dit stukkend geval. Van die beeld het niks oorgebly nie. Maar die steen het groter en groter geword. Die steen het so groot soos die hele wereld geword.

"Dit was u droom, o koning, en weet u wat die droom beteken? . . . Die steen was sterker as die hele beeld. So is God ook sterker as al die koninkryke van die hele wereld. Dit is die betekenis van u droom, o koning!"

Koning Nebukadnesar was skoon verbaas. Want nou het hy weer onthou: Dit is presies v/at hy gedroom het.

Hy sê: "O, Daniël, jou God is baie groot en magtig . . ."

Hy het Daniël groot presente gegee. Allerhande mooi en kosbare dinge het hy hom gegee.

Hy maak Daniël toe ook sy belangrikste kneg, die baas oor al die ander knegte. En sy drie vriende het ook baie belangrik geword.

Hulle het die Here liefgehad en daarom het Hy ook vir hulle so goed gesorg.

## *48. IN DIE VURIGE OOND*

Die drie vriende van Daniël was baie dapper. Hulle was vir niks bang nie. Selfs nie eens vir die koning wat so hoogmoedig en so kwaai was nie.

Weet julle waarom dit so was? Omdat hulle God baie liefgehad het. En daarom het hulle geweet dat God hulle ook liefhet en altyd vir hulle sou sorg.

En as God vir ons sorg, hoef ons vir niks bang te wees nie.

Hulle was knegte van die koning. Baie belangrike knegte, ja l Maar ook hulle moes gehoorsaam wees. Wat Koning Nebukadnesar sê, dit moes hulle dadelik doen. En pasop!

as hulle dit nie dadelik doen nie!

Eenmaal het koning Nebukadnesar 'n baie groot beeld laat maak. Omtrent net so 'n beeld as waarvan hy gedroom het, maar die hele beeld was van goud gemaak. Naby die beeld het hy

'n baie groot oond laat bou. Daarin kon 'n groot en baie warm vuur gemaak word.

Hy het al sy belangrike knegte oor die hele land bymekaar geroep. Omtrent duisend was daar bymekaar. Toe sê hy: "Julle almal moet goed luister. Netnou sal daar musiek gespeel word. Dan moet julle almal op julle knieë val voor die groot beeld wat ek laat maak het. Die wat dit nie doen nie, sal in die vurige oond gegooi word."

Almal is doodstil. Mens kon net die vlamme van die groot vuur hoor kraak. En bokant die oond het swart rookwolke opgestyg . . .

Toe het hulle almal bang geword! En toe die musiek begin speel, het hulle maar liewer gedoen wat die koning gesê het. Hulle het dadelik op hulle knieë geval en die beeld aanbid.

Hulle almal? . . . Nee, nie almal nie. Drie jong manne het regop bly staan. Hulle het nie gekniel nie.

Wie was daardie ongehoorsame knegte?

Dit was die drie vriende van Daniël. Die koning het hulle dadelik laat roep.

142



Die koning was baie kwaad. Hy sê: "Het julle dit moedswillig gedoen? . . . Ek sal julle nog 'n kans gee. As julle dan nie kniel nie, sal ek julle in die vurige oond laat gooi. En wie sal julle dan help? Julle sal lewendig verbrand!"

Maar die drie vriende het glad nie bang geword nie. Ewe dapper antwoord hulle: "Koning, ons kniel nie voor 'n beeld nie. Ons God wil nie hê ons moet dit doen nie, en daarom doen ons dit nie. En as u ons in die vuur gooi, kan ons God ons nog help."

Toe word die koning eers verskriklik boos! Hy het eintlik rooi geword van boosheid. En hy sê dat die vuur nog baie warmer gemaak moes word. Sewe keer so warm as wat dit was.

Toe roep hy die sterkste soldate wat hy het en sê dat hulle die drie vriende in die oond moes gooi.

Meteens sien die Koning dat daar nie drie nie, maar vier manne in die vuur is.

143

Die soldate het gedoen soos die koning gesê het. Só verskriklik warm was die vuur dat dit die soldate morsdood gebrand het.

Maar die wrede koning het niks omgegee nie. Hy het nie na die soldate gekyk nie. Hy het net bly kyk na die vuur en na die drie manne wat binne-in die vuur gegooi is. En meteens het hy vreeslik geskrik. Hy het sommer gebewe van die skrik!

Toe vra hy vir sy knegte: "Het ons dan nie drie manne in die vuur gegooi nie?" . . .

"Ja seker, koning," antwoord hulle.

"Maar nou is daar vier!" roep die koning. "Kyk daar! Een, twee, drie, vier ... En kyk, hulle loop rond binne-in die vuur. Die vuur maak aan hulle niks nie! En die vierde, die vierde ... dit is nie

'n mens nie . . . dit lyk na 'n engel!"

Toe gaan hy 'n bietjie nader en roep: "O, kom tog uit! ... Kom tog hier ! Ek is nie meer vir julle kwaad nie."

Die drie vriende het dadelik gehoorsaam. Hulle het deur die vuur geloop asof dit glad nie warm is nie en by die koning gekom. Die vierde, die engel, het verdwyn. Hy het weer na die hemel gegaan. Hy het net gekom om vir die drie vriende te sorg. God het hom gestuur en toe het Hy hom weer teruggeroep.

Hoe goed het die Here vir hulle gesorg!' Die hitte van die vuur het Hy weggeneem. Nie eens

'n haartjie op hulle kop het verbrand nie. En aan hulle klere kon jy nie ruik dat hulle in die vuur was nie.

Dit was 'n groot wonder.

Nee, die drie vriende hoef nooit bang te gewees het nie. As God hulle help, kon geen mens hulle kwaad aandoen nie.

En die hoogmoedige koning het geleer dat daar Iemand is, wat magtiger is as hy.

## *49. DANIËL IN DIE LEEUKUIL*

Daniël het 'n ou man geword. Sy hare en sy baard was al grys. Maar nog altyd het hy in die ver land Babel gewoon. Hy was nog altyd 'n belangrike kneg van die koning.

Maar koning Nebukadnesar het nie meer geleef nie. Hy was al lankal dood. Iemand anders was koning. Sy naam was Darius.

Koning Darius het baie van Daniël gehou. Daniël het sy werk so goed gedoen. Hy was slim en verstandig.

Koning Darius het gesê: "Daniël is die slimste en die beste kneg van almal. Ek hou van Daniël meer as van al die ander. Ek wil hom nog 'n beter werk gee. Ek wil hom onderkoning maak. Dan mag hy die baas wees oor my hele koninkryk en oor al my ander knegte."

Maar die ander knegte het dit gehoor. Toe word hulle baie kwaad en jaloers! . . .

Hulle praat onder mekaar: "Moet hy die aller belangrikste van ons almal word? Nee kyk, ons gaan sorg dat dit nie gebeur nie. Ons wil die belangrikste wees! . . . Weet julle wat ons moet doen? Ons gaan Daniël nou dophou. Ons gaan kyk af hy nie dalk iets verkeerds doen nie.

En dan gaan ons dit gou aan die koning vertel. Dan sal die koning nie meer so danig baie van Daniël hou nie . . ."

En toe begin hulle te loer wat Daniël doen. Elke dag het hulle stilletjies gekyk of hy nie dalk iets verkeerds doen nie . . . Maar dit het niks gehelp nie. Daniël het nooit iets gedoen wat verkeerd is nie. Hy het sy werk so goed as hy kon gedoen. En drie keer op 'n dag het hy gebid . . .

As Daniël bid, het hy in sy kamer voor die oop venster gekniel. Die venster was aan die kant 144



waar hy in die rigting van Jerusalem kon kyk. Daar het die mooi tempel gestaan, wat die vyande verbrand het. Maar daar sou Daniël se volk weer eendag gaan woon. En daar sou weer eendag 'n tempel gebou word . . . Eendag wanneer die volk se straf verby is . . .

En elke keer as Daniël gaan bid met sy gesig na die kant waar Jerusalem is, het hy ook gevra: "Here, laat my volk tog gou weer vry word . . . Laat hulle tog weer teruggaan na hulle eie land . . ."

Hy het nooit vergeet om dit vir die Here te vra nie. Hy het dit getrou gedoen, drie maal elke dag.

En toe die ander knegte dit sien, hulle wat sy vyande was, het hulle geweet wat om te doen.

Toe het hulle 'n plan uitgedink, die slegte mense, om Daniël ongelukkig te maak! Om te sorg dat hy nie oor hulle aangestel word nie . . .

Weet julle wat hulle gedoen het?

Hulle het na die koning gegaan. Hulle het diep voor hom gebuig. Hulle het gemaak of hulle baie vriendelik is. En toe se hulle: "O koning, ons het 'n mooi plan uitgedink . . . Weet u wat u gerus kan doen? U moet vir al die mense in u land sê dat hulle vir 'n maand lank van niemand iets moet vra nie. Dat hulle ook van God niks mag vra nie. Hulle moet Hom maar vergeet vir 'n maand lank. Net van u mag hulle iets vra, omdat u ons magtige koning is."

Dit het vir die koning mooi geklink. Hy wou graag hê dat sy mense van hom moet hou.

"Ja, dit is goed," sê hy toe.

"En die een wat ongehoorsaam is, moet swaar gestraf word," sê die slegte manne toe. "Hy moet in die diep kuil gegooi word waar die leeus in is. Die leeus kan hulle maar opeet, as hulle nie vir u, o koning, gehoorsaam is nie."

"Ja, dit is goed," antwoord die koning.

En toe stuur hy sy knegte deur die hele land. Hulle moes vir almal sê dat niemand iets mag vra of bid nie, behalwe net vir die koning vir 'n hele maand lank.

Al die mense het die gehoor. Daniël het dit ook gehoor. En hy het geweet wie die slegte planne gemaak het: sy vyande het dit gedoen. Hulle wou hom laat swaarkry.

Wat moes Daniël doen?

God het gesê dat almal wat Hom liefhet, ook tot Hom

moes bid.

Maar die koning het gesê dat dit nie mag gebeur nie.

Dat Daniël God maar moet vergeet.

Vir wie moes Daniël gehoorsaam wees?

Daniël het geweet: vir God natuurlik. Hy kón nie iaat

staan om te bid nie. Hy kon God nie vergeet nie. Nie

vir 'n maand nie; ook nie vir 'n week nie; ook nie vir 'n

dag nie. Daarom het hy nog soos vantevore drie maal

op 'n dag voor sy oop venster gekniel.

Maar by daardie venster het sy vyande gestaan en

wag. En toe hulle sien dat Daniël weer gebid het, het

hulle gou na die koning gegaan. Ai, maar dié keer

was hulle bly, die slegte manne! . . .

"Koning," vra hulle toe, "het u nie gesê dat geen mens vir 'n maand lank iets mag vra behalwe vir u

nie?"

145

"Ja," antwoord die koning, "dit het ek gesê.'

"En as iemand ongehoorsaam is, moet hy in die kuil vol leeus gegooi word?" . . .

"Ja," sê die koning, "dit is so."

"Nou ja, koning," roep hulle uit, "dan moet Daniël in die leeukuil gegooi word! Hy was ongehoorsaam! Hy bid tot sy God drie maal per dag!"

Toe skrik die koning. Dis dan die rede waarom hulle hom gevra het om so 'n wet te maak.

Die slegte mense! . . . Die koning het so baie van Daniël gehou . . .

"Nie Daniël nie! " roep hy uit, "nee, nie Daniël vir die leeus nie!"

Maar die manne sê: "U het dit gesê. Nou moet u dit ook doen!"

Ja, dit was nou eenmaal so in die land: wat die koning gesê het, dit moes hy ook doen. Hy wou Daniël so graag help, maar hy kon nie! En daardie aand het hulle Daniël na die leeukuil gebring . . .

Die koning was baie hartseer. Hy het gesê: "Daniël, ek kan jou nie help nie, maar ek hoop dat God jou sal help."

Toe word Daniël in die kuil gegooi.

Dit het nag geword. Maar die koning kon nie eet nie.

Hy het bed toe gegaan, maar hy kon ook nie slaap nie.

Hy was so hartseer. Hy het die hele tyd aan Daniël gedink . . . Sou God hom miskien gehelp het?

Daardie oggend het die koning vroeg opgestaan en na buite gegaan. Met 'n kloppende hart het hy by die leeukuil gekom . . .

"Daniël," roep hy, "Daniël, het jou God jou gehelp?"

Dit het so treurig geklink in die stil more. Maar meteens kon die koning amper dans van blydskap! Want uit die diep kuil het 'n stem gekom: "Ja, koning, God het my gehelp! Hy het Sy engel gestuur om

vir my te sorg, sodat die leeus my geen kwaad kon doen nie, omdat ek geen kwaad gedoen het nie."

Die koning was so bly!

"Haal hom uit!" roep hy. "Trek Daniël gou uit die kuil! "

Toe kom die mense met 'n dik tou. Dit het hulle in die kuil laat afsak en so Daniël weer boontoe opgetrek. Daar staan hy toe weer voor die koning — lewendig en gesond. Hy het die hele nag by die hongerige leeus gebly, maar hulle het hom geen kwaad aangedoen nie .

. . Wat 'n groot wonder was dit! En hoe bly was die koning dat hy Daniël weer teruggekry het!

Maar toe dink hy aan die slegte manne wat Daniël so swaar laat kry het. Dadelik het hy sy soldate gestuur om hulle te gaan haal. En dié keer was dit hulle beurt om in die leeukuil gegooi te word.

Toe was daar nie 'n engel om vir hulle te sorg nie.

Hulle was nog skaars in die kuil, toe het die honger leeus hulle gegryp en opgeëet.

Maar Daniël het die belangrikste kneg van die koning geword, die aller-belangrikste in die hele land.

En die koning het gesê dat al die mense in daardie land die God van Daniël moes dien.



## *50. EN TOE HET DIE SALIGMAKER GEKOM*

Die Israeliete moes lank in die ver land Babel bly. Daar moes hulle vir 'n vreemde koning werk. En al het hulle nog so baie na hulle eie mooi land verlang, mag hulle nie daarheen teruggegaan het nie. Hulle was gevangenes in daardie verre, vreemde land.

Dit was hulle straf omdat hulle God vergeet het en voor beelde gekniel het . . .

Maar eindelik, eindelik was die swaar straf verby. En toe mag hulle weer teruggaan na die mooi land Kanaän.

Hulle was baie bly en dankbaar! Hulle het dadelik vertrek. Dit was 'n groot optog. En na 'n lang reis het hulle eindelik in hulle eie land aan' gekom.

Maar hulle huise was verbrand.

En die muur om die stad Jerusalem was heeltemal afgebreek. Die mooi tempel van Salomo was ook verbrand en verwoes. Daar het net 'n hoop stene oorgebly.

Maar die Israeliete het dadelik fluks aan die werk gespring. Hulle het weer nuwe huise gebou en ook 'n nuwe tempel. Ook het hulle weer 'n hoë muur rondom die stad gebou. En toe alles kant en klaar was, het almal weer lekker in hulle eie land gewoon, net soos verheen. Toe was hulle nie meer gevangenes nie. Toe was hulle weer hulle eie baas.

Maar van toe af het hulle nie weer beelde aanbid nie. Hulle wou God nie weer vergeet nie.

Hulle het nou hulle les geleer. Hulle het net God aanbid en vir Hom het hulle offers in die tempel gebring.

Hulle het ook begin te lees in die boeke van God. Daar het al die mooi stories in gestaan: van Adam en Eva en van Abraham, van Dawid en van die profete.

En weet julle wat hulle ook daarin gelees het? . . .

Dat daar eendag iets baie moois sou gebeur: iets wat God al baie lank gelede beloof het.

Aan Adam en Eva al. En aan Abraham ook weer. En ook aan Dawid. Keer op keer het God dit beloof, maar dit het toe nog nie gebeur nie ...

Weet julle wat dit was?

Dat daar eendag 'n kindjie gebore sou word wat die mense baie gelukkig sou maak. Daardie kindjie sou die Saligmaker wees.

Vir die Saligmaker het die mense al baie lank gewag. En Hy het nog steeds nie gekom nie.

Maar Hy sou verseker kom! Want God het dit Self beloof. En wat God beloof, gebeur altyd.

In die boeke van God was daar baie geskryf oor die Saligmaker. Die boeke was vol daarvan.

Weet julle waar Hy gebore sou word? ... In Betlehem waar Dawid ook gebore is. Dit het ook in die boeke gestaan.

En weet julle wat Hy later sou word? Hy sou koning word. Nie net oor die Israeliete nie, maar oor die hele wêreld !

Nog baie meer het daar oor die Saligmaker in daardie boeke gestaan. Maar wanneer Hy sou kom, dit het nie daar gestaan nie.

Die mense het gewag en gewag, maar die Saligmaker het nie gekom nie . . .

Weet julle wie wel gekom het? . . .

Die Romeine.

Hulle was vyande van die Israeliete. Hulle het kom baasspeel in die land en die Israeliete soms baie swaar laat kry.

Toe het die mense nog baie meer na die Saligmaker begin verlang. Hulle het gewens: "Ag, 147

as Hy tog maar nou gebore word. As die Saligmaker tog maar nou kan kom . . ."

En hulle het ook gebid: "Liewe Here, stuur tog gou die Saligmaker . . . Ons verlang so na Hom! Ons wil so graag weer gelukkig wees ..."

En eindelik, eindelik na baie, baie wag, het die Saligmaker gekom!

In Betlehem is Hy gebore, soos in die boeke van God geskrywe is.

En weet julle wat Sy naam was? . . .

*Jesus* was Sy naam.

Ja, ons Here Jesus was dit, Hy wat ons ook gelukkig wil maak.

Hy is ook ons Koning.

# Document Outline


- VOORWOORD VIR OUERS EN ONDERWYSERS
- Die Ou Testament
  - 1. WAAR ALLES VANDAAN KOM
  - 2. DIE EERSTE MENSE
  - 3. DIE EERSTE TWEE BROERS
  - 4. WATER OOR DIE WÊRELD
  - 5. 'N BAIE LANG PAD
  - 6. DRIE MANNE IN WIT KLERE
  - 7. VERDWAAL IN DIE WOESTYN
  - 8. VIR WIE WAS HY DIE LIEFSTE?
  - 9. DIE TWEE BROERS
  - 10. DIE WYE WÊRELD IN
  - 11. JAKOB KOM TERUG
  - 12. DIE SEUNS WAT VIR HUL VADER GEJOK HET
  - 13. 'N GOEIE MAN GAAN TRONK TOE
  - 14. 'N GOEIE MAN WORD BELOON
  - 15. DIE BROERS GAAN NA EGIPTE
  - 16. JAKOB TREK WEER
  - 17. MOSES
  - 18. MOSES WORD 'N PRINS
  - 19. MOSES WORD SKAAPWAGTER
  - 20. MOSES BY DIE SLEGTE KONING
  - 21. DWARSDEUR DIE SEE
  - 22. DEUR DIE WOESTYN
  - 23. DIE GOUE KALF
  - 24. BYNA IN DIE MOOI LAND
  - 25. OP REIS DEUR DIE WOESTYN
  - 26. MOSES GAAN NA DIE HEMEL
  - 27. RAGAB
  - 28. JÉRIGO
  - 29. GIDEON
  - 30. RUT

- 31. SAMUEL
- 32. DAWID
- 33. DAWID GAAN NA DIE KONING
- 34. DAWID EN REUS GÓLIAT
- 35. DAWID MOET VLUG
- 36. ONS MOET ONS VYANDE LIEFHE
- 37. DIE SPIES EN DIE KRUIK
- 38. DAWID WORD KONING
- 39. DIE OPSTANDIGE SEUN, ABSALOM
- 40. KONING SALOMO
- 41. ELIA EN DIE SLEGTE KONING AGAB
- 42. ELIA BY DIE VROU IN DIE VER LAND
- 43. ELIA EN DIE SLEGTE PRIESTERS
- 44. RYK EN TOG ARM
- 45. JONA
- 46. DIE GOEIE KONING HISKIA
- 47. IN DIE LAND BABEL
- 48. IN DIE VURIGE OOND
- 49. DANIËL IN DIE LEEUKUIL
- 50. EN TOE HET DIE SALIGMAKER GEKOM